Met besondere dank vir die professionele hulp en bystand deur mev. G. Godsell van die Nasionale Personeelnavorsingsinstituut m.b.t. die opstel en evaluering van die vraelyste in hierdie ondersoek; aan mnre. B. Potgieter en N. Parsons vir die opstel en beheer van die rekenaarprogram; aan A. Garlick en I. Broes vir evalueringshulp m.b.t. tot "oop" vrae; aan I. Scherlich vir die versorging en tikwerk van die manuskrip; en aan my verhandelingleier, prof. P. G. Snyman, vir rigtinggewende en opofferende toesig in besonder drukke omstandighede.

# DIE VERANTWOORDELIKHEIDSBESKOUING

# VAN JOHANNESBURGSE JOERNALISTE.

'n Prinsipieel-empiriese ondersoek

deur

HERCULES JACOBUS SCHOLTZ

Verhandeling ingedien ter vervulling van die
vereistes vir die graad M.A. (Kom.) in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die
Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O.

INHOUDSOPGAWE

A. INLEIDING p. 1

B. 'n VERANTWOORDELIKHEIDSMODEL.

1. VERANTWOORDELIKHEID p. 1

2. BEGRIPPE RONDOM VERANTWOORDELIKHEID p. 2

3. VRY OM TE KIES p. 7

4. OBJEKTIWITEIT p. 17

C. DIE VRAE.

1. VRAELYS p. 25

D. DIE RESPONSGROEP.

1. SAMESTELLING VAN DIE GROEP p. 28

E. HOUDINGSOPNAME VAN 110 JOHANNESBURGSE JOERNALISTE NOV. 1982 - MEI 1983.

1. DIE BEGRIP "VERANTWOORDELIKE JOERNALISTIEK". p. 32
   a) Betekenis vir joernaliste p. 32
   b) Ervaringvlakke en verantwoordelikheid p. 35
   c) Koerante en verantwoordelikheid p. 37

2. WAARDEBEPALING OOR KOERANTE IN JOHANNESBURG T.O.V. VERANTWOORDELIKHEID. p. 39
   a) Afrikaanse dagblaaie p. 39
   b) Engelse dagblaaie p. 40
   c) Taalverband en verantwoordelikheid p. 44
   d) Dag- en weekblaaie p. 46
   e) Taalverband en weekblaaie p. 49

3. KOLLEGAS EN VERANTWOORDELIKHEID p. 52

4. SENIOR PERSONEEL EN VERANTWOORDELIKHEID p. 56

5. KWESSIES RONDOM VERANTWOORDELIKHEID WAT STERK IN KOERANTKOLOMME IN DEBAT IS. p. 58
   a) Regering en die pers p. 58
   b) Joernalisteregister p. 60
      1. Responsgroep se reaksie p. 60
      2. Beskouings t.o.v. registrasie p. 64
      3. Beskouings en taalgroepe p. 66
      4. Beskouings en ervaringvlak p. 67
      5. Beskouings en koerante p. 69
   c) Beriggewing en nagevolge p. 71

6. DIE PERS EN LESERREAKSIE p. 73
a) Respek vir die pers p. 73
b) Die pers se invloed op openbare mening p. 75

7. DIE BESTAAN VAN ŉ DENKKLIMAAT BY KOERANTE p. 77
a) By elke koerant p. 77
b) Kollegas beïnvloed deur denkklimaat p. 79
c) Eie koerant en denkklimaat p. 84
d) Self beïnvloed deur denkklimaat p. 85
e) Denkklimaat "onlogies" p. 87
f) Verset teen denkklimaat p. 88
g) Waarom bestaan denkklimaat p. 90
1. Wie bepaal denkklimaat p. 90
2. Wie bepaal denkklimaat gemeet teen taalverband p. 93
3. Wie bepaal denkklimaat gemeet teen ervaring p. 94
4. Wie bepaal denkklimaat gemeet teen koerante p. 96
5. Wie bepaal denkklimaat gemeet teen houdingskaal p. 97
6. Wie bepaal denkklimaat gemeet teen betrekking p. 101

8. TAALGROEPE EN VERANTWOORDELIKHEID p. 104
a) Waardebepaling volgens taalverband p. 104
b) Redes vir verskille p. 105
c) Politiek p. 106
d) Taalverskille en ervaring p. 108
e) Taalverskille en koerante p. 110

9. ENGELSE PERS IS MEER VERANTWOORDELIK p. 112
a) Reaksie volgens taalgroep p. 112
b) Uiteensetting van beskouings p. 114
c) Beskouings volgens taalgroep p. 115
d) Beskouings volgens ervaringvlak p. 117
e) Beskouings volgens koerant p. 119

10. VERANTWOORDELIKHEID EN GEMEENSKAPSBETROKKENHEID p. 120
a) Opvoeding en die pers p. 120
b) Gehaltepublikasies p. 122
c) Positiewe nuus p. 123
d) Waghondfunksie p. 126
e) Belangrikste bron van inligting p. 128
f) Ook in tye van krisis en spanning p. 130
g) Vermaaklikheidsfunksie p. 132
h) Abnormale gebeure p. 134
i) Emosionele manipulasie p. 136

11. VERANTWOORDELIKE OPTREDE EN MENSEVERHOUDINGE p. 139
a) Afhanklik van koerante p. 139
b) Verantwoordelikheid en rassepolitieke konnotasies p. 140
1. In Suid-Afrikaanse konteks p. 140
2. Beskouings oor rassekonnotasies p. 142
3. Beskouings gemeet teen taalgroepe p. 144
4. Beskouings gemeet teen ervaringvlak p. 145
5. Beskouings gemeet teen koerante p. 146
c) Verantwoordelikheid en rasseverhoudinge p. 148
d) Onverantwoordelike optrede p. 152
e) Verantwoordelikheid teenoor eie groep, of alle groepe p. 154
f) 'n Sensitiewe saak p. 156
g) Landswette beperk verantwoordelikheid p. 158

12. DRIE VERANTWOORDELIKHEIDSBESKOUINGS p. 160
a) Ordeskaal p. 160
b) Houdingsmeting van drie verantwoordelikheidsbeskouings p. 161
c) Beheer net soos individu p. 164
d) Beheer strenger as individu p. 166

F. DEMOGRAFIESE ONTLEDING

1. WOONGEBIED p. 169

2. OUDERDOM p. 174

3. GESLAG p. 175

4. JARE ONDERVINDING p. 176

5. JARE ONDERVINDING IN ANDER BEROEPE p. 178

6. NASIONALITEIT p. 180

7. RAS p. 183

8. TAALGROEPE p. 184

9. HUWELIK p. 185

10. BETREKKING TANS p. 186

11. INKOMSTE p. 188

12. OPVOEDKUNDIGE VLAK p. 190

13. OPSOMMEND p. 191

G. OPSOMMING p. 192

ADDENDUM A. p. 205

Vraelyste in Afrikaans en Engels

ADDENDUM B. p. 206

Brief van die Nasionale Personeelnavorsingsinstituut

BRONVERWYSINGS p. 207

BRONNELYS p. 210

ABSTRACT p. 213

# A. INLEIDING

"Meneer, uit die Perel uit wort gesê, dat jy tog al te baiang seg net wat jy wil."
-- Uit 'n brief aan Die Afrikaanse Patriot, 15 April 1876.

Slegs die vierde uitgawe van Afrikaans se eerste koerant, en daar is klaar mense, aldus die briefskrywer aan Die Afrikaanse Patriot, wat meen die koerant tree nie verantwoordelik genoeg op nie.

Meer as honderd jaar later staan die hele Suid-Afrikaanse pers steeds oor dieselfde oortreding aangekla en word die debat oor die "verantwoordelikheid van die pers" en sy "verantwoordelike optrede" feller as ooit.

Teenoor sy vele kritici (sy lesers, die publiek, gesagsinstansies, die Regering ens.) was die pers nog altyd in staat om homself in sy koerantkolomme te verdedig.

Tog is dit opvallend dat albei partye -- pers en teenstanders -- oor "verantwoordelikheid" en "verantwoordelike optrede" vanuit 'n eng en verwarrende standpunte praat.

Hierdie ondersoek is daarom gerig om 'n verteenwoordigende mening onder Suid-Afrikaanse joernaliste self oor verantwoordelikheid en aanverwante begrippe te verkry. Vir dié doel is 'n houdingsopname onder 110 Johannesburgse joernaliste gedoen (die groep verteenwoordig 15% van die totale Johannesburgse joernalistekorps wat by koerante werk).

Weliswaar skryf redakteurs en kommentaarskrywers dikwels genoeg oor hierdie onderwerp in redaksionele kolomme, maar dit kan nie as verteenwoordigend van die menings van al hul verslaggewers en joernaliste beskou word nie. Wat die menings van mense op ander vlakke van die joernalistiek des te belangriker maak, is die feit dat kritiek teen koerante dikwels juis teen die werk van hierdie groepe (m.a.w. nie die redakteurs en senior personeel as sodanig nie) ingebring word. En dit is juis die groep wat nie geredelik toegang het tot kommentaarartikels of ander wyses om hul sienings oor verantwoordelike optrede uit te spel nie.

'n Kern-uitgangspunt van hierdie ondersoek is inderdaad dat hierdie groep bittermin aandag aan sogenaamde "verantwoordelike optrede" skenk. Dit is 'n werksgroep wat van bo af opdragte kry; dit onkrities aanvaar (hoe anders?); uitvoer in 'n gees van kompetisie -- teen ander koerante wat om dieselfde storie meeding -- en teen druk van tyd hul joernalistieke taak volvoer.

Veral oor bogenoemde redes tree die aktualiteit van 'n houdingsopname onder joernaliste op alle ervaringsvlakke oor kwessies rondom verantwoordelikheid sterk na vore: na skrywer se wete is dit nog nie in Suid-Afrika onder Suid-Afrikaanse joernaliste uitgevoer nie.

Die geleentheid het homself ook aangebied om die geldigheid van joernalistieke teorieë wat oorsee uit navorsing ontwikkel is, in Suid-Afrikaanse omstandighede te toets. Prof. E. Noelle-Neumann se bevindings in Duitsland dat "onrealistiese eenstemmigheid" onder joernaliste heers weens kollegiale, groep- en werkdruk, word in hierdie opname op die proef gestel (1). Vrae is só gestruktureer dat konsonansie onder joernaliste vasgestel kan word.

In Suid-Afrikaanse konteks sou die bestaan van konsonansie onder joernaliste miskien selfs merkwaardiger as oorsee voorkom -- belangegroepe verskil hier immers nog meer: eerstens op taalgrondslag, met twee amptelike tale in Suid-Afrika en skerp teenstellende politieke sienings wat daarmee saamgaan; tweedens op rassegrondslag wat nog groter botsende uitgangspunte omvat.

Daarom is vrae opgestel wat probeer vasstel of "verantwoordelikheid" en "verantwoordelike optrede" deur die pers bowe- of ondertone van rassepolitiek bevat en hoe sterk joernaliste oor dié aangeleenthede voel.

Bloot op taalverskille gebaseer, sou 'n mens ook kon verwag dat die begrip "verantwoordelike optrede" tussen veral die Engelssprekende en Afrikaanssprekende joernaliste konflik sou oplewer.

Die ondersoek gaan ook in op die vraag of verantwoordelikheid by die pers gesien moet word in samehang met 'n belangrike funksie van die pers en een waarop besonder skerp kritiek deur teenstanders van die pers gelewer word, nl. klimaatskepping. Joernaliste se eie houdings teenoor klimaatskepping, wie hulle sien as bepalers of medebepalers hiervan en of hulle self daaraan meedoen of onderworpe is, word nagevors.

Die vlak van selftevredenheid onder die joernalistekorps oor hul eie werk en die koerante waarvoor hulle werk, vorm ook deel van die houdingsopname. Omdat dit spesifiek op die begrip verantwoordelikheid toegespits is, sal die ondersoek uitlig hoe joernaliste hul kollegas, ander koerante en hul eie koerante takseer.

## B. ŉ VERANTWOORDELIKHEIDSMODEL

## 1. Verantwoordelikheid

Volgens die "Verklarende Afrikaanse Woordeboek" van Kritzinger et al (2) word verantwoordelikheidsgevoel omskryf as die "gevoel dat iemand verantwoordelik is vir 'n bepaalde opdrag of werk wat hy na die beste van sy vermoë moet uitvoer." In die "HAT" word verantwoordelikheid beskryf as die "verpligting om rekenskap te gee" (3). Die "Shorter Oxford English Dictionary" definieer responsibility ook as "the state or fact of being responsible, a charge trust, or duty, for which one is responsible". Hy noem dit ook "morally accountable for one's actions" (4).

Hierdie Woordeboek-verklarings deel elkeen die uitgangspunt dat verantwoordelikheid dus 'n dure, persoonlike las op die rekening van die enkeling plaas wat 'n daad verrig. Enige daad/optrede/handeling, word by die implisiete bedoeling van die Woordeboekmakers ingereken.

Om die streep tot joernaliste deur te trek: verantwoordelike optrede is dus "ingebou" in sy werk, in elke opdrag wat hy uitvoer en elke berig wat hy skryf. Geen joernalis kan sy verantwoordelikheid van hom afskuif deur te sê hy "werk in opdrag" nie, of dat hy bloot "doen wat hy gesê word" nie, of dat hy "slegs die feite hoef te stel -- ander moet maar oordeel".

Weliswaar het hy 'n verantwoordelikheid teenoor sy werkgewer en opdraggewer aan wie hy pligsgetrouheid en gehoorsaamheid verskuldig is, maar ewe ingrypend is sy verantwoordelikheid teenoor sy lesers en die persone van wie en oor wie berig word.

"Wat 'n mens sê, moet klop met hoe hy dit sê, en met die feit dat hy dit sê... Getrouheid aan hierdie innerlike ooreenstemming is die gulde reël vir filosofiese sowel as vir literêre waarheid en integriteit." (5)

Waar verantwoordelikheid ter sprake kom, moet terselfdertyd van rekenskap, aanspreeklikheid en verpligting gepraat word.

Tot dusver is verantwoordelikheid slegs in kosmiese verband, d.w.s. in gemeenskaplike verhoudinge, genoem. Boweal staan egter die verantwoordelikheid wat elke joernalis (ook die nie-gelowige, want God se wetsorde geld ook vir hom) teenoor, of liewers, aan, God as Oppergesaghebber en Soewerein verskuldig is.

Geoordeel alleen op die joernalis se verantwoordelikheid vir sy lesers, die persone oor wie gerapporteer word, of die segsmanne wat aangehaal word, en sy verantwoordelikheid aan sy redaksionele meerderes, en vernaamlik aan God, is dit duidelik dat hierdie ingrypende verpligting nooit bloot "objektiwiteit" of "objektiewe beriggewing" kan wees nie. Een van die aspekte van verantwoordelike optrede deur joernaliste sluit wel objektiwiteit of die strewe daarna in, maar dit kan nooit plaasvervangend vir verantwoordelikheid wees nie, soos later duidelik aangetoon sal word.

## 2. Begrippe Rondom Verantwoordelikheid.

Voordat 'n ondersoek na die verantwoordelikheidsbeskouing van joernaliste sinryk gedoen kan word, sou 'n eie bestekopname van begrippe betreffende verantwoordelikheid, soos pligsbesef,

waarheid, vryheid, menslike vryheid, behorenseise en die gesagsprobleem van verantwoordelikheid van nut wees. Wat volg, is 'n poging om 'n model vir die begrip verantwoordelikheid (spesifiek van toepassing op joernaliste) op te stel.

Etimologies beskou, beteken verantwoordelikheid deur die mens dat die mens antwoord op iets wat van hom verwag word, m.a.w. dat hy rekenskap gee, aanspreeklik gehou kan word en verpligtinge moet nakom. Teaal beskou, behoort die verantwoordelike joernalis aan die omvattende religieuse roepingsnorm getoets te word. Hierdie roepingsnorm kan ook anders gestel word as roepingsvervulling deur die mens, die mens se antwoord op die eis dat hy God moet dien en verheerlik in "alles wat (hy) doen en laat" (8). Roepingsvervulling is die mens se antwoord op die geopenbaarde teale verhouding, die menslike antwoord op God wat roep (9).

Kosmies gesien, wil hierdie verantwoordelikheidsmodel die verantwoordelikheid van die joernalis-as-mens-met-roeping in die orde van die skepping en van die sondeval (Calvyn se onderskeiding) vasstel. In hierdie verband sal die kiesmoontlikheid en die kiesvryheid van die mens (as 'n geskenk van God) uitgelig en getoets word teen die joernalis se taak-(of roepings-) vervullende bedrywigheid.

Maar teale en kosmiese verbande staan nie los van mekaar nie. Die een veronderstel die ander, en die een gaan op in die ander. Die mens (en dus die joernalis) binne die kosmos en die kosmos as 'n geheel saam met alle onderlinge verbande staan in verhouding tot God, behoort aan God (10). Hierdie verhouding tot God noem

H. G. Stoker die teale verhouding. Selfs die nie-Calvinis en die nie-Christen staan in 'n teale verhouding tot God, want al ontken hy die bestaan van so 'n verhouding, bly hy as idioargiese en kosmies-kreatuurlike geskapene aan God verantwoordelik (11).

As skepping van God is die ganse kosmos en alle geskapenes aan 'n Goddelike wetsorde onderworpe. Hierdie wetsorde "vorm 'n samehang van die verskeidenheid van wette in die kosmos in ooreenstemming met die aard van die kosmiese verskeidenheid en die samehang daarvan. Binne die kosmos hang alles met alles saam." (12).

Omdat die wetsorde tot die kosmos behoort, is dit dus kreatuurlik van aard en word volgens Stoker se onderskeiding in natuurwette en 'n deontiese orde (anders gestel as normatiewe orde) ingedeel. Natuurwette is vir die hele Skepping van krag, die ganse Skepping is daaraan onderworpe. Hierdie onderworpenheid aan die natuurwette laat geen keuse toe nie -- hulle is dinamiese bepalings met 'n dwingende karakter (13).

Daarteenoor laat die deontiese orde 'n keuse toe (Deonties= uit die Grieks tó déon vir dit wat ek behoort te doen). Hier kan die mens besluit of hy dit wil gehoorsaam of nie. Die joernalis met sy moontlikheid om te gehoorsaam of nie, is verantwoordelik vir sy keuse. As hy die deontiese orde oortree, sê hy nie daarmee die normatiewe behore op nie (want dit staan vas, met eise wat op gehoorsaming dring (14)) en kan hy aanspreeklik gehou word vir sy keuse -- m.a.w. hy kom nie sy verantwoordelikheid na nie.

Alles wat die mens doen, is aan die deontiese orde verbind. Hy

beskik oor handelingsmag t.o.v. die normatiewe behore en is as handelende wese toerekenbaar en verantwoordelik vir sy optredes en keuses. Daarteenoor is diere nie aan die deontiese orde verbind nie, omdat hulle nie oor handelingsmag beskik nie, slegs aktiwiteitsmag.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die deontiese orde en die natuurwette 'n dinamiese samehang het. "Hulle behoort almal tot een wetsorde wat God vir die wêreld gestel het en waarvolgens Hy die wêreld regeer en bestier." (15).

Die mens handel. Die voorwaarde hiervoor is dat hy kan kies. Stoker sê die belangrikste voorwaarde vir menslike vryheid is dat die mens kan kies (16). Daarom gee hy rekenskap, is hy toerekenbaar op grond van die feit dat hy kies. Hiermee hang die begrip verantwoordelikheid ten nouste saam. Oral waar hy die vrye handelende mens kry, sien hy die mens as beeld van God, sê Stoker. Daar wandel hy met God (17).

Merrill en Lowenstein sê in hul werk "Media, Messages and Men" dat die vryheid van die mens die sluitsteen vir alle etiese stelsels is. Die mens is vry om te kies, om self sy etiese standpunt te bepaal. "Man is truly free to accept (or devise) for himself his ethical position" (18).

Maar wat die skrywers as vryheid beskryf, is inderdaad nog slegs kiesvryheid. Om te kan kies, bied nog net oop moontlikhede, maar die mens kan verkeerd kies -- en dan is hy nie vry nie. Alleen as hy kies soos hy behoort te kies, kom sy vryheid in sig. Ook hul standpunt dat die mens kan besluit om geen "etiese standpunt" in

te neem nie, moet afgewys word (19). Geen mens kan ooit besluit om geen etiese standpunt in te neem nie. Wat hy ook al doen, daar is altyd 'n etiese faset daaraan verbonde.

Verantwoordelikheid kan egter nie net bloot eties gesien word nie. Die modale norme van logika, linguïstiek, estetika, ekonomie, juridiese, sedelike en godsdienstige geld ook nog altyd vir die verantwoordelike optrede van die joernalis (20).

Merrill en Lowenstein se standpunt dat die mens wat besluit om geen etiese standpunt in te neem nie, "immoreel", of "amoreel" is (21) omdat hy dan volgens hulle Immanuel Kant se begrippe van selfopgelegde, self-wetsbepalende gedragsreëls oortree, plaas die mens aan die kern van die verantwoordelikheids- en vryheidseis (Kant -- die mens is vry slegs deur reëls vir homself op te stel) (22).

Maar die mens is nie enkel en alleen normsteller nie. God is die Soewereine normsteller, wat ontiese norme stel. Daarop volg die menslik gepositiveerde norme (23). Hier is sprake van gehoorsaamheid aan 'n normsteller, wat God of die mens kan wees, en dus van 'n gesagsverhouding.

Om sy volle menslike vryheid te bereik, staan die mens -- in casu ook die verantwoordelikheidsoekende joernalis -- steeds voor die keuse om sy gesaghebber (mens of God) te gehoorsaam of nie. Die mens beskik oor instellingsmoontlikhede op toerekenbare en verantwoordelike wyse en hy gebruik dit deur gesag te aanvaar of te verwerp. Verwerp die joernalis die gesag van God, dan oortree hy die deonties-bepaalde wetsorde, en staan hy deur God self

veroordeel. Verwerp hy menslike gesag, bly dit deonties-bepaald volgens sy instellingsmoontlikhede, want dit kan regmatig, of onregmatig geskied. "Gesagsordes behoort nie in stryd te wees met die ontiese deontiese orde nie. Gesagordes is ook deonties bepaald," soos deur Snyman uitgewys (24).

## 3. VRY OM TE KIES

Voorwaardes vir menslike vryheid is 'n moontlikheid van keuse (op grond waarvan dit toerekenbaar is), en 'n onderworpenheid aan en die gehoorsaming van normatiewe en kontingente behorenseise (op grond waarvan menslike vryheid verantwoordelik is). Die mens maak sy vryheid 'n werklikheid deur die keuses wat hy doen en deur sy optredes. Totale menslike vryheid is toerekenbare en verantwoordelike, Godverheerlikende roepingsvervulling. Dit is die verwerkliking van die lotsbestemming van mens èn wêreld (of kosmos).

Stoker maak die onderskeiding van vier tipes hele menslike vryheid; bestaande uit:

1. Heerskappy -- die mens se verhouding tot die kosmos as koninklike heerskappy oor plante, diere, mense, stof.
2. Kreatiwiteit -- die aanleg en talente waaroor die mens beskik om hom tot kultuurskeppende vryheid te lei.
3. Sorg -- die sorgtake van die mens in ontiese belangeverhouding met die kosmos, in die mens se verhouding met sy medemens.
4. Godsdiens -- godsdiensbeoefening en ook omvattende religieuse diens in die mens se volle wandel (25).

Tesame vorm die vier tipes menslike vryheid religie, d.w.s. die omvattende roepingsvervulling van die mens. Die joernalis wat verantwoordelik wil optree, word deur die aansprake van al vier tipes menslike vryheid geraak. Om as vrye handelende mens op te tree en sy roeping te vervul, behoort hy gehoorsamend betreffende hierdie eise te handel.

> Maar let nou op die eerbare mens,
> kyk na die opregte:
> vir die man van integriteit is daar 'n toekoms Ps. 37:37

Kiesvryheid word voorafgegaan deur kiesmoontlikheid (26). Hiermee saam tree toerekenbaarheid in. Omdat almal -- ook die joernalis -- kan kies, is almal toerekenbaar vir hul keuse. Die mens word tot verantwoording geroep op grond van die betrokke behorenseis waaraan hy behoort te voldoen. Hy behoort te kies soos wat daar van hom geëis word, d.w.s. volgens die behore. Stoker sê hierin lê die ware grondslag vir menslike vryheid (27).

Die besinning oor sy taak begin vir die joernalis deur die behorenseise in ag te neem, deur te kies volgens die behore. Só word sy kiesmoontlikheid dan reg uitgevoer.

Nou is daar ook norme wat vir die samelewing geld, eise waaraan alle mense te alle tye moet beantwoord. En kontingente hier-en-nou eise wat net vir 'n bepaalde situasie geld, uniek, onherhaalbaar. Veral vir die joernalis, wat in sy dagtaak gedurig voor sodanige kontingente gebeurtenisse en dus ook kontingente eise te staan kom.

In "Media, Messages and Men" (28) word die normatiewe benadering vir die joernalis as "taking the middle way" beskryf. Volgens die skrywers beteken dit 'n kombinasie van deontologie en teleologie. In hulle terme beskryf: deontologies insoverre die joernalis hom gebind voel, of verplig voel om sekere basiese beginsels te eerbieding. Teleologies insoverre hy aan die nagevolge van sy dade moet dink en dus aan sy beginsels moet verander as hy glo dat hy daardeur 'n hoër etiese daad kan verrig.

Maar in kritiek teen hierdie formulering moet gestel word dat die deontiek ook geld in die doel wat voorop gestel word. Daarom is dit verkeerd om deontologie en teleologie van mekaar te skei. Daar is 'n noue samehang. Andersins eis die behore ook, afgesien van hoe die joernalis voel. Dit gebeur alte dikwels dat die behorenseis en die mate waartoe die joernalis hom daartoe gebind voel uiteen val.

Om 'n voorbeeld uit "Media, Messages and Men" oor te neem: die verslaggewer wat 'n basiese beginsel het om altyd sy bronne te vermeld, sal dit dalk by hoë uitsondering weglaat om sy bron te beskerm as hy meen die saak regverdig dit. Die behorenseis, of basiese beginsel vir die joernalis, nl. om so ver moontlik sy bronne te vermeld by die skryf van 'n berig, geld steeds. Tog hou die situasie ook 'n kontingente, hier-en-nou-eis in. Die bron se lewe kan bv. in gevaar gestel word as dit gemeld word, en voor hierdie eenmalige, onherhaalbare, onvoorspelbare en unieke situasie word die joernalis voor nuwe eise gestel. Hy kies op grond van hoër normatiewe bepalings -- o.m. van sorgende liefde jeens sy medemens.

"Die erkenning van hierdie soort norme sluit nie die gelding van die algemene norme uit nie, maar staan onder die lig en leiding van die algemene norme, want die insidentele of gebeurlike vereis vanweë die eenmaligheid, onherhaalbaarheid en die uniekheid daarvan norme wat benewens die algemene, spesifiek daarvoor geld, omdat die algemene nie 'n spesifieke behore vir elke geval aandui nie." (29)

"Media, Messages and Men" se "middle way" gee dus aan die joernalis net gedeeltelik nuttige voorskrifte vir optrede. Want hy maak nie die onderskeiding tussen algemene en kontingente norme nie en skep inderdaad die indruk dat ter wille van die "hoër etiek" alle norme moet wyk. Dit is tog nie so nie, omdat die eis, die appèl, altyd bly staan. In 'n gebroke werklikheid staan die keuse nie meer net tussen goed en kwaad, of goed en selfs beter nie, maar ook tussen sleg en minder sleg. Onder lg. tipering val die beginselkwessie of 'n joernalis altyd sy bron moet vermeld by die skryf van 'n berig, aldan nie.

Die mens is toerekenbaar.

Hy behoort te kies as hy vry wil wees.

'Jy is tot keuse gedoem' -- Camus.

Die mens is geskape met moontlikhede. Moontlikhede <u>vir</u> (ystererts kan omvorm word tot gebruiksgoedere, soos vulpenne). Moontlikhede <u>van</u> (dit is die mens se eie moontlikhede). 'n Mens kan kies tussen moontlikhede in die wêreld (maar nou weet ons die werklikheid is gebroke en onvolmaak). Dit sluit nog nie die

moontlikheid van kies uit nie, want nou kan die mens juis kies tussen goed en sleg en selfs sleg en baie sleg -- hy oefen sy keusevryheid reg uit as hy die <u>beste</u> kies.

Maar kiesvryheid is nog nie volle vryheid nie. Eers as die <u>verantwoordelikheidseis</u> nagekom word, is dit volle menslike vryheid ([redacted]). Sonder die normatiewe onderworpenheid is daar geen vryheid nie, maar slegs die toerekenbaarheid op grond van sy kiesmoontlikheid ([redacted]).

Die feit dat die joernalis sy kiesmoontlikheid uitoefen (en selfs 'reg' kies) maak hom egter nog geen verantwoordelike joernalis nie. Daarvoor moet hy saam met die uitoefening van sy kiesmoontlikheid, ook aan die behorenseise voldoen (32).

Die voorwaarde van behorenseise is ook meteens die onderskeid tussen goed en kwaad. Omdat hy 'n kiesmoontlikheid het, kan die mens aan die behorenseise voldoen (goed wees en handel) of hulle verbreek, oortree (sleg wees en handel). <u>Hierdeur word menslike verantwoordelikheid moontlik</u>. Stoker sê die mens se kiesmoontlikheid maak hom toerekenbaar. "Maar met sy kiesmoontlikheid en onderworpenheid aan behorenseise tesame is die mens verantwoordelik" (33).

Met die erkenning dat menslike vryheid, kiesmoontlikheid in vertikale verband, eweseer op die joernalis van toepassing is (as onselfgenoegsame in 'n onselfgenoegsame wêreld (in Stoker se gevleuelde woorde (34)), wat onrustig voortgedryf word om met sy 'ken' en 'doen' rus te soek in die beantwoording van die onselfgenoegsaamheidsvraag) wil ons nogtans volstaan met dié beskrywing van Stoker:

"Menslike vryheid as roepingsvervulling op aarde is 'n God dienende onselfgenoegsame heerskappy, 'n beeld van die absolute en algenoegsame vrymag van die Heer van die here, die vryheid van 'n koningskind" (35).

Stoker wys ondubbelsinnig op die outarke en outoquaeriese dwalings van die eksistensialiste -- vir hul siening van die mens as oorspronklik vraer, wys hy op die mens as oorspronklik antwoorder. Deur verantwoording 'antwoord' die mens behoorlik op sy behorenseise, omdat hy "kragtens sy kiesmoontlikheid reg of verkeerd kan antwoord" (36).

Deur die mens as oorspronklik antwoorder te sien, wys Stoker op die teale (of soos hy dit vroeër genoem het, vertikale) verband tussen God en mens. "Al dergelike aansprake vanuit die kosmos tot die mens (vrae) is (vertikaal gesien), roepstemme (roep-ing) waarmee God die mens tot roepingsvervulling (antwoord) roep" (37). Dit herlei Stoker terug tot die menslike gewete. Alte seker sal die eis tot verantwoording, wat tot elke mens persoonlik, hom trefseker, onuitwykbaar en onoordraagbaar aanspreek, ook die joernalis met sy joernalistieke taak aanspreek.

In hierdie verband tref Snyman 'n belangrike onderskeid tussen die toerekenbaarheid wat van die joernalis vereis kan word in terme van sy dagtaak, vir dit wat hy bv. meedeel. Verantwoordelikheid, daarenteen, is iets wat die joernalis verskuldig is aan 'n hoër of gesagsinstansie.

As mens is die joernalis in sy verhouding tot God aan God verantwoording verskuldig. Dit betref uiteindelik alles wat hy doen

of laat, m.b.t. wat Stoker noem die mens se teale verhouding tot God. Maar ook in sy kosmiese verhouding volgens die skeppingsnorme en die behorenseise (algemeen-geldend en kontingent) is die joernalis verantwoording verskuldig aan menslike gesaghebbers - sy werkgewers en seniors in die redaksie. As lid van 'n bepaalde sosiale kring (as joernalis) is hy verantwoording aan die betrokke gesaghebbers verskuldig.

In bg. verband kan 'n mens praat van verantwoording aan -- aan God, en aan 'n menslike gesaghebber.

~~Daarby kom ook verantwoordelikheid~~ vir. Die joernalis is verantwoordelik vir sy lesers, teenoor wie hy verantwoordelik moet optree; hy is verantwoordelik vir die segspersone oor wie en van wie hy skryf; en die derde partye oor wie gerapporteer word. Die joernalis is egter geen verantwoording verskuldig aan sy lesers nie, want hulle staan in geen gesagsverhouding tot hom nie.

"Sy roepingsvervulling, m.a.w. sy vryheid, veronderstel dus die moontlikheid van keuse volgens die moontlikhede VAN en VIR hom en die onderworpenheid aan norme en gesag, dus sy verantwoordelikheid" (38).

Ten slotte is menslike verantwoording vir Stoker die "vryheidsdaad (waarmee die mens) sy onselfgenoegsaamheid en radikale onderworpenheid aan die Algenoegsame, (aan God) en aan Sy oordeel bely" (39).

Het lief, en doen dan wat jy wil.
Ama et fac quod vis. (Laat jou vryheid geld) Augustinus (41).

Die joernalis wat sy werk "verantwoordelik" verrig, is besig met roepingsvervulling. Soos met alle menslike handeling, sluit dit heerskappy, skepping, sorg en diens van God in -- tesame bekend volgens Stoker se onderskeiding as <u>religie</u>.

Op grond van die kiesmoontlikheid wat die joernalis het, is hy ook toerekenbaar -- hy kan rekenskap gee vir sy keuses (tensy sy toerekenbaarheid belemmer word: 'n kranksinnige, 'n verslaafde, 'n geestelik versteurde, iemand wat onder dwang handel). Toerekenbaarheid is 'n voorwaarde vir verantwoordelikheid en waar toerekenbaarheid nie belemmer word nie, kan die joernalis tot verantwoording geroep word - deur die betrokke gesaghebbers (God, of mens).

Die joernalis wat sy werk verantwoordelik verrig, tree as vrye handelende mens op en verwerf daarmee sy volle menslike vryheid -- want hy onderwerp hom ook ten volle aan sy teale en kosmiese gesagsverhoudinge. So 'n joernalis se joernalistieke werk <u>moet</u> dus opheffend, leersaam, stigtend, inligtend, uitbreidend, prikkelend, boeiend, onderwysend, dienend, prakties ~~en~~ funksioneel ~~wees~~. en eties krities wees

Dit hoef seker nie altyd aangenaam te wees nie. 'n Mens sou dus kon beaam dat die joernalistieke taak om die gebroke werklikheid te weergee, ook stigtend, leersaam, opheffend en dies meer sy kan wees. 'n Mens sou selfs kon beaam dat dié soort joernalistiek 'n spieëlbeeld van die werklikheid moet en kan wees. Ook dat die spieël nie vir die beeld wat hy weerspieël die blaam moet dra nie.

Maar dan kan die spieël dus nie neutraal bly teenoor dit wat hy weerspieël nie. Verantwoordelik is hy nie as hy bloot agteroor sit en sê: Mense, hiermee sit ons nou. Kan ek help as die werklikheid

so lyk?

Die verantwoordelike joernalis se taak is ingrypend (verwys vroeër). Hy moet dus sy liefdevolle, sorgende, opheffende, ens., ordening op die gegewe toepas. M.a.w. kyk wáár hy sekere soort materiaal plaas -- en op watter tyd. Met die nodige korrektiewe teenhanger balanseer. Die alternatiewe uitwys -- daar is baie maniere. Die verantwoordelike joernalis sal sy materiaal -- van watter aard ook al -- meet teen die deontiese wetsorde, insluitende die kontingente behorenseise. Hoe hy daarna te werk gaan, sal volkome in ooreenstemming met die etiese, linguïstieke, sedelike, religieuse, ekonomiese, politieke norme moet wees.

Maar hy kan nie net volgens die modale norme handel nie. Hy moet ook die taaknorme gehoorsaam -- soos wat die funksie van die pers, die joernalis en sy funksie om inligting te verskaf, is.

Daarna moet hy die struktuurnorme gehoorsaam. Die pers en die joernalis sal moet besin oor waar private terrein is en waar nie en waar hy dus oortree. Hy sal moet besin of hy isolasie skep tussen mense en instansies, of hy die soewereiniteit van elke samelewingskring in ag neem.

Verantwoordelike joernalistiek is per slot van sake ook rentmeesterskap (41) soos Snyman dit so treffend stel t.o.v. die propagandis. Dit behels dat die joernalis in al sy doen en late die deontiese behore nakom waar pligte, deugde, motiewe, intensies, of die gevolge van sy werk ter sprake is, ook waar die natuurwetmatigheid van die kosmos tot hom spreek op alle lewensterreine en ter bestryding van die kwaad oral waar hy dit in 'n gebroke wêreld mag teëkom.

Vir die joernalis is een van die belangrikste aspekte van sy eties-deontiese verpligting die waarheidsplig wat hy teenoor sy lesers en werkgewers moet nakom. Liefde vir die waarheid sluit ook in liefde vir die ontvangers van sy boodskap.

Daar is veral drie teorieë i.v.m. die waarheid: die korrespondensie-teorie omskryf dit in terme van die verhouding waarin die oordeel staan tot die gekende; die koherensie-teorie in terme van die verhouding waarin die oordeel staan tot ander oordele; en die pragmatiese teorie benader die waarheidsbegrip deur die verhouding waarin die oordeel staan tot die praktiese bedoelinge van die persoon wat die oordeel vel.

Al hierdie tipes waarheid hang egter op 'n besondere wyse saam in die kernvereiste dat alles na beantwoording herlei moet word (42). Hier vind ons meteens die aansluiting met verantwoordelikheid (die mens as oorspronklik antwoorder, volgens Stoker).

Vir die joernalis is die deontiese oordra van die kenwaarheid (beantwoording van die kennis aan die kenbare, sê Stoker) in al sy doen en late 'n kernvereiste van sy verantwoordelikheidsverpligting.

> Nuttig hier is die insig van Confucius toe hy gesê het: dit is die mens wat die waarheid tot grootheid verhef, nie die waarheid die mens nie (43).

## 4. OBJEKTIWITEIT

Dat objektiwiteit 'n belangrike maatstaf vir verantwoordelike joernalistiek is, val nie te betwyfel nie. 'n Mens hoef maar net enige debat oor joernalistiek te volg en die woord sal herhaaldelik opduik. In die "Gedragskode van die Suid- Afrikaanse Persraad" word die woord reeds in die eerste paragraaf genoem: "... is alle koerante verplig om alle nuus getrou, korrek en objektief te rapporteer."

En verder aan: "hulle sover doenlik toesien dat eerlikheid, objektiwiteit, redelikheid, verantwoordelikheid en justheid in beriggewing in nuusblaaie bevorder word" (44).

Kritici voer egter in die jongste jare aan dat "objektiwiteit" as maatstaf te vaag en te onvoldoende is en goeie joernalistiek verwater. Dit word 'n "ritueel" of 'n "strategie" waaragter joernaliste skuil, en die waarheid word op die ou end nie bevorder nie, is die aanklag (45).

Die geskiedenis van "objektiwiteit" as belangrike maatstaf vir hoogstaande joernalistiek is betreklik jonk: dit het ontstaan in teenreaksie teen die ongeëwenaarde "tjekboekjoernalistiek" van die einde van die vorige eeu (46). In die vroeë jare van die twintigste eeu het die pers hom beywer om sy professionele beeld te herstel en daaruit het objektiwiteit as een van die vernaamste maatstawe ontstaan.

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het kritici van die pers dit teen oordrewe objektiwiteit gehad -- dit het gelei tot 'n doodse joernalistiek, selftevrede en gemeenplasig (47).

Vandag is 'n nuwe beweging aan die opbloei -- dié van betrokke joernalistiek. Volgens hierdie uitgangspunt is die enigste "eerlike" joernalistiek die soort skrywe wat déúr betrokkenes vír betrokkenes geskryf word. Dit word gemotiveer vanuit die standpunt dat joernalistiek deel is van wat ook al die stryd wat gevoer word. In 'n Suid-Afrikaanse konteks is die standpunt van mnr. Joe Latakgomo, redakteur van The Sowetan, dus heel begryplik: "What, for example, is 'advocacy journalism'? My view is that it is relative. If you are black, you are bound to see the situation -- political or otherwise -- from a black point of view..." Volgens mnr. Latakgomo verkry dié soort joernalistiek onder swart skrywers juis sy stukrag omdat "the Afrikaans Press and the radio and television service are as good an example as any of 'advocacy journalism'" (48).

Mnr. Latakgomo se siening van swart betrokke joernalistiek as teenvoeter vir wit betrokke joernalistiek word gestaaf deur mnr. Ton Vosloo, aangewese voorsitter van die Nasionale Pers en voormalige redakteur van die Transvaalse dagblad Beeld. In 'n toespraak wat hy op 27 Oktober 1980 oor die rol van die media in Afrika en die buitelandse media in die vorming van die selfbeelde van die verskillende lande en van mekaar gelewer het, het hy die volgende aanhaling van mnr. Zwelakhe Sisulu, toe voorsitter van WASA (Writer's Association of SA) gebruik:

"It has been said that there are no politics of neutrality in this country and conversely there cannot be a journalism of neutrality."

Hierop het mnr. Vosloo, volgens die teks van sy toespraak, gesê: "What Sisulu now says, Die Burger wrote 65 years ago. Both

parties saw or sees the press as an instrument in pursuance of a goal -- they had or have no respect for classic press freedom (49)."

Suiwere objektiwiteit lewer wel vir verantwoordelike joernaliste probleme op, aldus mnr. James McClurg, ombudsman van die Rand Daily Mail : "I have deliberately not used the word 'objective'. We are all captives of our backgrounds, predilections and beliefs; to pretend otherwise is self-deceit" (50).

Is objektiwiteit dan 'n mite, word dikwels gevra. Geen verslaggewer kan tog die volle waarheid van enige verhaal ken nie, of 'n weergawe van die volle verhaal skryf wat presies met daardie werklikheid ooreenstem nie. 'n Landkaart van 'n bepaalde gebied kan tog nooit dieselfde as die gebied self wees nie, lui die argument (51).

Ware objektiewe beriggewing kan moontlik beskryf word as beriggewing waarin alle moontlike feite as 't ware deur die verslaggewer opgeneem word en sonder enige persoonlike betrokkenheid, weer neutraal uitgedruk word. Kritici van hierdie standpunt wys daarop dat die verslaggewer wat die nuus opneem, nog steeds méns bly -- met foute en gebreke en al. Objektiwiteit is dus 'n mite.

Daarby kom nog die vele aannames wat t.o.v. hierdie "objektiewe" verslaggewer gemaak moet word. Hy moet volkome onbevange kan staan om objektief te kan wees, en dit kán tog nie -- hy staan in diens van 'n organisasie waaraan hy gehoorsaamheid skuldig is; sy hele kondisionering en agtergrond (vgl. McClurg) maak dit onmoontlik vir die verslaggewer om objektief te wees.

Afsydig kan die verslaggewer ook nie wees nie. Om slegs die feite in die hande te kry, maak van die verslaggewer reeds 'n betrokkene, hy moet ook standpunt inneem, al is dit dan ook net wie die interessantste of belangrikste stellinge aan hom maak. Onbevooroordeelheid val ook hier op as deel van die bespreking. Ewe min as wat die joernalis sy eie mening uit sy storie kan hou -- want hoe maak hy 'n besluit om iemand in te sluit of uit te laat sonder om eers sy eie mening te berde te bring? -- kan hy sy vooroordeel voldoende in toom hou sodat dit geen invloed op die storie uitoefen nie.

Daarenteen is daar die "objektivistiese benadering". Volgens hierdie houding is objektiwiteit per se miskien nie volkome bereikbaar nie, maar dit is al genoeg as die volle strewe van die joernalis daarop gerig is om so objektief moontlik te wees. Pragmatiste sê die kernvraag hier is wat is die houding van die verslaggewer teenoor die storie? As sy houding korrek neutraal en gebalanseerd is, dan voer hy 'n bewuste poging uit om objektiwiteit na te strewe. Die man wat so 'n poging aanwend, is op die lange duur meer geloofwaardig en meer verantwoordelik as die man wat geen spesiale poging in dié verband aanwend nie (52).

Anders gestel: solank die verslaggewer die hoër normatiewe beginsel van bv. verantwoordelikheid nastreef, en hy gee gehoor aan die kontingente eise wat die strewe na objektiwiteit aan hom stel, doen hy sy plig volgens die kiesakte korrek. Die nuusman, daardie "man of action" (53), kan dus in die hier-en-nou -eise die antwoord vind op sy dilemma: hoe om onder druk van tyd die korrekte objektiewe besluite t.o.v. nuuswaardigheid te neem (54).

M.i. is die fundamentele wanopvatting van skrywers oor

"objektiwiteit" dat hulle die kiesakte van die mens nie in dié verband in die regte lig sien nie. Objektiwiteit word tot ewigdurende, onvervangbare beginsel verhef en die ewe geldige kontingente eise wat daaraan gestel word, word geïgnoreer. Vandaar die hedendaagse beweging na "betrokke joernalistiek".

As die eise van die kiesakte volgens kontingente norme aan "objektiwiteit" gestel word, behoort joernaliste geen probleme met hierdie waardevolle maatstaf te ondervind nie.

> The ancient custom of deception;
> A Press that seldom stoops to lies
> - Merely suppresses truth and
> twists it,
> Blandly corrupt and slyly wise
> (55).

Daar is ook 'n gangbare standpunt dat verantwoordelikheid nie voor die deur van bv. koerante gelê kan word nie. Die koerant is volgens hierdie argument bloot 'n "voertuig", 'n kanaal. De Volder wys dan ook op die onhoudbaarheid van so 'n standpunt. Geen koerant kan sê hy is bloot 'n "kanaal" nie. Deur die normale siftingsprosesse, versameling en samevatting word menings deur die koerant vervorm en ander beklemtoninge gegee.

Wilbur Schramm beweer dat hierdie verantwoordelikheid inderdaad nie net vir die media ten laste gelê kan word nie. Verantwoordelikheid, sê hy, is uiteindelik 'n plig waarin almal deel (56) -- en hy sonder drie hoofgroepe uit: die media, die regering en die lesers- of kykerspubliek. Waarna ons soek, sê hy verder, is 'n gesonde balans van verantwoordelikheid tussen dié groepe.

Dit is vir hom duidelik dat die media die meeste verantwoordelikheid dra en moet dra. Doen hulle dit nie, dan worstel ons vergeefs met ons kommunikasieprobleem, want dan is die hele probleem "out of bounds". En te meer nog, dit rig 'n uitnodiging aan die regering om in te gryp en self beheer uit te voer. Naas die media, voer Schramm aan, lê die verantwoordelikheid vierkantig voor die deur van die publiek, want hoewel die media die sentrale verantwoordelikheid moet aanvaar en die werk gedaan kry, sien Schramm die publiek as "prime movers in the communication dynamic" (57).

Volgens sy siening is die publiek nie sommer willose skape nie. Hulle moet hul verantwoordelikhied opneem om die soort kommunikasie te verkry wat hulle self wil hê. "The audience calls the tune", sê hy.

Daarom is die belangrikste voorvereiste om verantwoordelike media te verkry, die nodige belangstelling en oplettendheid van die kant van die leserspubliek en kykers of toehoorders. Terugvoering na die media is ewe noodsaaklik. Die publiek moet sy stem dik maak en sy standpunte aan die koerante bekend maak -- deur briewe aan die redakteur te skryf, deur drukgroepe te vorm -- ten goede of ten kwade -- en deur met hul beursies te stem: m.a.w. deur die publikasie of omroep of TV-kanaal eenvoudig te ignoreer.

Schramm waarsku dat waar die publiek minder as sy plig in die driehoeksverantwoordelikheidstaak doen, sal die staat toenemend ingryp en ons minder seker kan wees dat ons kry wat ons wil hê (58).

Dat die staat bereid is om in te gryp en voortdurend die toestand monitor, val nie te betwyfel nie. In ʼn toespraak oor Persverantwoordelikheid gesien van die kant van die Owerheid, tydens die Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Dosente en Navorsers in Kommunikasie op Potchefstroom op 3 Oktober 1980, het die Minister van Polisie en van Gevangenisse, sy edele Louis le Grange die volgende gesê:

"Pers-onverantwoordelikheid en/of -moedswilligheid en/of berekende negatiewe klimaatskepping kan nie geduld word nie en is baie gevaarlik omdat dit nie alleen goeie gesindhede in volkereverhoudinge ernstig kan skaad nie, maar dit selfs kan vernietig" (59).

Die Minister het waardering uitgespreek vir die mooi en positiewe eienskappe wat van die Suid-Afrikaanse pers deur ʼn verantwoordelike gemeenskap verwag word, maar gesê dat hy bevrees was dat die Suid-Afrikaanse Pers self die "oorsaak is daarvan dat sy verantwoordelikheidsin ernstig bevraagteken word." Die Minister het tydens sy toespraak voorbeelde van onverantwoordelike optrede, gesien van die kant van die owerheid, in ʼn gedetailleerde ondersoek aangehaal.

Die Minister het daarop gewys dat persverantwoordelikheid van besondere belang is "in die lig van die ernstige konfliksituasie waarin die RSA tans verkeer en wat gaan om die aard, vorm en inhoud van die ganse Suid- en Suider-Afrikaanse state- en volkeregemeenskap."

Tydens dieselfde kongres het die redakteur van Ilanga, mnr. Obed A. Kunene, ʼn aanval op die beoefenaars van sg.

"betrokke joernalistiek" gedoen. Hy het in sy toespraak gesê dit is besonder moeilik vir 'n swart joernalis om objektief te bly in die Suid-Afrikaanse situasie. "As a black, he is on the receiving end of the injustices and inhumanities of the apartheid system."

Hy erken geredelik dat die swart joernalistiek nie sonder sy "swartskape" is nie. En hier sonder mnr. Kunené die nuwe geslag joernaliste uit. "They are the ones who project themselves as the pure, uncontaminated, legitimate, relevant and holier-than-thou champions of the black struggle..... Frankly, I think such people are looking for nothing but cheap martyrdom."

Verder aan sê die redakteur oor betrokke joernalistiek : advocacy journalism..... I must confess I sometimes find it hard to understand its rules. They seem to make no provision for fairplay" (60).

Prof. A. S. de Beer het in sy referaat oor "Professionalisering as Grondslag vir Pers-verantwoordelikheid", daarop gewys dat objektiwiteit die belangrikste maatstaf geword het waarvolgens die joernalis nuus op 'n professionele wyse kan evalueer -- tog is dit nie professioneel-teoreties nagevors nie. Die gevolg is dat objektiwiteit eerder 'n soort roetine geword het -- vgl. Tuchman se beskrywings daarvan as 'n "ritueel" of a "strategie". De Beer noem dit ook 'n "soort konvensie" of "organisatoriese imperatief".

Hy sluit af met 'n waarskuwing: "Indien die joernalistiek dus aanspraak op objektiwiteit as een van die kenmerke vir professionalisering wil maak, sal daar beslis aandag aan die kwessie van waarneming, die toetsing van data en die vereistes van tradisionele nuuswaardes gegee moet word" (61).

## C. DIE VRAE

1. Die Vraelys

Die onderwerpe vir die vraelys is gedurende Junie 1982 tot Oktober 1982 vasgestel uit 'n reeks persoonlike gesprekke met senior joernaliste van Rapport, Beeld en The Star. In Augustus is die eerste voorlopige vraelys met 'n kontrolegroep van 5 joernaliste (2 van Rapport en 3 van Beeld) bespreek. N.a.v. van hierdie gesprekke ('n groepbespreking) is die vraelys aansienlik hersien om verwarring en twyfelagtige reaksies op vrae uit te skakel.

Die vraelys is ook aan dr. Ben van Rensburg (toe hoof van die Navorsingsdepartement van die reklamemaatskappy KMP-Compton) vir kommentaar en leiding voorgelê. Op sy voorstel is heelwat van die vrae geherformuleer om sekuurder die verwagte respons te probeer ontlok.

Die vraelys bestaan hoofsaaklik uit 38 Likert-tipe 5-punt-skaal vrae.

Daarby is 7 "oop" vrae gevra om die rigiditeit van die 5-punt-skaal aan te vul en respondente geleentheid te gee om op hul antwoorde uit te brei. Twee inleidende vrae wat vir die doeleindes van die ondersoek irrelevant is, is gestel sodat respondente tot die werklike vrae ingelei kon word en nie dadelik negatiewe (indien enige) reaksies sou toon wat moontlik hul reaksie op die vraelyste kon beïnvloed nie. Vooroordeel is so ver moontlik uitgeskakel, en respondente-vooroordeel is verminder deur stellings na positiewe en negatiewe kant te probeer balanseer.

Die oop vrae is deur skrywer en twee onafhanklike navorsers geëvalueer (Alex Garlick, Navorsingshoof van die reklamemaatskappy Barker, McCormac; en Igor Broes, M.A.-student in Kommunikasiekunde aan Unisa). Die afsonderlike evaluerings is daarop in die teenwoordigheid van al drie evalueerders bespreek en daar is tot 'n vergelyk geraak. Daarna is die finale evaluasielys vir die 7 oop vrae opgestel en saam met die Likert-skaal vrae vir die rekenaarprogram gekodifiseer.

Ná dié hersiening van die vraelys is dit voorgelê aan die Nasionale Personeelnavorsingsinstituut vir raad en kommentaar (62) en verdere wysigings is aangebring voordat dit op 'n kontrolegroep van 5 joernaliste by The Star hertoets is. Die vrae wat steeds verwarrend en/of verkeerde reaksies getoon het, is weer gewysig.

As 'n laaste stap is die vraelys in diepte met 'n senior Afrikaanse joernalis bespreek en weer eens marginaal gewysig om taaltwyfelagtighede uit die weg te ruim.

In die loop van ~~die~~ ondersoek ~~is~~ die Nasionale Personeelnavorsings-instituut gevra om die vraelys formeel te evalueer. Dit word as Addendum B agteraan hierdie ondersoek aangeheg.

In die loop van die ondersoek het skrywer talle gesprekke met joernaliste op alle vlakke van senioriteit oor die vraelys en die implikasies rondom die onderwerp <u>verantwoordelikheid en die joernalistiek</u> gehad. Dit was van onskatbare waarde by die ontleding van reaksies op bepaalde vrae of stellings.

Kommentaar op die vraelyste (baie daarvan is op die vraelyste self

aangebring) het skerp reaksie van 'n baie klein minderheid ingesluit waarin die vraelys om die beurt as "links-bevooroordeeld" én "regs-bevooroordeeld" getakseer word. Waar 'n neutrale vraelys nagestreef was, is dit dus verblydend om te merk dat dié reaksies so wyduiteenlopend was om eintlik die poging tot gebalanseerdheid te bevestig.

## D. DIE RESPONSGROEP

## 1. Samestelling van die groep

Vraelyste is oor 'n tydperk van ongeveer ses maande (van 13/11/82 tot 10/5/83) deur skrywer hiervan aan joernaliste in Johannesburg uitgedeel. Altesaam 369 vraelyste is uitgedeel en uiteindelik is 110 voltooides terugontvang.

Vooraf is briewe aan al die redakteurs van koerante (Rapport en Beeld uitgesonder, waar eers persoonlike kontak gemaak is) gerig waarin toestemming gevra is om die vraelyste (in Engels en Afrikaans -- sien addendum A) aan die joernalistieke personeel uit te deel.

Rapport, Beeld, Die Transvaler (toe dit nog as Johannesburgse dagblad bestaan het), The Star, Sunday Express en Sowetan het hierdie toestemming feitlik onmiddellik verleen. Joernaliste by die Rand Daily Mail het aanvanklik geweier om deel te neem (volgens die redakteur, mnr. Rex Gibson, wou sy personeel eers oortuig word dat die ondersoek nie namens die Nasionale Intelligensiediens onderneem word nie. Dit het heelwat persoonlike besoeke, tesame met die formele evaluering deur die NPNI van die vraelyste, gekos voordat joernaliste daar oortuig kon word om deel te neem. Met heelwat moeite is die Sunday Times (4) en die Soweto News (1) ook by die ondersoek betrokke gemaak.

Skrywer het dit egter nog ongelukkiger getref met Die Vaderland. Die redakteur, mnr. Harald Pakendorf, het wel sy toestemming verleen, maar die nuusredakteur het sy personeel aangeraai om glad nie deel te neem nie. Die Vaderland word dus glad nie in hierdie ondersoek verteenwoordig nie.

Respons by Die Transvaler en die Sunday Times was besonder swak, en beïnvloed die hele gemiddelde respons negatief. Een moontlike oorsaak vir die swak respons by Die Transvaler is egter die feit dat die vraelyste gekollekteer is kort voordat die koerant sy publikasie in Johannesburg gestaak het. Dit was 'n ontwrigtende tydperk vir die personeel.

By die Soweto News werk 3 joernaliste: slegs 1 was bereid om die vraelys te voltooi en het toegang tot die ander 2 geweier.

Nadat die vraelyste uitgedeel is (193 is deur skrywer persoonlik aan elke respondent oorhandig en die doel van die ondersoek aan hom/haar verduidelik, en die oorblywende 176 is aan persone oorhandig wat deur die redakteur of sy senior redaksie aangewys is om dit te hanteer, uit te deel en weer in ontvangs te neem) het skrywer respondente gemiddeld 'n week gegun (by die Transvaler was dit 'n maand) voordat die eerste voltooide vraelyste gekollekteer is. Daarna is 'n opvolgbesoek gebring aan joernaliste by meeste van die koerante om hulle persoonlik te vra om hul vraelyste te voltooi. Derdens is dit opgevolg deur telefoniese kontak om seker te maak die vraelyste is voltooi. Ten laaste is die persone wat die vraelyste moes kollekteer, gevra om hul kollegas aan te spoor om hul vraelyste te voltooi. Die respons kon egter veel beter gewees het as meer as een persoon in staat was om opvolgwerk te doen. Weens joernaliste se ongereelde ure en die feit dat hul werk vereis dat hulle meeste van die dag van die kantoor weg is, is die kollektering van vraelyste aansienlik bemoeilik.

Nogtans is 'n responspersentasie van 29.81%, gemeet teen die getal vraelyste uitgedeel, ontvang. Dit beteken dat die respons 15.69%

verteenwoordig van die totale getal joernaliste by Johannesburgse koerante wat aan die ondersoek deelgeneem het (701). As Die Vaderland se redaksie bygereken word, is die responsreaksie 14.57% van die totale getal joernaliste by Johannesburgse koerante. Statisties is dit nogtans 'n groot genoeg monster om geldige afleidings namens die groep te maak.

<u>Getal joernaliste by Johannesburgse koerante (begin 1983)</u>.

| | | |
|---|---|---|
| Beeld | 104 | |
| Rapport | 23 | |
| Transvaler | 77 | |
| Die Vaderland | 54 | |
| The Star | 201 | |
| Rand Daily Mail | 109 | |
| Sunday Times | 96 | |
| Sunday Express | 33 | |
| Sowetan | 23 | |
| Soweto News | 5 | |
| Totaal (Die Vaderland ingesluit) | 755 | |
| Totaal (Die Vaderland uitgesluit) | 701 | (63) |

Die ondersoek is van meet af tot Johannesburg beperk sodat dit vir die enkele ondersoeker toeganklik en hanteerbaar sou wees. Met 'n konsentrasie van 11 dag- en weekblaaie in Johannesburg is dit uiteraard die geskikste plek in Suid-Afrika om 'n houdingsopname van dié aard te onderneem.

Die Sunday Tribune het 1 joernalis in Johannesburg, maar is uitgesluit omdat dit die buitekantoor van 'n streekgebonde Natalse

naweekkoerant is. Die nuusdiens SAPA is ook uitgesluit omdat die ondersoek slegs tot joernaliste op Johannesburgse koerante beperk is.

Die vraelyste van die kontrolegroep van 5 joernaliste van The Star is vir die doeleindes van hierdie ondersoek ingesluit by die totale getal respondente; aangesien dit die tweede kontrolegroep uitmaak en hul vraelyste feitlik onveranderd is vergeleke met dié wat uiteindelik aan koerante gestuur is (5 Afrikaanse joernaliste -- 2 van Rapport en 3 van Beeld -- was die eerste kontrolegroep). Die vraelyste van die eerste kontrolegroep was té verskillend van die finale om in aanmerking geneem te word.

| 13/11/82 tot 10/5/83 | Vraelyste uitgedeel | Voltooi | % voltooi |
|---|---|---|---|
| Rapport | 30 | 18 | 60.00% |
| Beeld | 57 | 16 | 28.07% |
| Die Transvaler | 60 | 7 | 11.67% |
| The Star | 50 | 24 | 48.00% |
| Rand Daily Mail | 50 | 11 | 22.00% |
| Citizen | 41 | 10 | 24.39% |
| Sunday Times | 30 | 4 | 13.33% |
| Sunday Express | 30 | 7 | 23.33% |
| Sowetan | 15 | 7 | 46.67% |
| Soweto News | 1 | 1 | 100.00% |
| Star Control Group | 5 | 5 | 100.00% |

## E. HOUDINGSOPNAME VAN 110 JOHANNESBURGSE JOERNALISTE.

## NOV. 1982 - MEI 1983.

1. Die begrip "verantwoordelike joernalistiek".

a) Betekenis vir joernaliste.

Op die eerste oop vraag wat gestel is, nl.: Wat beteken die begrip "verantwoordelike joernalistiek" vir u, het die meeste respondente (47.2%) geantwoord dat dit gebalanseerde, objektiewe, onbevooroordeelde beriggewing beteken, wat albei kante van 'n saak stel, of alle kante van 'n saak stel. Gemeet as 'n persentasie van alle moontlikhede wat deur respondente op die vraag geopper is, haal dit 15.7%.

Hierdie siening van verantwoordelike joernalistiek word deur beduidend meer Engelssprekende joernaliste as Afrikaanssprekende joernaliste aangegee.

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 34.6% |
| Engels | 55.7% |
| Ander | 5.7% |

Aan die ander kant het die volgende antwoord op die vraag: dit beteken om feitelik, eerlik en waarheidliewend te wees, meer aftrek van Afrikaanse kant verkry (46.8% van die respondente wat daardie moontlikhede noem, is Afrikaans). Die Engelse steun vir hierdie siening is nogtans hoog: 40.4%. Die Andertalige minderheidsgroep haal hier 6.3%.

Gemeet teen die ondersoekveld, staan hierdie verantwoordelikheids-benadering nie ver agter die siening daarvan as objektief of gebalanseerd nie (42.7%).

'n Mens sou kon argumenteer dat die een siening van joernalistiek noodwendig ook die ander moet insluit, maar dit behels nogtans 'n benaderingsverskil wat 'n mens tot die afleiding laat raak dat Engelssprekende joernaliste neig om minder "betrokke" joernalistiek te ondersteun, terwyl die gevoel aan Afrikaanse kant nie so sterk teen betrokkenheid is nie -- mits dit eerlik is.

Gevolglik is daar ook matige steun onder joernaliste vir 'n siening van verantwoordelikheid in hul beroep as akkuraatheid (23.6%). Weer eens is daar 'n groot verskil tussen die Engelssprekende en die Afrikaanse menings.

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 23 % |
| Engels | 65.3% |
| Ander | 7.6% |

In die lig van Suid-Afrika se hoë maatskaplike konflik, is hoër steun verwag vir die volgende siening: Verantwoordelike joernalistiek beteken om nie die gemeenskap skade te berokken nie, of om nie die gemeenskap te benadeel nie. Die steun hiervoor is slegs 4.8% uit alle moontlikhede wat geopper is, slegs 14.5% uit die totale getal respondente steun dit, met 'n gelykop (50%) verdeling tussen Engelse en Afrikaanse respondente.

Verantwoordelikheid as "positiewe" beriggewing word deur net 2 respondente genoem, of 1.8% van die ondersoekveld. Gelees saam met die swak steun vir Stelling 22: Daar is wel plek in SA vir 'n publikasie wat net op positiewe nuus ingestel is, vind ons bevestiging dat Johannesburgse joernaliste sterk afwysend teenoor hierdie begrip voel. Steun op Stelling 22: 20%.

6.3% van alle joernaliste in die ondersoekgroep noem die verpligting om die publiek op hoogte van sake te hou as verantwoordelike joernalistiek. Dit is 'n vreemd lae persentasie as 'n mens dit met die respons op Stelling 25: Koerante is die publiek se vernaamste bron van inligting, vergelyk. Hier stem joernaliste 76.36% ja.

Noodwendig lei dit tot die afleiding dat hierdie begrip nie hoog op in die bewussyn van joernaliste mbt. tot hul werk staan nie, hoewel meeste van hulle tog voel dat die stelling gesteun moet word. Konflik tussen dit wat die joernalistiek "behoort te wees" en wat dit "in werklikheid is" word hier opgemerk.

| TOTAAL | VERANTWOORDELIKE JOERNALISTIEK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | TAALGROEP | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 52 | Gebalanseerd/ Objektief | 15.70 | 47.20 | 2 | Geen taal | 3.80 |
| | | | | 18 | Afrikaans | 34.60 |
| | | | | 29 | Engels | 55.70 |
| | | | | 3 | Ander | 5.70 |
| 47 | Feitelik/eerlik | 14.20 | 42.70 | 3 | Geen taal | 6.30 |
| | | | | 22 | Afrikaans | 46.80 |
| | | | | 19 | Engels | 40.40 |
| | | | | 3 | Ander | 6.30 |
| 26 | Akkuraatheid | 7.80 | 23.60 | 1 | Geen taal | 3.80 |
| | | | | 6 | Afrikaans | 23.00 |
| | | | | 17 | Engels | 65.30 |
| | | | | 2 | Ander | 7.60 |
| 16 | Gemeenskap geen skade aandoen nie. | 4.80 | 14.50 | 0 | Geen taal | 0.00 |
| | | | | 8 | Afrikaans | 50.00 |
| | | | | 8 | Engels | 50.00 |
| | | | | 0 | Ander | 0.00 |

b) Ervaringvlakke en verantwoordelikheid

Joernaliste met meer as 14 jaar ondervinding gee die grootste steun van alle ondervindingvlakke aan die gewildste siening van joernalistieke verantwoordelikheid: 26.92% van die groep wat dit as objektiewe, gebalanseerde nuus sien. Gemeet teen hul gelykes wat ondervinding betref, haal hierdie siening egter geen volstrekte meerderheid nie: 45.16% van diegene met meer as 14 jaar ervaring.

ŉ Volstrekte meerderheid word by die groep gevind wat in dié ondersoekgroep na vore tree as die mees kritiese. Mense met 5-7 jaar ervaring stem 64.71% vir hierdie siening, hoewel die hoogste steun uit die groep 11-13 jaar kom (75%).

Dieselfde groep stem ook 58.82% vir die tweede gewildste verantwoordelikheidbeskouing (feitelik, eerlik), terwyl die groep met 8-10 jaar ondervinding 50% oplewer om hierdie siening te steun. Ook die 14+ groep teken hoë persentasies aan (32.26% van die groep steun hierdie benadering).

In die groep met minder as 1 jaar ervaring gee 3 uit 8 (of 37.5%) en dus die hoogste steun, aan die verantwoordelikheidbeskouing: feitelike, akkurate beriggewing. Steun van die groep met 8-10 jaar is ŉ hoë 50%.

Die groep met 1-4 jaar ervaring gee sy hoogste steun aan gebalanseerdheid en objektiwiteit (40.74%), soos ook 5-7 jaar (64.71%), 11-13 jaar (75%) en 14+ jaar (45.16%).

Met die uitsondering van die groep 8-10 jaar ondervinding, stem

meerderhede in elke ondervindingvlak dus saam dat verantwoordelikheid in joernalistiek gebalanseerde, objektiewe beriggewing bowenals beteken. Konvergerende menings oor ervaringsvlakke heen word dus bevestig.

| TOTAAL | VERANTWOORDELIKE JOERNALISTIEK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | JARE ONDER-VINDING | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 52 | Gebalanseerd/ Objektief | 15.70 | 47.20 | 3 | Geen | 5.70 |
| | | | | 2 | - 1 jaar | 3.80 |
| | | | | 11 | 1- 4 jaar | 21.10 |
| | | | | 11 | 5- 7 jaar | 21.10 |
| | | | | 5 | 8-10 jaar | 9.60 |
| | | | | 6 | 11-13 jaar | 11.50 |
| | | | | 14 | 14+ jaar | 26.90 |
| 47 | Feitelik/eerlik | 14.20 | 42.70 | 3 | Geen | 6.30 |
| | | | | 3 | - 1 jaar | 6.30 |
| | | | | 11 | 1- 4 jaar | 23.40 |
| | | | | 10 | 5- 7 jaar | 21.20 |
| | | | | 7 | 8-10 jaar | 14.80 |
| | | | | 3 | 11-13 jaar | 6.30 |
| | | | | 10 | 14+ jaar | 21.20 |
| 26 | Akkuraatheid | 7.80 | 23.60 | 1 | Geen | 3.80 |
| | | | | 2 | - 1 jaar | 7.60 |
| | | | | 8 | 1- 4 jaar | 30.70 |
| | | | | 2 | 5- 7 jaar | 7.60 |
| | | | | 3 | 8-10 jaar | 11.50 |
| | | | | 1 | 11-13 jaar | 3.80 |
| | | | | 9 | 14+ jaar | 34.60 |
| 16 | Gemeenskap geen skade aandoen nie. | 4.80 | 14.50 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 2 | - 1 jaar | 12.50 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 25.00 |
| | | | | 3 | 5- 7 jaar | 18.70 |
| | | | | 3 | 8-10 jaar | 18.70 |
| | | | | 0 | 11-13 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 14+ jaar | 25.00 |

c) Koerante en verantwoordelikheid

Koerante wat hul hoogste steun aan objektiwiteit as maatstaf vir verantwoordelikheid toesê (gemeet teen die getal respondente by elke koerant wat die vraelys voltooi het) is soos volg:

| | |
|---|---|
| Sunday Express | 71.43% |
| Sowetan | 71.43% |
| Beeld | 56.25% |
| The Star | 54.17% |
| Rand Daily Mail | 45.45% |

Koerante wat hul hoogste steun aan feitelikheid as maatstaf vir verantwoordelikheid toesê (gemeet teen die getal respondente by elke koerant wat die vraelys voltooi het) is soos volg:

| | |
|---|---|
| Citizen | 70 % |
| Transvaler | 57.14% |
| Beeld | 56.25% |
| Rapport | 55.56% |

Beeld se steun is presies dieselfde vir beide interpretasies, dus verskyn die koerant by albei tabelle. Die Sunday Times stem 3 uit 4 (dus 75%) vir 'n derde opsie: verantwoordelikheid as akkuraatheid.

| TOTAAL | VERANTWOORDELIKE JOERNALISTIEK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | KOERANT | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 52 | Gebalanseerd/ Objektief | 15.70 | 47.20 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 2 | Star Contr | 3.80 |
| | | | | 4 | Citizen | 7.60 |
| | | | | 7 | Rapport | 13.40 |
| | | | | 9 | Beeld | 17.30 |
| | | | | 1 | Transvaler | 1.90 |
| | | | | 13 | The Star | 25.00 |
| | | | | 5 | Daily Mail | 9.60 |
| | | | | 1 | Sun Times | 1.90 |
| | | | | 5 | Sun Express | 9.60 |
| | | | | 5 | Sowetan | 9.60 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |
| 47 | Feitelik/eerlik | 14.20 | 42.70 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 3 | Star Contr | 6.30 |
| | | | | 7 | Citizen | 14.80 |
| | | | | 10 | Rapport | 21.20 |
| | | | | 9 | Beeld | 19.10 |
| | | | | 4 | Transvaler | 8.50 |
| | | | | 7 | The Star | 14.80 |
| | | | | 2 | Daily Mail | 4.20 |
| | | | | 1 | Sun Times | 2.10 |
| | | | | 2 | Sun Express | 4.20 |
| | | | | 2 | Sowetan | 4.20 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |
| 26 | Akkuraatheid | 7.80 | 23.60 | 1 | Geen | 3.80 |
| | | | | 0 | Star Contr | 0.00 |
| | | | | 1 | Citizen | 3.80 |
| | | | | 3 | Rapport | 11.50 |
| | | | | 2 | Beeld | 7.60 |
| | | | | 1 | Transvaler | 3.80 |
| | | | | 8 | The Star | 30.70 |
| | | | | 4 | Daily Mail | 15.30 |
| | | | | 3 | Sun Times | 11.50 |
| | | | | 1 | Sun Express | 3.80 |
| | | | | 2 | Sowetan | 7.60 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |
| 16 | Gemeenskap geen skade aandoen nie. | 4.80 | 14.50 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | Star Contr | 0.00 |
| | | | | 2 | Citizen | 12.50 |
| | | | | 4 | Rapport | 25.00 |
| | | | | 3 | Beeld | 18.70 |
| | | | | 2 | Transvaler | 12.50 |
| | | | | 5 | The Star | 31.20 |
| | | | | 0 | Daily Mail | 0.00 |
| | | | | 0 | Sun Times | 0.00 |
| | | | | 0 | Sun Express | 0.00 |
| | | | | 0 | Sowetan | 0.00 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |

2. Waardebepaling oor koerante in Johannesburg t.o.v. verantwoordelikheid

a) Afrikaanse dagblaaie

Afrikaanssprekende joernaliste het oorweldigend positief geantwoord op die stelling: Sommige Afrikaanse dagblaaie is verantwoordelik in hul hantering van nuus. Van die 44 Afrikaanse respondente wat die vraag beantwoord het, het 79.53% gesê hulle stem saam, of stem beslis saam.*

Gemeet teen die totale aantal respondente, is die positiewe antwoord op hierdie stelling steeds hoog: 31.82%.

Respondente wat sterk voel dat Afrikaanse koerante verantwoordelik optree, vorm feitlik helfte van die getal wat die vraag positief geantwoord het.

18 uit 44 sê hulle stem saam met die stelling.
17 uit die 44 sê hulle stem beslis saam met die stelling.

Afrikaanse respondente wat nie met die stelling saamstem nie, vorm 13.63% van die getal wat die vraag beantwoord het. Teen die totale veld gemeet, is die negatiewe persentasie 'n skrale 5.45%.

4 uit 44 sê hulle stem nie saam met die stelling nie.
2 uit 44 sê hulle stem beslis nie saam met die stelling nie.

Slegs 1 Afrikaanssprekende respondent het die vraag glad nie geantwoord nie, terwyl 2 aangedui het dat hulle onseker oor die

stelling is. As ŉ mens in ag neem dat Afrikaanssprekende joernaliste wat by Engelse koerante werk, moontlik tog ŉ negatiewer mening oor Afrikaanse koerante as hul Afrikaanse kollegas by Afrikaanse koerante huldig, sou die afleiding dus geregverdig kan word dat Afrikaanssprekende joernaliste oorweldigend tevrede met die verantwoordelike optrede van hul eie koerante is.

SOMMIGE AFRIKAANSE DAGBLAAIE IS VERANTWOORDELIK IN HUL HANTERING VAN DIE NUUS.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 | 40.000 | | | 3 | 60.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 2 | 4.540 | 4 | 9.090 | 2 | 4.540 | 18 | 40.900 | 17 | 38.630 | 44 |
| Engels | 2 | 3.570 | 2 | 3.570 | 6 | 10.710 | 10 | 17.850 | 26 | 46.420 | 10 | 17.850 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | | | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 | 1.818 | | | 3 | 2.727 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 4 | 3.636 | 2 | 1.818 | 18 | 16.363 | 17 | 15.454 | |
| Engels | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | 6 | 5.454 | 10 | 9.090 | 26 | 23.636 | 10 | 9.090 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | | | |

b) Engelse dagblaaie

Op die stelling: Sommige Engelstalige dagblaaie in Suid-Afrika is verantwoordelik in hul hantering van die nuus, het ŉ groot persentasie Engelssprekende joernaliste instemmend geantwoord: 82.13% van dié wat die vraag beantwoord het.

Uitgedruk as ŉ persentasie van die totale getal respondente, is die syfer 41.82%.

As ŉ mens dit met die ooreenstemmende syfers vir die stelling dat Afrikaanse dagblaaie verantwoordelik is, vergelyk (31.82%), is dit duidelik dat die vlak van selftevredenheid onder Engelssprekende

joernaliste hoër is as by Afrikaanse joernaliste. Hoewel die Engelssprekende joernaliste op ander vrae skerp kritiek teen die Engelse dagbladjoernalistiek uitspreek, het feitlik helfte van die respondente hier positief en instemmend gereageer.

Slegs 4 Engelssprekende respondente het gemeen daar is ruimte vir verbetering -- on onder dié vier was almal in die "ek stem nie saam nie" -kategorie. Geen enkele stem was bereid om te sê hy of sy stem beslis nie met die stelling saam nie.

Onseker was 5 stemme (8.92%) van die groottotaal en slegs 1 Engelssprekende koerantman/vrou was nie bereid om op die vraag te reageer nie.

As die onseker/buite-stemming persentasie dus buite rekening gelaat word om vas te stel hoe tevrede joernaliste met hul eie produk is, wil dit lyk asof 'n mens met redelike veiligheid kan sê Engelssprekende joernaliste is heelwat geredeliker bereid om selftevredenheid uit te spreek. Gemeet teen die getal Afrikaans- en Engelssprekendes wat op die vraag geantwoord het, is die persentasie negatiewe respons basies dieselfde (13.63% vir Afrikaanse kritici en 14.28% aan Engelssprekendes se kant).

Die selftevredenheid wat by beide Afrikaanse en Engelse joernaliste tov. hul eie produk opgemerk word, moet gesien word teen die ietwat negatiewe (gemeet teen die sterk positiewe eie aanprysing) houding van elke taalgroep jeens die ander.

M.i. is hier 'n duidelike bewys vir Noelle-Neumann se teorie vir eenstemmigheid onder joernaliste ("Kumulation, Konsonanz und

Offentlichkeitseffekt") (64). Volgens Noelle-Neumann is daar etlike faktore wat joernaliste dwing om almal eenstemmig op te tree. Sy sê daar is 'n ooreenstemmende aanname en ondervinding by elke verslaggewer oor hoe nuus geselekteer en aangebied moet word -- en dit sluit ook sy of haar siening van verantwoordelikheid in.

Die gevaar van die ontstaan van 'n stereotipe, van eendimensionaliteit in beriggewing, weens selftevredenheid ens., hoef nie eers uitgespel te word nie.

Meer Afrikaanssprekende joernaliste meen dat die Engelstalige dagblaaie (so gestel omdat koerante vir die swart leserspubliek van Johannesburg ook in aanmerking kom) verantwoordelik optree as wat daar Engelssprekende joernaliste is wat dink Afrikaanse dagblaaie doen goeie werk. 'n Stewige 74.99% van die getal Afrikaanssprekende joernaliste wat die vraag geantwoord het, het positief gereageer. Dit is maar sowat 5% minder as die positiewe waardering wat hulle hul eie koerante gegee het (79.53%).

Die Engelse positiewe stem vir Afrikaanse dagblaaie was maar 64.27%, gemeet teen 74.99% positiewe steun van Afrikanerkant.

Daarteenoor het 18.17% van die respondente wat Afrikaans is, aangedui dat hulle nie met die stelling saamstem, of beslis nie saamstem nie (15.9% en 2.27%).

Gemeet teen die totale respondente-veld, meen 30% van alle Afrikaanse joernaliste dat die Engelse dagbladjoernalistiek verantwoordelik nuus hanteer. 41.82% van alle Engelssprekende respondente voel dat hulle self deeglik en regmatig optree.

Afrikaanse kritiek jeens die Engelse dagblaaie val dan ook tot 'n skrale 7.27%, gemeet teen die totale veld. (Engelssprekende eie kritiek is hier nog minder -- 3.63%).

Onsekeres is maar 2 en dus onbeduidend in persentasieterme (4.54% of 1.818% teen die totale veld). Slegs een Afrikaanssprekende het die vraag nie geantwoord nie en 5 respondente het nie hul taalverband aangegee nie. Hul menings is egter eweredig verdeel tussen positief en negatief en word dus vir die meeste van die berekenings buite rekening gelaat.

Dit blyk dus dat Afrikaanssprekende joernaliste 'n hoër dunk van hul kollegas op dagblaaie het as wat die geval by Engelssprekende joernaliste jeens Afrikaanse koerantmense is. In albei gevalle is die aanprysing positief en redelik hoog (64.27% en 74.99%).

Oor die algemeen is Engelssprekende joernaliste egter meer tevrede met hul eie koerante as wat Afrikaanse joernaliste met hul produk is, en Engelse koerantmanne dink ook minder van Afrikaanse dagblaaie as wat hul kollegas in die ander amptelike taal van hulle dink.

SOMMIGE ENGELSTALIGE DAGBLAAIE IN SUID-AFRIKA IS VERANTWOORDELIK IN HUL HANTERING VAN DIE NUUS.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 | 40.000 | | | 3 | 60.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 1 | 2.270 | 7 | 15.900 | 2 | 4.540 | 20 | 45.450 | 13 | 29.540 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | | | 4 | 7.140 | 5 | 8.920 | 31 | 55.350 | 15 | 26.780 | 56 |
| Ander | | | | | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 | 1.818 | | | 3 | 2.727 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 7 | 6.363 | 2 | 1.818 | 20 | 18.181 | 13 | 11.818 | |
| Engels | 1 | 0.909 | | | 4 | 3.636 | 5 | 4.545 | 31 | 28.181 | 15 | 13.636 | |
| Ander | | | | | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | |

c) Taalverband en verantwoordelikheid.

Die meeste (of 'n stewige persentasie) Engelssprekende joernaliste meen ook dat daar wel Afrikaanse dagblaaie is wat verantwoordelik optree. 'n Stewige 64.27% van die respondente wat op die vraag geantwoord het, het positief op die stelling gereageer.

As 'n persentasie van alle respondente, is die positiewe Engelssprekende stem 32.73%. Vergelyk teen die positiewe Afrikaanse stem, vind ons 'n verbasende ooreenkoms (32% vir Afrikaans, 33% vir Engels).

Die verspreiding van die Engelse stem lyk egter 'n bietjie anders. Waar die Afrikaanse positiewe stem eweredig verdeel was tussen 'n sterk beaming van die stelling en 'n ja-antwoord, stem 46.42% van alle Engelse respondente wat die vraag geantwoord het, saam. 17.85% van die Engelse stem was bereid om te sê hulle stem beslis saam dat Afrikaanse dagblaaie verantwoordelik in hul hantering van nuus is. (Vgl. dit met die sterk positiewe Afrikaanse stem van 38.63%.)

'n Mens sou hieruit kon aflei dat Engelssprekende joernaliste bereid was om te sê hul kollegas doen goeie werk, maar van 'n sterk ondersteuning weerhou hulle hul tot groot hoogte.

26 uit 56 Engelssprekende respondente sê hulle stem saam met die stelling.

10 uit 56 Engelssprekende respondente sê hulle stem beslis saam met die stelling.

Engelssprekende joernaliste het 'n negatiewe persentasie van 14.28% aangeteken, terwyl 17% aangedui het dat hulle onseker was. 'n Waarskynlike afleiding wat uit die redelik hoë onseker- persentasie gemaak kan word, is dat sommige Engelssprekende joernaliste weens hul gebrekkige kennis van Afrikaanse dagblaaie nie die stelling kon beantwoord nie. Dit is in opvolggesprekke ná die voltooing van die vraelys bevestig. Heelparty is van Britse afkoms wat nie Afrikaans verstaan het nie, ander was Engelssprekende Suid-Afrikaners wat nie Afrikaans magtig was nie.

6 uit die 56 het gesê hulle stem nie met die stelling saam nie.

2 uit die 56 het gesê hulle stem beslis nie met die stelling saam nie.

(2 Engelssprekende respondente het nie op die vraag geantwoord nie.)

Uit die beperkte veld van 5 respondente wat hul taalverband anders as Afrikaans of Engels aangee, is die menings eweredig verdeel -- 2 meen wel dat Afrikaanse koerante goeie werk doen, terwyl 1 nie met die stelling saamstem nie, 1 beslis nie saamstem nie en 1 onseker is. Hierdie derde taalgroep word dus nie breedvoerig bespreek nie.

Hoewel die getal respondente uit taalgroepe anders as Afrikaans of Engels dus nie verteenwoordigend van 'n swart mening kan wees nie, is dit tog duidelik dat hul menings nie so erg negatief teenoor Afrikaanse dagblaaie is nie, en dus tot sekere hoogte die positiewe houding van Engelssprekende joernaliste (vgl. c.) volg.

d) Dag- en weekblaaie.

Om te bepaal of joernaliste oor die algemeen 'n verantwoordelikheidsverskil by dagblaaie en weekblaaie meen te bespeur, is die stellings: Sommige Afrikaanse Sondagkoerante is verantwoordelik in hul hantering van die nuus en : Sommige Engelstalige Sondagkoerante is verantwoordelik in hul hantering van nuus, ook aan respondente gerig.

Beide Engelse en Afrikaanse joernaliste het in die vraelys aangedui dat hulle minder sterk positief teenoor Sondagkoerante as teenoor dagblaaie voel. In verhouding gesien, is Engelssprekende joernaliste daarom taamlik besonder afwysend teenoor die Afrikaanse Sondagkoerant (daar is tans net een -- Rapport). 12 Engelssprekende respondente meen die stelling oor Afrikaanse Sondagkoerante kan nie onderskryf word nie. 'n Besonder hoë persentasie het hulself as "onseker" oor die stelling beskryf (37,5% van die getal wat die vraag beantwoord het). Omdat slegs 3 van hulle (5.35%) vir die soortgelyke vraag oor Engelstalige koerante "onseker" aangedui het, wil dit m.i. daarop dui dat die Afrikaanse Sondagkoerant deur 'n meerderheid van Engelssprekende joernaliste as nie besonder "verantwoordelik" aangeslaan word nie.

Afrikaanse joernaliste stem tot 'n groot hoogte met die stelling saam dat die Sondagkoerant aan Afrikaanse kant verantwoordelik is (65.9%). Tog dui 18.18% persent hulself as "onseker" aan en 13.82% sê hulle stem nie saam, of beslis nie saam met die stelling nie.

Kyk 'n mens hoe Sondagkoerantjoernaliste op die vraag gereageer het, stem 77.77% van Afrikaanse Sondagkoerantmanne positief op

die stelling oor die Afrikaanse Sondagkoerant. (Vgl. dit met die positiewe stem vir Afrikaanse dagblaaie -- 79.53% -- en ons sien dat die vlak van selftevredenheid min of meer dieselfde is.)

Slegs 1 stem nie met die stelling saam nie, terwyl 2 hulself as "onseker" aangee.

ŉ Interessante verskil met hierdie resultate word by Engelse Sondagkoerantmanne opgemerk. By die Sunday Times meen 3 uit 4 joernaliste (dus 75%) dat hul Afrikaanse kollegas goeie werk verrig. By die Sunday Express daal die syfer na 57.13% positiewe steun. Die laagste persentasie steun van Engelssprekende kant kom van The Star (37.49%), terwyl hulle ook die hoogste stem-nie-saam- persentasie op dié stelling oplewer (20.83%).

Onder Engelssprekende joernaliste by alle Engelstalige koerante is die gemiddelde positiewe steun vir hierdie stelling 44.77%. Hul gemiddelde negatiewe reaksie op die stelling is hoër (48.15%).

Steun uit Afrikaanse koerantgeledere beloop gemiddeld 66.40%. As die Sondagkoerantstempersentasie weggelaat word, word die stelling deur 43.14% van Afrikaanse koerantmanne ondersteun. Dié gegewens dui daarop dat veral Afrikaanse dagbladjoernaliste hoog krities jeens die enkele Afrikaanse Sondagkoerant staan. By Beeld wou ŉ hoë 25% van die uitgebragte stemme hul slegs as "onseker" laat aanteken. Bereken daarby ŉ negatiewe stempersentasie van 25% by dié koerant, en dit is duidelik dat negatiewe taksering feitlik gebalanseer word deur positiewe taksering. By die ander Afrikaanse dagblad in die ondersoek, Die Transvaler (voordat dit ŉ Pretoria-dagblad geword het), is groter positiewe steun vir

Rapport : 71.42% het saamgestem, of beslis saamgestem met die stelling.

Gemeet teen alle respondente is Afrikaanse steun op die stelling 26.36%, teenoor Engelse steun van 19.09%.

Die negatiewe Afrikaanse stem is 5.45% en die negatiewe Engelse stem 10.91%.

Die "onseker" stem is in die geval van Engels besonder hoog (19.09%).

SOMMIGE AFRIKAANSE SONDAGKOERANTE IS VERANTWOORDELIK IN HUL HANTERING VAN DIE NUUS.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | Nee % | Onseker % | Ja % | Beslis Ja % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 4 80.000 | | 1 20.000 | | 5 |
| Afrikaans | 1 2.270 | 3 6.810 | 3 6.810 | 8 18.180 | 15 34.090 | 14 31.810 | 44 |
| Engels | 2 3.570 | 2 3.570 | 10 17.850 | 21 37.500 | 15 26.780 | 6 10.710 | 56 |
| Ander | | 1 20.000 | 2 40.000 | 1 20.000 | 1 20.000 | | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 4 3.636 | | 1 0.909 | | |
| Afrikaans | 1 0.909 | 3 2.727 | 3 2.727 | 8 7.272 | 15 13.636 | 14 12.727 | |
| Engels | 2 1.818 | 2 1.818 | 10 9.090 | 21 19.090 | 15 13.636 | 6 5.454 | |
| Ander | | 1 0.909 | 2 1.818 | 1 0.909 | 1 0.909 | | |
| Koerant | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 2 20.000 | 3 30.000 | 4 40.000 | 1 10.000 | | 10 |
| Rapport | 1 5.550 | | 1 5.550 | 2 11.110 | 6 33.330 | 8 44.440 | 18 |
| Beeld | | 2 12.500 | 2 12.500 | 4 25.000 | 5 31.250 | 3 18.750 | 16 |
| Die Transvaler | | | 1 14.280 | 1 14.280 | 3 42.850 | 2 28.570 | 7 |
| The Star | 1 4.160 | | 5 20.830 | 9 37.500 | 7 29.160 | 2 8.330 | 24 |
| Rand Daily Mail | | | 1 9.090 | 5 45.450 | 3 27.270 | 2 18.180 | 11 |
| Sunday Times | | | | 1 25.000 | 1 25.000 | 2 50.000 | 4 |
| Sunday Express | 1 14.280 | | 1 14.280 | 1 14.280 | 3 42.850 | 1 14.280 | 7 |
| Sowetan | | 2 28.570 | 1 14.280 | 2 28.570 | 2 28.570 | | 7 |
| Soweto News | | | 1 100.000 | | | | 1 |
| Citizen | | | 1 100.000 | | | | 1 |
| The Star (Control Group) | | | 2 50.000 | 1 25.000 | 1 25.000 | | 4 |

e) Taalverband en weekblaaie.

Afrikaanssprekende joernaliste stem vir (61.36%) saam met die stelling: Sommige Engelstalige Sondagkoerante is verantwoordelik in hul hantering van nuus. Dit is 'n redelik sterk positiewe taksering, maar dit kan alleen in perspektief gesien word teen hul taksering van die Afrikaanse Sondagkoerant. Daar is hul positiewe steun effens beter (65.9%).

Engelssprekende joernaliste stem 69.64% saam met die stelling oor Engelstalige Sondagkoerante -- vgl. die ja-stem van Engelse kant vir die Afrikaanse Sondagkoerant (37.5%) en mens kan merk dat daar 'n besliste mening onder Engelssprekendes t.o.v. van verantwoordelikheid en die Sondagkoerant in Afrikaans heers: en dit is 'n negatiewe mening van 53.55%.

Die persentasie joernaliste wat meen die stelling kan nie t.o.v. Engelstalige Sondagkoerante onderskryf word nie, is omtrent dieselfde vir Afrikaans (18.18%) en Engels (19.64%). Drie van die andertalige koerantmense meen die stelling kan onderskryf word, terwyl twee onseker oor die stelling is.

By die Afrikaanse Sondagkoerant Rapport meen 66.66% van diegene wat die vraag beantwoord het dat Engelse Sondagkoerante verantwoordelik optree. 50% van Beeld se respondente stem ook saam, met 'n hoë 25% wat onseker is.

The Star stem vir 70.83% ja op stelling 2. c). By die Rand Daily Mail stem 90.9% ook saam. Slegs een Engelse koerantman wat by 'n Sondagkoerant werk, stem nie met die stelling saam dat Engelse

Sondagkoerante verantwoordelik werk nie: by die Sunday Times.

Sondagkoerantjoernaliste maak 19.09% van die ja-reaksie van die responsgroep uit. As hul menings uit die resultate gelaat word, lyk die taksering van die Engelstalige Sondagkoerante deur alle respondente so:

| | |
|---|---|
| Stem saam, of beslis saam | 60.49% |
| Stem nie saam nie, of beslis nie saam nie | 23.46% |
| Onseker | 13.58% |

SOMMIGE ENGELSTALIGE SONDAGKOERANTE IN SUID-AFRIKA IS VERANTWOORDELIK IN HUL HANTERING VAN DIE NUUS.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 4 | 80.000 | | | 1 | 20.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | | | 8 | 18.180 | 8 | 18.180 | 16 | 36.360 | 11 | 25.000 | 44 |
| Engels | 3 | 5.350 | | | 11 | 19.640 | 3 | 5.350 | 28 | 50.000 | 11 | 19.640 | 56 |
| Ander | | | | | | | 2 | 40.000 | 3 | 60.000 | | | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 4 | 3.636 | | | 1 | 0.909 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | | | 8 | 7.272 | 8 | 7.272 | 16 | 14.545 | 11 | 10.000 | |
| Engels | 3 | 2.727 | | | 11 | 10.000 | 3 | 2.727 | 28 | 25.454 | 11 | 10.000 | |
| Ander | | | | | | | 2 | 1.818 | 3 | 2.727 | | | |
| **Koerant** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 5 | 50.000 | 2 | 20.000 | 3 | 30.000 | | | 10 |
| Rapport | 1 | 5.550 | | | 3 | 16.660 | 2 | 11.110 | 6 | 33.330 | 6 | 33.330 | 18 |
| Beeld | | | | | 4 | 25.000 | 4 | 25.000 | 6 | 37.500 | 2 | 12.500 | 16 |
| Die Transvaler | | | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 3 | 42.850 | 2 | 28.570 | 7 |
| The Star | 2 | 8.330 | | | 5 | 20.830 | | | 12 | 50.000 | 5 | 20.830 | 24 |
| Rand Daily Mail | | | | | | | 1 | 9.090 | 7 | 63.630 | 3 | 27.270 | 11 |
| Sunday Times | | | | | 1 | 25.000 | | | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | 4 |
| Sunday Express | 1 | 14.280 | | | | | | | 4 | 57.140 | 2 | 28.570 | 7 |
| Sowetan | | | | | 1 | 14.280 | 2 | 28.570 | 4 | 57.140 | | | 7 |
| Soweto News | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Citizen | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| The Star (Control Group) | | | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | 4 |
| **Koerant** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 5 | 4.545 | 2 | 1.818 | 3 | 2.727 | | | |
| Rapport | 1 | 0.909 | | | 3 | 2.727 | 2 | 1.818 | 6 | 5.454 | 6 | 5.454 | |
| Beeld | | | | | 4 | 3.636 | 4 | 3.636 | 6 | 5.454 | 2 | 1.818 | |
| Die Transvaler | | | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | 2 | 1.818 | |
| The Star | 2 | 1.818 | | | 5 | 4.545 | | | 12 | 10.909 | 5 | 4.545 | |
| Rand Daily Mail | | | | | | | 1 | 0.909 | 7 | 6.363 | 3 | 2.727 | |
| Sunday Times | | | | | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | |
| Sunday Express | 1 | 0.909 | | | | | | | 4 | 3.636 | 2 | 1.818 | |
| Sowetan | | | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 4 | 3.636 | | | |
| Soweto News | | | | | | | | | 1 | 0.909 | | | |
| Citizen | | | | | 1 | 0.909 | | | | | | | |
| The Star (Control Group) | | | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | |

## 3. Kollegas en verantwoordelikheid

24.55% van alle respondente het positief gereageer op die stelling: My kollegas is almal verantwoordelike joernaliste. 'n Groot persentasie (20.91%) wou slegs "onseker" aandui.

Daarteenoor was meer as helfte van die respondente (52.73%) nie bereid om te sê hul kollegas is almal verantwoordelike joernaliste nie. Uit die 58 wat gesê het hulle stem nie saam met die stelling nie, het 20 gesê hulle stem beslis nie saam nie. Hierdie sterk gevoel vorm dus 18.18% van die totale groep respondente.

Die afleiding wat 'n mens hieruit kan maak, is dat joernaliste beslis voel daar is mense in hul geledere wat nie verantwoordelik t.o.v. nuusberiggewing optree nie. Hulle vorm inderdaad 'n meerderheidsgroep onder die groep mense wat die vraelyste ingevul het (52.73%).

Wat taalverdeling betref, staan Engelssprekende joernaliste baie meer krities teenoor hul kollegas as wat Afrikaanssprekende joernaliste is (67.84% vir Engels teenoor 34.08% vir Afrikaans). Die sterk negatiewe reaksie op die vraag dui op 'n groter mate van kritiese beoordeling en selfs ontevredenheid onder die Engelssprekende joernaliste wat getoets is. Tog is die Afrikaanse kritiese stem redelik hoog. Dit is net effens minder as die positiewe instemming wat Afrikaanse respondente op die vraag gee -- 38.63% van dié wat die vraag beantwoord het.

Engelse steun beloop 'n skamele 12.49%, en daar is 'n hoër "onsekere" stem by Afrikaners (25%) as by Engelssprekendes (17.85%).

(Die 5 andertalige respondente se menings is presies eweredig versprei oor die 5-skaal Likert-spektrum en word dus buite rekening gelaat.)

Onder koerante is die hoogste positiewe reaksie jeens hul kollegas by die nou ontslape Johannesburgse Transvaler gevind (71.42%) en die skerpste kritiese reaksie jeens kollegas by The Star (75%).

Hoewel die neiging by Engelssprekende joernaliste om meer krities teenoor hul koerante en kollegas te wees, dus volhardend hoër as dieselfde reaksie by Afrikaanse respondente is, is daar tog 'n interessante verskil te bespeur by die Afrikaanse reaksie.

Waar die Afrikaanse respondente baie hoog (79.53%) gesê het hulle meen dagblaaie tree verantwoordelik op, en (65.9%) gesê het hulle meen Afrikaanse Sondagkoerante tree verantwoordelik op, is slegs 38.63% nou bereid om te sê al hul kollegas is verantwoordelik in hul hantering van nuus.

M.i. kan die afleiding gemaak word dat Noelle-Neumann (verwys) se ooreenstemmingsteorie weer bewys word. Joernaliste sal nie graag die plek waar hul werk aftakel nie. (Waarom werk ek dan hier? Omdat ek hier werk, word goeie werk gedoen.) Maar op 'n indringender vraag t.o.v. kollegas, is hulle bereid om meer krities teenoor kollegas te wees.

M.i. dui dit op 'n verminderende graad van selftevredenheid onder joernaliste wat die begrip "verantwoordelikheid" betref. Hulle is nog nie bereid om die instelling te kritiseer nie, maar 'n beduidende groep (meer as helfte) voel dat hul kollegas beslis nie almal verantwoordelike werk lewer nie.

Interessant is dat die grootste kritici van kollegas uit die groepie respondente kom met koerantervaring wat wissel tussen 5 en 7 jaar. Hulle stem 88.23% nie met die stelling saam nie. In die ervaringsgroep 1-4 jaar is die kritiek ook sterk: hier is die negatiewe stem 51.84%.

Daarteenoor vind 'n mens die sterkste positiewe steun vir die stelling in die ervaringsgroep 11-13 jaar (62%), gevolg deur 42.85% deur diegene met 8-10 jaar joernalistieke ervaring.

Dit wil dus voorkom asof die groep wat as "middelbestuur" geklassifiseer kan word, grootliks tevrede is met die verantwoordelikheidsgevoel van hul kollegas. Daarteenoor voel die groepie net onder hulle taamlik sterk dat daar ruimte vir verbetering in dié opsig is.

Moontlik word hierdie kollegiale steun meer deur 'n mens se pos by die koerant as enigiets anders beïnvloed, want onder joernaliste met ondervinding van 14 jaar en langer, vind weer 'n afplatting plaas. Hulle meen vir 48.38% dat kollegas nie verantwoordelik optree nie en slegs 22.57% van hul steun word in dié opsig aan kollegas verleen.

26.36% van respondente het op dié stelling "onseker" geantwoord - 'n besonder hoë onseker-persentasie.

MY KOLLEGAS IS ALMAL VERANTWOORDELIKE JOERNALISTE.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jare Ondervinding** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 5 |
| Minder as 1 | 1 | 12.500 | 2 | 25.000 | 1 | 12.500 | 3 | 37.500 | 1 | 12.500 | | | 8 |
| 1 - 4 | | | 5 | 18.510 | 9 | 33.330 | 8 | 29.620 | 4 | 14.810 | 1 | 3.700 | 27 |
| 5 - 7 | | | 2 | 11.760 | 13 | 76.470 | | | 2 | 11.760 | | | 17 |
| 8 - 10 | | | 2 | 14.280 | 3 | 21.420 | 3 | 21.420 | 4 | 28.570 | 2 | 14.280 | 14 |
| 11 - 13 | | | 3 | 37.500 | | | | | 5 | 62.500 | | | 8 |
| 14+ | 1 | 3.220 | 4 | 12.900 | 11 | 35.480 | 8 | 25.800 | 4 | 12.900 | 3 | 9.670 | 31 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 5 | 11.360 | 10 | 22.720 | 11 | 25.000 | 13 | 29.540 | 4 | 9.090 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 12 | 21.420 | 26 | 46.420 | 10 | 17.850 | 6 | 10.710 | 1 | 1.780 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 5 | 4.545 | 10 | 9.090 | 11 | 10.000 | 13 | 11.818 | 4 | 3.636 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 12 | 10.909 | 26 | 23.636 | 10 | 9.090 | 6 | 5.454 | 1 | 0.909 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | |
| **Koerant** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 4 | 40.000 | 4 | 40.000 | 1 | 10.000 | 1 | 10.000 | | | 10 |
| Rapport | 1 | 5.550 | 3 | 16.660 | 4 | 22.220 | 3 | 16.660 | 5 | 27.770 | 2 | 11.110 | 18 |
| Beeld | | | 1 | 6.250 | 7 | 43.750 | 4 | 25.000 | 4 | 25.000 | | | 16 |
| Die Transvaler | | | | | | | 2 | 28.570 | 4 | 57.140 | 1 | 14.280 | 7 |
| The Star | | | 6 | 25.000 | 12 | 50.000 | 3 | 12.500 | 2 | 8.330 | 1 | 4.160 | 24 |
| Rand Daily Mail | | | 1 | 9.090 | 5 | 45.450 | 3 | 27.270 | 2 | 18.180 | | | 11 |
| Sunday Times | | | | | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | | | 4 |
| Sunday Express | 1 | 14.280 | | | 4 | 57.140 | 1 | 14.280 | | | 1 | 14.280 | 7 |
| Sowetan | | | 2 | 28.570 | | | 2 | 28.570 | 2 | 28.570 | 1 | 14.280 | 7 |
| Soweto News | | | | | | | 1 | 100.000 | | | | | 1 |
| Citizen | | | 1 | 100.000 | | | | | | | | | 1 |
| The Star (Control Group) | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | | | 4 |

4. Senior personeel en verantwoordelikheid.

Joernaliste voel oor die algemeen baie sterk dat senior personeel groter sorg moet dra dat hul koerante verantwoordelik optree. 95 uit die 110 respondente stem saam, of beslis saam met die stelling in dié verband (86.36%). Weens die lae "onsekere" stem -- slegs 3 joernaliste het hierdie antwoord gekies, kan 'n mens aflei dat dit iets is waaroor koerantmense sterk menings het. Inderdaad dui 40.91% aan dat hulle "beslis" saamstem.

Diegene wat negatief gestem het (11 uit die 110 vraelyste), vorm dus 10% van die totaal.

Afrikaanse joernaliste voel sterker oor die stelling as hul Engelse kollegas. 90.9% van die Afrikaanssprekende respondente het gemeen senior personeel moet groter verantwoordelikheidsorg dra, teenoor 83.92% onder Engelse respondente.

Dit stem tot groot hoogte ooreen met die mening van andertalige joernaliste in die ondersoek -- 80% sê hulle stem vir groter sorg dat koerante verantwoordelik moet optree.

Die groep joernaliste met 5-7 jaar ervaring tree weer na vore as die enkele groep wat die sterkste voel dat senior kollegas groter sorg moet dra t.o.v. verantwoordelikheid. Inderwaarheid stem 100% in hierdie groep saam dat dit so moet wees.

Die groep ná hulle (diegene met 8-10 jaar ondervinding) tree eweneens ook na vore met die laagste ja-persentasie (78.56%). Dit is nog steeds 'n besonder hoë persentasie wat vra vir groter

verantwoordelikheid, maar dalk kan 'n mens tog die grootste mate van selftevredenheid onder dié groep joernaliste lees (14.28%).

Dit wil dus voorkom asof joernaliste wat nou net middelbestuur betree (en m.a.w. redelik vinnig begin vorder) die mees tevrede met die situasie t.o.v. verantwoordelikheid by hul koerante is. Daarteenoor bevraagteken ander groepe met minder én meer ervaring egter hierdie hele kwessie tot groter hoogte.

SENIOR PERSONEEL MOET GROTER SORG DRA DAT HUL KOERANTE VERANTWOORDELIK OPTREE.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | | Nee % | | Onseker % | | Ja % | | Beslis Ja % | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jare Ondervinding** | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | 3 | 60.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Minder as 1 | | 1 | 12.500 | | | | | 4 | 50.000 | 3 | 37.500 | 8 |
| 1 - 4 | | 2 | 7.400 | 2 | 7.400 | 1 | 3.700 | 10 | 37.030 | 12 | 44.440 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | | | | 10 | 58.820 | 7 | 41.170 | 17 |
| 8 - 10 | | | | 2 | 14.280 | 1 | 7.140 | 6 | 42.850 | 5 | 35.710 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | 6 | 75.000 | 8 |
| 14+ | | 1 | 3.220 | 3 | 9.670 | 1 | 3.220 | 16 | 51.610 | 10 | 32.250 | 31 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Afrikaans | | 1 | 2.270 | 2 | 4.540 | 1 | 2.270 | 19 | 43.180 | 21 | 47.720 | 44 |
| Engels | | 3 | 5.350 | 3 | 5.350 | 3 | 5.350 | 28 | 50.000 | 19 | 33.920 | 56 |
| Ander | | | | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 3 | 60.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | |
| Afrikaans | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 19 | 17.272 | 21 | 19.090 | |
| Engels | | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | 28 | 25.454 | 19 | 17.272 | |
| Ander | | | | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | |

## 5. Kwessies rondom verantwoordelikheid wat sterk in koerantkolomme in debat is.

### a) Regering en die pers.

Nog 'n kwessie waaroor joernaliste sterk gereageer het, is die stelling: Die Regering van die dag behoort glad nie in te meng met die pers nie. 'n Volle 81.82% meen dat die Regering nie moet inmeng nie, en hiervan het 60% aangedui dat hulle "beslis" saamstem dat regeringsinmenging nie instemmend beantwoord kan word nie.

Die Engelssprekende mening is hier sterker as die Afrikaanse -- 74.99% van Afrikaanse respondente teenoor 85.71% onder Engelssprekende respondente. Noemenswaardig hier is die feit dat al 5 andertalige joernaliste aangedui het dat die Regering "beslis" nie met die pers mag inmeng nie.

22.72% van Afrikaanse joernaliste verwelkom Regeringsbemoeienis teenoor slegs 5.35% steun van Engelssprekende kant.

Geen enkele groep joernaliste (minstens dan wat ervaring betref) kan uitgesonder word as synde met sterker menings as ander oor die saak nie. Dit wil voorkom asof alle joernaliste, ongeag hul jare ervaring, min of meer dieselfde oor die aangeleentheid voel.

DIE REGERING VAN DIE DAG BEHOORT GLAD NIE IN TE MENG MET DIE PERS NIE.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jare Ondervinding** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Minder as 1 | | | | | 2 | 25.000 | | | 2 | 25.000 | 4 | 50.000 | 8 |
| 1 - 4 | | | | | | | 2 | 7.400 | 8 | 29.620 | 17 | 62.960 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | 3 | 17.640 | 1 | 5.880 | 3 | 17.640 | 10 | 58.820 | 17 |
| 8 - 10 | | | | | 1 | 7.140 | 1 | 7.140 | 2 | 14.280 | 10 | 71.420 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | 1 | 12.500 | | | 1 | 12.500 | 6 | 75.000 | 8 |
| 14+ | | | 2 | 6.450 | 3 | 9.670 | 2 | 6.450 | 7 | 22.580 | 17 | 54.830 | 31 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Afrikaans | | | 1 | 2.270 | 9 | 20.450 | 1 | 2.270 | 9 | 20.450 | 24 | 54.540 | 44 |
| Engels | | | 2 | 3.570 | 1 | 1.780 | 5 | 8.920 | 13 | 23.210 | 35 | 62.500 | 56 |
| Ander | | | | | | | | | | | 5 | 100.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | |
| Afrikaans | | | 1 | 0.909 | 9 | 8.181 | 1 | 0.909 | 9 | 8.181 | 24 | 21.818 | |
| Engels | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 5 | 4.545 | 13 | 11.818 | 35 | 31.818 | |
| Ander | | | | | | | | | | | 5 | 4.545 | |

b) Joernalisteregister

1. Responsgroep se reaksie.

Oor professionalisering van die joernalistieke bedryf word baie gepraat en geskryf en van Regeringskant het die instelling van 'n verpligte register deur die voorgestelde Mediaraad amper werklikheid geword (65).

Volgens die opname stem 65.46% teen die stelling dat joernaliste in 'n register opgeneem behoort te word om hul professionaliteit te bevorder -- baie soos dokters en prokureurs. Tog voel 'n groot minderheid van bykans 'n derde (27.36%) dat so 'n register ondersteun kan word.

Dat die kwessie sterk gevoelens na vore laat tree, blyk uit die stemverdeling. Meer as 50 persent (51.82%) stem "beslis nie" met die stelling saam nie, met 13.64% in die "stem saam" -kategorie.

Dieselfde geld vir die ja-kant. Daar stem 16.36% "beslis" saam, met 10.91% by die gewone "ja". Die onseker-persentasie is laag (5.45%) -- nog 'n teken dat joernaliste sterk gevoelens oor hierdie aangeleentheid het.

Afrikaanssprekende en Engelssprekende joernaliste verskil nogal heelwat oor die kwessie. Waar 38.63% Afrikaanse respondente wat die vraag beantwoord het, 'n ja-stem aanteken, stem slegs 19.99% van die Engelse respondente ja. Die meerderheid in albei gevalle stem nog teen die stelling, maar met 'n verskil van 10% (Afrikaans 59.08%; Engels 69.08%). Die andertalige minderheidstem is 4 uit 5

teen die instelling van so 'n register -- die enkele ja-stem in dié groep voel egter sterk genoeg daaroor om hom onder die "beslis ja's" te laat aanteken.

Volgens posvlak geanaliseer, meen die groot verslaggewersgroep vir 37.49% dat 'n register ondersteun kan word. Nogtans stem 53.72% teen die stelling. Hul redakteurs voel veel sterker oor die saak: drie uit vier stem teen die stelling (75%), hoewel hoofredaksielede, interessant genoeg, dit weer vir 66.66% steun. Hoewel die joernalistekorps nie ten gunste van so 'n register is nie, is die groep wat dit steun (hoewel in die minderheid) tog 'n groep wat deur senioriteitsvlakke en senior poste sny.

Onder Afrikaanse koerante teken Rapport se joernaliste die grootste nee-persentasie aan: 66.66%. By die Transvaler stem 57.13% saam met die instelling van só 'n register.

En by Beeld, soos ook by die Sunday Times, heers vertwyfeling: albei teken 50% ten gunste van die stelling.

Beeld word gebalanseer deur 'n 50% nee-mening, terwyl die Sunday Times 25% onder nee en 25% onder "onseker" aanteken.

Die skerpste teenstemme kom van die Sunday Express en die Sowetan, waar al die joernaliste in die ondersoekgroep teen die voorstel stem. Net by die Sowetan egter, word 100% in die "beslis nie" kategorie gevind. Ook by The Star is die teenkanting sterk: 69.56%. Dieselfde geld vir die Rand Daily Mail: 72.72% stem nee.

Wat hierdie kwessie betref, lyk die kritiekgroep met 5-7 jaar

ervaring nie veel anders as die ander groepe (met uitsondering van een) nie. Daar kan dus moeilik 'n afleiding volgens ervaringsvlak gemaak word.

JARE ERVARING

| | |
|---|---|
| Minder as 1 | 25% |
| 1 - 4 | 29.62% |
| 5 - 7. | 29.40% |
| 8 - 10 | 35.7% |
| 11 - 13 | 12.5% |
| Meer as 14 | 29.99% |

Waarom die ervaringsvlak 11-13 jaar soveel van die ander verskil (87.5% het teen die stelling gestem) is moeilik om te sê. Dit val ook buite die ondersoekveld van hierdie opname.

JOERNALISTE BEHOORT IN 'n REGISTER OPGENEEM TE WORD OM HUL PROFESSIONALISME TE BEVORDER - BAIE SOOS DOKTERS EN PROKUREURS.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | Nee % | Onseker % | Ja % | Beslis Ja % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare Ondervinding | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 4 80.000 | | 1 20.000 | | | 5 |
| Minder as 1 | 1 12.500 | 3 37.500 | 2 25.000 | | 1 12.500 | 1 12.500 | 8 |
| 1 - 4 | | 13 48.140 | 2 7.400 | 4 14.810 | 4 14.810 | 4 14.810 | 27 |
| 5 - 7 | | 6 35.290 | 5 29.410 | 1 5.880 | 2 11.760 | 3 17.640 | 17 |
| 8 - 10 | | 6 42.850 | 3 21.420 | | 3 21.420 | 2 14.280 | 14 |
| 11 - 13 | | 7 87.500 | | | | 1 12.500 | 8 |
| 14+ | | 18 60.000 | 3 10.000 | | 2 6.660 | 7 23.330 | 30 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 3 60.000 | 1 20.000 | | 1 20.000 | | 5 |
| Afrikaans | | 19 43.180 | 7 15.900 | 1 2.270 | 5 11.360 | 12 27.270 | 44 |
| Engels | 1 1.810 | 31 56.360 | 7 12.720 | 5 9.090 | 6 10.900 | 5 9.090 | 55 |
| Ander | | 4 80.000 | | | | 1 20.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 3 2.727 | 1 0.909 | | 1 0.909 | | |
| Afrikaans | | 19 17.272 | 7 6.363 | 1 0.909 | 5 4.545 | 12 10.909 | |
| Engels | 1 0.909 | 31 28.181 | 7 6.363 | 5 4.545 | 6 5.454 | 5 4.545 | |
| Ander | | 4 3.636 | | | | 1 0.909 | |

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 4 | 57.140 | 2 | 28.570 | | | 1 | 14.280 | | | 7 |
| Verslaggewer | 1 | 3.120 | 10 | 31.250 | 7 | 21.870 | 2 | 6.250 | 7 | 21.870 | 5 | 15.620 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) Hoofverslaggewer ) | | | 4 | 80.000 | | | 1 | 20.000 | | | | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | 5 | 83.330 | | | | | | | 1 | 16.660 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 9 | 81.810 | 1 | 9.090 | | | | | 1 | 9.090 | 11 |
| Fotograaf | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | | | 5 | 55.550 | 2 | 22.220 | | | 1 | 11.110 | 1 | 11.110 | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) Kunsred/Finansiële Red) | | | 4 | 44.440 | | | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 2 | 22.220 | 9 |
| Redakteur | | | 3 | 75.000 | | | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| Hoofredaksielid | | | 1 | 33.330 | | | | | 1 | 33.330 | 1 | 33.330 | 3 |
| Subredakteur | | | 6 | 50.000 | 1 | 8.330 | 2 | 16.660 | | | 3 | 25.000 | 12 |
| Artikelskrywer | | | 1 | 100.000 | | | | | | | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | 1 | 50.000 | | | | | | | 1 | 50.000 | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| **Koerant** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 6 | 60.000 | | | | | 1 | 10.000 | 3 | 30.000 | 10 |
| Rapport | | | 9 | 50.000 | 3 | 16.660 | | | 1 | 5.550 | 5 | 27.770 | 18 |
| Beeld | | | 5 | 31.250 | 3 | 18.750 | | | 4 | 25.000 | 4 | 25.000 | 16 |
| Die Transvaler | | | 2 | 28.570 | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 3 | 42.850 | 7 |
| The Star | | | 13 | 56.520 | 3 | 13.040 | 4 | 17.390 | 2 | 8.690 | 1 | 4.340 | 23 |
| Rand Daily Mail | 1 | 9.090 | 5 | 45.450 | 3 | 27.270 | | | 1 | 9.090 | 1 | 9.090 | 11 |
| Sunday Times | | | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 4 |
| Sunday Express | | | 6 | 85.710 | 1 | 14.280 | | | | | | | 7 |
| Sowetan | | | 7 | 100.000 | | | | | | | | | 7 |
| Soweto News | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Citizen | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| The Star (Control Group) | | | 4 | 100.000 | | | | | | | | | 4 |

2. Beskouings t.o.v. registrasie.

Volgens die Likert-tipe skaal stem 'n gerieflike meerderheid van 65.46% teen registrasie van joernaliste, maar as die joernaliste in die responsgroep se houdings ontleed word volgens die redes wat hulle vir hul antwoorde aanvoer, kom geen enkele sterk motivering teen sodanige registrasie na vore nie.

Daarom is die grootste nee-stem geskaar onder die redenasie: registrasie impliseer staatsbeheer (15.4% van die responsgroep). Hou egter in gedagte dat onder lede van die Pers verpligte registrasie deur die Regering einde 1982/begin 1983 veel meer ter sprake was (juis in die tyd wat hierdie vraelyste uitgedeel is).

Onder die groep wat voel staatsbeheer word geïmpliseer, loop die gevoelens sterk: 76.4% skaar hul stemme by beslis níe, met 17.6% wat nee sê en geen enkele joernalis wat die registrasie steun juis ómdat dit tot staatsbeheer sou lei nie.

'n Tweede sterk nee-groep meen dat registrasie die vryheid van die joernalis sou inperk (11.8%). Ook hier is geen joernalis te vinde wat die stelling juis óm hierdie rede steun nie, soos verwag was.

Die sterkste ja-groep (11.8% van die responsgroep) meen dat hulle die registrasie van joernaliste kan steun omdat dit die status van die beroep sal verhoog. Hieroor voel die respondentegroep egter nie heeltemal so sterk as die nee-groep oor húlle menings nie. 53.8% -- 'n meerderheid -- sê darem beslis ja, met 38.4% ja's.

Die ander groot ja-mening (ook 11.8%) meen dat die maatreël van

registrasie die pers meer verantwoordelik sal maak. Die verdeling is 61.5% beslis ja, 30.7% ja.

Onder die nee-groep word as rede aangevoer dat registrasie geen nut kan dien nie (10.9%), dat individualiteit in die perswese daaronder sal ly (9%), dat skeppende talent nie geïnstitusionaliseer kan word nie (8.1%) en dat joernalistiek geen beroep is nie (7.2%).

Respondente wat op die stelling ja geantwoord het, voer ook aan dat dit die onprofessionele joernaliste sal uitskakel (4.5%) en dat hulle dit ondersteun mits die register deur mede-joernaliste beheer word, nie deur die Staat nie (2.7%).

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | REGISTRASIE | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | Impliseer staats-beheer | 5.10 | 15.50 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 13 | Beslis Nee | 76.40 |
| | | | | 3 | Stem Nee | 17.60 |
| | | | | 0 | Onseker | 0.00 |
| | | | | 0 | Stem Ja | 0.00 |
| | | | | 1 | Beslis Ja | 5.80 |
| 13 | Sou vryheid inperk | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 11 | Beslis Nee | 84.60 |
| | | | | 2 | Stem Nee | 15.30 |
| | | | | 0 | Onseker | 0.00 |
| | | | | 0 | Stem Ja | 0.00 |
| | | | | 0 | Beslis Ja | 0.00 |
| 13 | Status verhoog | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 1 | Beslis Nee | 7.60 |
| | | | | 0 | Stem Nee | 0.00 |
| | | | | 0 | Onseker | 0.00 |
| | | | | 5 | Stem Ja | 38.40 |
| | | | | 7 | Beslis Ja | 53.80 |
| 13 | Pers meer verantwoordelik maak | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 1 | Beslis Nee | 7.60 |
| | | | | 0 | Stem Nee | 0.00 |
| | | | | 0 | Onseker | 0.00 |
| | | | | 4 | Stem Ja | 30.70 |
| | | | | 8 | Beslis Ja | 61.50 |

3. Beskouings en taalgroepe.

Ons weet uit die ontleding van die 5-punt-skaal dat meer Afrikaanssprekende joernaliste registrasie steun. Nogtans is dit insiggewend dat hulle ook 29.4% van die groep uitmaak wat meen dit sal tot staatsbeheer oor die media lei. Engelssprekendes vorm 47% van hierdie groep, met 17.6% steun van andertaliges.

Ook by die motivering dat registrasie die vryheid van joernaliste sou inperk, is die Afrikaanse stem 30.7%, met 53.8% steun van Engelssprekendes.

Word die steun vir die stelling ontleed, blyk dit dat Engelssprekende joernaliste ook hier 'n beduidende groep vorm: 38.4% van diegene wat glo dat dit die status van die beroep sou verhoog, en 30.7% van diegene wat glo registrasie sal die SA pers meer verantwoordelik maak. Hierby skaar 1 andertalige (of 7.6% van die groepie) hom ook.

Verwagtinge dat motiverings op hierdie stelling klinkklaar in die verskillende taalgroepe uiteen sal val, word dus nie bevestig nie. Daar is beduidende minderhede wat oor taalgrense heen dieselfde oor hul "beroep" voel.

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | TAALGROEP | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | Impliseer staats-beheer | 5.10 | 15.40 | 1 | Geen taal | 5.80 |
| | | | | 5 | Afrikaans | 29.40 |
| | | | | 8 | Engels | 47.00 |
| | | | | 3 | Ander | 17.60 |
| 13 | Sou vryheid inperk | 3.90 | 11.80 | 2 | Geen taal | 15.30 |
| | | | | 4 | Afrikaans | 30.70 |
| | | | | 7 | Engels | 53.80 |
| | | | | 0 | Ander | 0.00 |

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | TAALGROEP | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 13 | Status verhoog | 3.90 | 11.80 | 1 | Geen taal | 7.60 |
| | | | | 7 | Afrikaans | 53.80 |
| | | | | 5 | Engels | 38.40 |
| | | | | 0 | Ander | 0.00 |
| 13 | Pers meer verantwoordelik maak | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen taal | 0.00 |
| | | | | 8 | Afrikaans | 61.50 |
| | | | | 4 | Engels | 30.70 |
| | | | | 1 | Ander | 7.60 |

## 4. Beskouings en ervaringvlak.

Die groep met 5-7 jaar ervaring (tot dusver uitgesonder as een met 'n hoër selfkritiese profiel as ander groepe) vorm die meerderheidstem by die motivering: registrasie sal tot staatsbeheer lei (35.2%).

Die groep met 11-13 jaar ervaring staan in geen motivering uit as 'n meerderheid of 'n beduidende minderheid nie. Die hoogste persentasie (17.6%) word onder bg. stelling oor staatsbeheer gevind.

Die joernaliste met die meeste ervaring stem ten sterkste nee weens hoofsaaklik twee redes: die joernalistiek is geen beroep nie, sê hulle (62.5%) en skeppende talent kan nie geïnstitusionaliseer word nie (55.5%).

Waar hulle die hoogste ja-persentasie aanteken, is onder die redenasie: onprofessionele mense sal uit die beroep geweer word (60%) en registrasie sal tot 'n verantwoordeliker pers lei (30.7%).

Algemeen gestel, stem minder ervare joernaliste tot groter hoogte in tot 'n registrasielys as wat meer ervare joernaliste dit doen, met

die 1-4 groep se grootste vrees dat registrasie sal lei tot diktatuur deur 'n elite-groep (57.1%).

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | JARE ONDERVINDING | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | Impliseer staatsbeheer | 5.10 | 15.40 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | - 1 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 23.50 |
| | | | | 6 | 5- 7 jaar | 35.20 |
| | | | | 2 | 8-10 jaar | 11.70 |
| | | | | 3 | 11-13 jaar | 17.60 |
| | | | | 2 | 14+ jaar | 11.70 |
| 13 | Sou vryheid inperk | 3.90 | 11.80 | 2 | Geen | 15.30 |
| | | | | 0 | - 1 jaar | 0.00 |
| | | | | 3 | 1- 4 jaar | 23.00 |
| | | | | 2 | 5- 7 jaar | 15.30 |
| | | | | 0 | 8-10 jaar | 0.00 |
| | | | | 2 | 11-13 jaar | 15.30 |
| | | | | 4 | 14+ jaar | 30.70 |
| 13 | Status verhoog | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 2 | - 1 jaar | 15.30 |
| | | | | 5 | 1- 4 jaar | 38.40 |
| | | | | 1 | 5- 7 jaar | 7.60 |
| | | | | 3 | 8-10 jaar | 23.00 |
| | | | | 0 | 11-13 jaar | 0.00 |
| | | | | 2 | 14+ jaar | 15.30 |
| 13 | Pers meer verantwoordelik maak | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | - 1 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 30.70 |
| | | | | 3 | 5- 7 jaar | 23.00 |
| | | | | 2 | 8-10 jaar | 15.30 |
| | | | | 0 | 11-13 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 14+ jaar | 30.70 |

5. Beskouings en koerante.

Daar is min sprake dat motiverings vir steun of teenkanting teen registrasie koerantgebonde is. Klein persentasies van joernaliste word by alle motiverings gevind, met The Star 'n meerderheid by: staatsbeheer word geïmpliseer (23.5%), en 'n beduidende meerderheid by die redenasie: individualiteit in die perswese sal skade ly (40%).

Beeld (46.1%) word weer die sterkste verteenwoordig by die motivering: registrasie sal tot 'n veranwoordeliker pers lei.

By die ja-stem voel joernaliste van Beeld, Transvaler en die Citizen in gelyke getalle (23%) dat registrasie tot hoër status vir die beroep sal lei.

Die hoogste "geen mening" word deur The Star aangeteken (66.6%).

Dit blyk dat joernaliste, wat ook al hul beweegredes om vír, of teen die stelling te stem, dit nie èn masse volgens koerant doen nie.

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | KOERANT | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | Impliseer staats-beheer | 5.10 | 15.40 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 1 | Star Contr | 5.80 |
| | | | | 3 | Citizen | 17.60 |
| | | | | 3 | Rapport | 17.60 |
| | | | | 1 | Beeld | 5.80 |
| | | | | 0 | Transvaler | 0.00 |
| | | | | 4 | The Star | 23.50 |
| | | | | 2 | Daily Mail | 11.70 |
| | | | | 0 | Sun Times | 0.00 |
| | | | | 0 | Sun Express | 0.00 |
| | | | | 3 | Sowetan | 17.60 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |

| TOTAAL | WAAROM REGISTRASIE | % UIT ALLE MCONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | KOERANT | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 13 | Sou vryheid inperk | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 3 | Star Contr | 23.00 |
| | | | | 0 | Citizen | 0.00 |
| | | | | 3 | Rapport | 23.00 |
| | | | | 1 | Beeld | 7.60 |
| | | | | 1 | Transvaler | 7.60 |
| | | | | 2 | The Star | 15.30 |
| | | | | 0 | Daily Mail | 0.00 |
| | | | | 0 | Sun Times | 0.00 |
| | | | | 2 | Sun Express | 15.30 |
| | | | | 1 | Sowetan | 7.60 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |
| 13 | Status verhoog | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | Star Contr | 0.00 |
| | | | | 3 | Citizen | 23.00 |
| | | | | 2 | Rapport | 15.30 |
| | | | | 3 | Beeld | 23.00 |
| | | | | 3 | Transvaler | 23.00 |
| | | | | 0 | The Star | 0.00 |
| | | | | 0 | Daily Mail | 0.00 |
| | | | | 1 | Sun Times | 7.60 |
| | | | | 0 | Sun Express | 0.00 |
| | | | | 0 | Sowetan | 0.00 |
| | | | | 1 | Soweto News | 7.60 |
| 13 | Pers meer verantwoordelik maak | 3.90 | 11.80 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | Star Contr | 0.00 |
| | | | | 1 | Citizen | 7.60 |
| | | | | 2 | Rapport | 15.30 |
| | | | | 6 | Beeld | 46.10 |
| | | | | 1 | Transvaler | 7.60 |
| | | | | 0 | The Star | 0.00 |
| | | | | 2 | Daily Mail | 15.30 |
| | | | | 1 | Sun Times | 7.60 |
| | | | | 0 | Sun Express | 0.00 |
| | | | | 0 | Sowetan | 0.00 |
| | | | | 0 | Soweto News | 0.00 |

C. Beriggewing en nagevolge.

Afrikaanse joernaliste meen tot groter hoogte as Engelse joernaliste dat die joernalis hom nie van die implikasies van sy berigte kan losmaak nie. Hulle stem vir 88.62% nie saam met die stelling : Joernaliste moet hul glad nie steur aan die moontlike gevolge van hul berigte nie. Die uitgebragte Engelssprekende stem is hier 78.56%, met die vernaamste verskil tussen Engels en Afrikaans, interessant genoeg, aan die "stem beslis nie saam nie" -kant. Dit dui daarop dat Afrikaanse joernaliste sterk voel dat die koerantman en sy storie met nagevolge en implikasies getemper behoort te word. (Afrikaanse sterk mening is 56.81% van die totaal wat op die vraag geantwoord het, teenoor 44.64% in Engelssprekende geval.)

Al vyf andertalige respondente meen dat die implikasies van 'n berig beslis in die oog gehou moet word en hul verspreiding (60% beslis nie en 40% stem nie saam nie) stem groter ooreen met die Afrikaanse houding as die Engelssprekende houding.

9.08% Afrikaanse steun gaan ter ondersteuning van die stelling. Hierteenoor is die Engelse steun groter (14.27%).

Die vermoede dat die ouer garde joernaliste minder geneig sou wees om te voel die implikasies van 'n berig moet ook by die skryf in ag geneem word, kon nie gestaaf word nie. Uit die verspreidingskurwe (-1: 100% ; 1-4: 85.18% ; 5-7: 88.23% ; 8-10: 85.7% ; 11-13: 62.5%; 14+: 83.86%) kan min anders as 'n deurlopende mening dat die implikasies belangrik is, opgemerk word.

Weens die effens groter persentasie Engelssprekendes wat aan die ondersoek deelgeneem het, is die Engelse negatiewe houding jeens die stelling egter groter (40%) as die Afrikaanse steun, gemeet teen die totale veld (35.45%).

Behoorlik geweeg blyk dit egter dat sommige Afrikaanse joernaliste veel sterker oor die stelling voel as Engelssprekendes.

JOERNALISTE MOET HUL GLAD NIE STEUR AAN DIE MOONTLIKE GEVOLGE VAN HUL BERIGTE NIE.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | Nee % | Onseker % | Ja % | Beslis Ja % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare Ondervinding | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 2 40.000 | 1 20.000 | | 1 20.000 | 1 20.000 | 5 |
| Minder as 1 | | 3 37.500 | 5 62.500 | | | | 8 |
| 1 - 4 | | 14 51.850 | 9 33.330 | 2 7.400 | 2 7.400 | | 27 |
| 5 - 7 | | 10 58.820 | 5 29.410 | 1 5.880 | 1 5.880 | | 17 |
| 8 - 10 | | 10 71.420 | 2 14.280 | 1 7.140 | | 1 7.140 | 14 |
| 11 - 13 | | 2 25.000 | 3 37.500 | 1 12.500 | 2 25.000 | | 8 |
| 14+ | | 15 48.380 | 11 35.480 | | 3 9.670 | 2 6.450 | 31 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 3 60.000 | 1 20.000 | | 1 20.000 | | 5 |
| Afrikaans | | 25 56.810 | 14 31.810 | 1 2.270 | 3 6.810 | 1 2.270 | 44 |
| Engels | | 25 44.640 | 19 33.920 | 4 7.140 | 5 8.920 | 3 5.350 | 56 |
| Ander | | 3 60.000 | 2 40.000 | | | | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 3 2.727 | 1 0.909 | | 1 0.909 | | |
| Afrikaans | | 25 22.727 | 14 12.727 | 1 0.909 | 3 2.727 | 1 0.909 | |
| Engels | | 25 22.727 | 19 17.272 | 4 3.636 | 5 4.545 | 3 2.727 | |
| Ander | | 3 2.727 | 2 1.818 | | | | |

6. <u>Die pers en leserreaksie.</u>

a. <u>Respek vir die pers.</u>

'n Redelik groot persentasie respondente het aangedui hulle is onseker oor die stelling: My koerant se lesers het respek vir die wyse waarop nuus by ons gehanteer word (25.45%).

Tog het 62.72% positief gereageer deur met die stelling saam te stem. 50% van die stemme (gemeet teen die totale veld) was vir "stem saam". Min wou sê "stem beslis saam" (12.72%).

Joernaliste wat nie wou sê hulle meen hul lesers het <u>nie respek vir die wyse waarop nuus by hul koerante gehanteer word nie</u>, het 10.91% van die ondersoekveld uitgemaak.

Verdeel in Afrikaanse en Engelssprekende respondente, glo Afrikaanse joernaliste tot groter hoogte dat hul lesers respek vir die koerantproduk het (68.17%). Hierteenoor meen 55.34% van Engelssprekende joernaliste wat die vraag beantwoord het, dat hul lesers respek vir die koerant se produk het.

Aan Afrikaanse kant is die nee-stem besonder laag (4.54%) teenoor die Engelse nee (16.06%).

Die hoë weet-nie syfer verdien vermelding : 25% vir Afrikaans en 28% vir Engels.

Die gevolgtrekking hieruit: 'n Redelik groot persentasie joernaliste is totaal in die duister oor hoe hul publiek voel oor die koerante

waar hulle werk. Joernaliste reageer in elk geval opmerklik versigtig op dié vraag.

Die verspreidingskurwe onder die verskillende ervaringsvlakke bied min noemenswaardig, behalwe die redelik hoë persentasie joernaliste met 1-4 jaar ondervinding wat aandui dat hulle onseker is oor hul lesersreaksie (40.74%).

In die groep wat na vore tree as die sterkste selfkritici (5-7 jaar ondervinding) is daar ook 'n noemenswaardige hoë nee-stem (21.42%), feitlik dubbel die persentasie wat enige ander groep aangeteken het.

Dit is egter in ooreenstemming met hul hoogs kritiese profiel -- as hulle meen dat daar inderdaad ruimte vir verbetering m.b.t. verantwoordelikheid by koerante is, dan sou hulle inderdaad ook meen dat hul lesers alle rede het om nie respek te hê vir die wyse waarop hul koerant nuus hanteer nie.

MY KOERANT SE LESERS HET RESPEK VIR DIE WYSE WAAROP NUUS BY ONS GEHANTEER WORD.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jare Ondervinding** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | 2 | 40.000 | 3 | 60.000 | | | 5 |
| Minder as 1 | | | | | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | 4 | 50.000 | 2 | 25.000 | 8 |
| 1 - 4 | | | | | 3 | 11.110 | 11 | 40.740 | 12 | 44.440 | 1 | 3.700 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | 1 | 5.880 | 4 | 23.520 | 11 | 64.700 | 1 | 5.880 | 17 |
| 8 - 10 | | | | | 3 | 21.420 | 2 | 14.280 | 8 | 57.140 | 1 | 7.140 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | 1 | 12.500 | 2 | 25.000 | 4 | 50.000 | 1 | 12.500 | 8 |
| 14+ | 1 | 3.220 | 2 | 6.450 | 1 | 3.220 | 6 | 19.350 | 13 | 41.930 | 8 | 25.800 | 31 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | 1 | 20.000 | 4 | 80.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 1 | 2.270 | 1 | 2.270 | 11 | 25.000 | 21 | 47.720 | 9 | 20.450 | 44 |
| Engels | | | 1 | 1.780 | 8 | 14.280 | 16 | 28.570 | 26 | 46.420 | 5 | 8.920 | 56 |
| Ander | | | | | 1 | 20.000 | | | 4 | 80.000 | | | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | 1 | 0.909 | 4 | 3.636 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 11 | 10.000 | 21 | 19.090 | 9 | 8.181 | |
| Engels | | | 1 | 0.909 | 8 | 7.272 | 16 | 14.545 | 26 | 23.636 | 5 | 4.545 | |
| Ander | | | | | 1 | 0.909 | | | 4 | 3.636 | | | |

b) <u>Die pers se invloed op openbare mening</u>.

Joernaliste reageer sterk positief op die stelling dat openbare mening gevorm word deur wat in koerante staan. 76.36% van alle koerantmense in die ondersoek dui aan dat hulle met die stelling saamstem. Uit dié groottotaal stem 27.27% "beslis" saam met die stelling, en net minder as helfte van die ondersoekgroep, nl. 49.09%, sê hulle stem met die stelling saam.

Die nee-stem is 11.82%, presies dieselfde as die getal wat hulself as "onseker" oor die stelling beskryf.

Benewens die sterk instemming met die stelling, is dit nogal interessant dat Afrikaanse en Engelse joernaliste op dié punt baie ooreenstem. Afrikaanse respondente het vir 74.99% met die stelling saamgestem teenoor die Engelse 76.78%.

Hoewel die mening van die anderkleuriges in die ondersoek nie veel invloed het weens die beperkte getal respondente nie, stem hulle op 60% tog grotendeels ooreen met die bostaande syfers.

Die getroue ooreenstemming van saamstem-persentasies is m.i. ŉ getroue weerspieëling van die feit dat joernaliste basies wel saamstem dat openbare mening gevorm word deur koerante. Gelees saam met die groot "onseker" persentasie op die stelling "My koerante se lesers het respek vir die wyse waarop nuus by ons gehanteer word", kom daar egter ŉ groot verdeling tot stand.

Hoe rym die feit dat 25.45% van die totale getal respondente dan kon antwoord dat hulle glad nie weet of hul lesers respek het vir

die wyse waarop nuus gehanteer word nie? 'n Mens kan dit skaars anders as 'n redelike mate van wantroue in die eie produk lees: "ja, die lesers se mening word gevorm deur dit wat in koerante staan, maar ek weet nie eintlik of hulle respek vir my koerant ontwikkel het nie."

OPENBARE MENING WORD GEVORM DEUR WAT IN DIE KOERANTE STAAN.

| | Nie geantwoord % | | Beslis nie % | | Nee % | | Onseker % | | Ja % | | Beslis Ja % | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 4 | 80.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Afrikaans | | | 1 | 2.270 | 3 | 6.810 | 7 | 15.900 | 19 | 43.180 | 14 | 31.810 | 44 |
| Engels | | | 3 | 5.350 | 4 | 7.140 | 6 | 10.710 | 28 | 50.000 | 15 | 26.780 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 3 | 60.000 | | | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 4 | 3.636 | 1 | 0.909 | |
| Afrikaans | | | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | 7 | 6.363 | 19 | 17.272 | 14 | 12.727 | |
| Engels | | | 3 | 2.727 | 4 | 3.636 | 6 | 5.454 | 28 | 25.454 | 15 | 13.636 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | 3 | 2.727 | | | |

7. <u>Die bestaan van ŉ denkklimaat by koerante.</u>

a) <u>By elke koerant.</u>

Joernaliste voel blykbaar besonder sterk oor die stelling dat daar ŉ "gees" of denkklimaat by koerante bestaan. 91.82% van hulle stem saam of beslis saam met die stelling: Elke koerant het ŉ "gees" of denkklimaat wat sy hantering van nuus beïnvloed.

Daar is geen teken uit die respons dat die vraag moontlik verwarring by die respondente kon geskep het nie -- dit was ŉ punt wat geopper is in die evaluering van die vraelys wat deur die Nasionale Personeelnavorsingsinstituut onderneem is. (Sien Addendum B agteraan hierdie rapport.)

Slegs 1.82% van die respondente (m.a.w. 2 mense) het "onseker" geantwoord en slegs .909% (m.a.w. 1 mens) het verkies om die vraag nie te antwoord nie.

Daarby het ŉ meerderheid van die totale ja-stem (47.27%) aangedui dat hulle "beslis" met die stelling saamstem.

Kyk ŉ mens na die taalverdeling, is die syfers redelik konstant met 95.44% vir Afrikaans, 89.28% vir Engels en 80% vir andertaliges. Weens die feit dat die 2 "onsekere" stemme albei Engels is, kan ŉ mens miskien aanvaar dat die Engelse formulering van die stelling ŉ mate van vertwyfeling oor die bedoeling van die vraag kon laat ontstaan het. Dit bly egter ŉ onbenullige persentasie en weerspreek die mening wat deur die NPNI uitgespreek word. Joernaliste voel sterk oor die saak, spreek dit beslis uit en ly aan geen groot vertwyfeling hieromtrent nie.

Wat senioriteit en jare ervaring betref, blyk daar ook geen of min verskil onder joernaliste te wees. Dit is duidelik dat jong en ouer verslaggewers, subredakteurs en redakteurs hierdie atmosfeer of denkklimaat onmiddellik en duidelik aanvoel en ook die invloed daarvan op nuusberiggewing erken.

ELKE KOERANT HET ŉ "GEES" OF DENKKLIMAAT WAT SY HANTERING VAN NUUS BEÏNVLOED.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | Nee. % | Onseker % | Ja % | Beslis Ja % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare Ondervinding<br>% van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 3 60.000 | 2 40.000 | 5 |
| Minder as 1 | | 1 12.500 | | | | 7 87.500 | 8 |
| 1 - 4 | | | 2 7.400 | 2 7.400 | 12 44.440 | 11 40.740 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | 9 52.940 | 8 47.050 | 17 |
| 8 - 10 | | 1 7.140 | | | 5 35.710 | 8 57.140 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | 5 62.500 | 3 37.500 | 8 |
| 14+ | 1 3.220 | | 2 6.450 | | 15 48.380 | 13 41.930 | 31 |
| Taalgroep<br>% van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 40.000 | 3 60.000 | 5 |
| Afrikaans | 1 2.270 | | 1 2.270 | | 18 40.900 | 24 54.540 | 44 |
| Engels | | 1 1.780 | 3 5.350 | 2 3.570 | 27 48.210 | 23 41.070 | 56 |
| Ander | | 1 20.000 | | | 2 40.000 | 2 40.000 | 5 |
| Taalgroep<br>% van totale ondersoekveld. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 1.818 | 3 2.727 | |
| Afrikaans | 1 0.909 | | 1 0.909 | | 18 16.363 | 24 21.818 | |
| Engels | | 1 0.909 | 3 2.727 | 2 1.818 | 27 24.545 | 23 20.909 | |
| Ander | | 1 0.909 | | | 2 1.818 | 2 1.818 | |
| Betrekking Tans<br>% van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 3 42.850 | 4 57.140 | 7 |
| Verslaggewer | | 1 3.120 | 1 3.120 | | 13 40.620 | 17 53.120 | 32 |
| Politieke Verslaggewer/)<br>Hoofverslaggewer ) | | | 2 40.000 | | 3 60.000 | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- )<br>Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | 1 16.660 | 2 33.330 | 3 50.000 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | | 1 9.090 | 6 54.540 | 4 36.360 | 11 |
| Fotograaf | | | | | 2 50.000 | 2 50.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | 1 11.110 | | | | 4 44.440 | 4 44.440 | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ )<br>Kunsred/Finansiële Red) | | | | | 5 55.550 | 4 44.440 | 9 |
| Redakteur | | | | | 2 50.000 | 2 50.000 | 4 |
| Hoofredaksielid | | | | | 1 33.330 | 2 66.660 | 3 |
| Subredakteur | | | 1 7.690 | | 5 38.460 | 7 53.840 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | 1 100.000 | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | 1 50.000 | 1 50.000 | 2 |
| Sportverslaggewer | | 1 25.000 | | | 1 25.000 | 2 50.000 | 4 |

b) <u>Kollegas beïnvloed deur denkklimaat.</u>

Hoewel 'n meerderheid van joernaliste (54.55%) tog meen dat hulle en hul kollegas deur 'n koerant se "gees" of denkklimaat beïnvloed word, is die groep joernaliste wat meen hulle word nie beïnvloed nie, taamlik groot (31.82%).

'n Groter groep (16.36%) sê "beslis nie" as wat meen "beslis ja" (10.91%). Die persentasie onsekeres is 12.73%.

Geoordeel volgens die poste wat die respondente afsonderlik by koerante beklee, wil dit voorkom mense in die meer senior poste afnemend meen dat hulle beïnvloed word deur die koerant se denkklimaat. In die verslaggewersgroep val die grootste persentasie wat meen hulle word beïnvloed: 16.36% van die totale getal respondente. Gemeet teen die getal verslaggewers wat op die spesifieke vraag geantwoord het, is die persentasie effens hoër as die totale groep (56.24%). As 'n mens egter in gedagte hou dat verslaggewers 32 uit die 110 respondente uitmaak en meer as dubbel die getal wat in enige ander kategorie vorm, word hierdie groepmening nogal betekenisvol.

Onder redakteurs, daarenteen, het slegs een uit 4 die stelling onderskryf dat joernaliste deur 'n denkklimaat beïnvloed word. Dit het belangrike implikasies, veral vir die vraag waarin gevra word wie bepaal eintlik hierdie denkklimaat by koerante (verwys na Stelling 7.a.).

2 uit 3 hoofredaksielede meen egter dat die stelling onderskryf kan word, en 4 uit 8 hoofde van afdelings by koerante sê ook so.

Assistent-redakteurs stem 6 uit 9 saam met die stelling -- 'n interessante afwyking van die patroon.

Gegradueerdes maak 42.73% van die ondersoekgroep uit, en van hulle meen 59.56% dat hulle wel beïnvloed word deur denkklimaat. Respondente met ander hoër opleidingskwalifikasies (m.a.w. Onderwysdiploma, Tegniese kwalifikasie ens.) vorm die sterkste nee-groep (41.17 persent van hulle glo dat 'n mens nie beïnvloed word nie).

Onder taalgroepe erken 61.36% van Afrikaanse koerantmense dat hierdie denkklimaat hulle beïnvloed. Daarteenoor meen 48.21% Engelssprekende joernaliste dat hulle beïnvloed word en 37.49% meen dat dit glad nie die geval is nie.

Die swart minderheidstem stem ooreen met die Afrikaanse persentasie (60%).

Die Sunday Express spreek die sterkste nee-mening op die denkklimaat-stelling uit, maar dit word tog deels gebalanseer deur 'n 42.85%-ja. By The Star heers 'n soortgelyke verdeling met die meerderheidstem teen beïnvloeding (45.83% meen dat hulle nie beïnvloed word nie en 29.16% meen dat dit tog so is).

In kontras hiermee, meen 72.72% van joernaliste by die Rand Daily Mail wat die vraelys voltooi het dat hulle wel beïnvloed word. Die Sowetan teken 'n soortgelyke persentasie aan (71.42%), soos inderdaad ook die Afrikaanse koerante: Beeld (75%) en die Transvaler (71.42%). By Rapport, in teenstelling, meen 55.55% dat hulle wel beïnvloed word en 22.22% glo dat dit nie die geval kan wees nie.

Om 'n afleiding hieruit te maak, is moeilik. Dit lyk asof "betrokke" koerante soos die Rand Daily Mail, die Sowetan en Beeld (in die sin dat hulle duidelik 'n ideologiese stryd in hul nuuskolomme stry) hoë ja-persentasies aanteken. Maar dieselfde kan tog ook vir die Sunday Express gesê word, en hy teken weer 'n groot nee-meerderheidstem aan.

Die minder betrokke koerante, The Star en Rapport (albei streef na gematigdheid) het wel groot nee-persentasies aangeteken.

Tog wil dit lyk asof hierdie mening oor 'n denkklimaat baie afhang van die soort leiding wat 'n redakteur gee.

ELKE JOERNALIS WORD DEUR HIERDIE DENKKLIMAAT BY SY KOERANT BEÏNVLOED.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 1 | 2.270 | 11 | 25.000 | 4 | 9.090 | 23 | 52.270 | 4 | 9.090 | 44 |
| Engels | | | 6 | 10.710 | 15 | 26.780 | 8 | 14.280 | 21 | 37.500 | 6 | 10.710 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 11 | 10.000 | 4 | 3.636 | 23 | 20.909 | 4 | 3.636 | |
| Engels | | | 6 | 5.454 | 15 | 13.636 | 8 | 7.272 | 21 | 19.090 | 6 | 5.454 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 4 | 57.140 | 1 | 14.280 | 7 |
| Verslaggewer | | | 2 | 6.250 | 8 | 25.000 | 4 | 12.500 | 15 | 46.870 | 3 | 9.370 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | | | 2 | 40.000 | | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | | 1 | 16.660 | | | 4 | 66.660 | 1 | 16.660 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 1 | 9.090 | 2 | 18.180 | 3 | 27.270 | 3 | 27.270 | 2 | 18.180 | 11 |
| Fotograaf | | | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | 4 |
| Asst.-redakteur | 1 | 11.110 | | | 2 | 22.220 | | | 6 | 66.660 | | | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | 5 | 55.550 | | | 9 |
| Redakteur | | | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | 4 |
| Hoofredaksielid | | | | | 1 | 33.330 | | | 2 | 66.660 | | | 3 |
| Subredakteur | | | 1 | 7.690 | 3 | 23.070 | 3 | 23.070 | 3 | 23.070 | 3 | 23.070 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | 1 | 50.000 | | | | | 1 | 50.000 | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 1 | 25.000 | | | | | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | 4 |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 4 | 3.636 | 1 | 0.909 | |
| Verslaggewer | | | 2 | 1.818 | 8 | 7.272 | 4 | 3.636 | 15 | 13.636 | 3 | 2.727 | |
| Politieke Verslaggewer/) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | | | 2 | 1.818 | | | |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | | 1 | 0.909 | | | 4 | 3.636 | 1 | 0.909 | |
| Senior Verslaggewer | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | 2 | 1.818 | |
| Fotograaf | | | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | |
| Asst.-redakteur | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | | | 6 | 5.454 | | | |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 5 | 4.545 | | | |
| Redakteur | | | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | |
| Hoofredaksielid | | | | | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | | | |
| Subredakteur | | | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | 3 | 2.727 | |
| Artikelskrywer | | | | | 1 | 0.909 | | | | | | | |
| Finansiële Verslaggewer | | | 1 | 0.909 | | | | | 1 | 0.909 | | | |
| Sportverslaggewer | | | 1 | 0.909 | | | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | |

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| <u>Opvoedkundige Vlak</u> | | | | | | | | | | | | | |
| <u>% van vraag beantwoord.</u> | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 16.660 | 1 | 16.660 | 1 | 16.660 | 2 | 33.330 | 1 | 16.660 | 6 |
| Gedeeltelike hoërskool | | | | | | | | | | | | | |
| Hoërskool voltooi | | | | | 2 | 15.380 | 2 | 15.380 | 8 | 61.530 | 1 | 7.690 | 13 |
| Gedeeltelike universiteit | | | 1 | 3.700 | 9 | 33.330 | 4 | 14.810 | 10 | 37.030 | 3 | 11.110 | 27 |
| Universiteit voltooi (alle grade) | 1 | 2.120 | 5 | 10.630 | 9 | 19.140 | 4 | 8.510 | 23 | 48.930 | 5 | 10.630 | 47 |
| Ander hoër kwalifikasies | | | 1 | 5.880 | 6 | 35.290 | 3 | 17.640 | 5 | 29.410 | 2 | 11.760 | 17 |
| <u>Koerant</u> | | | | | | | | | | | | | |
| <u>% van vraag beantwoord.</u> | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 2 | 20.000 | 4 | 40.000 | 1 | 10.000 | 1 | 10.000 | 2 | 20.000 | 10 |
| Rapport | 1 | 5.550 | | | 4 | 22.220 | 3 | 16.660 | 8 | 44.440 | 2 | 11.110 | 18 |
| Beeld | | | | | 3 | 18.750 | 1 | 6.250 | 11 | 68.750 | 1 | 6.250 | 16 |
| Die Transvaler | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | | | 3 | 42.850 | 2 | 28.570 | 7 |
| The Star | | | 2 | 8.330 | 9 | 37.500 | 6 | 25.000 | 6 | 25.000 | 1 | 4.160 | 24 |
| Rand Daily Mail | | | 1 | 9.090 | 2 | 18.180 | | | 7 | 63.630 | 1 | 9.090 | 11 |
| Sunday Times | | | | | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | 4 |
| Sunday Express | | | 1 | 14.280 | 3 | 42.850 | | | 3 | 42.850 | | | 7 |
| Sowetan | | | 1 | 14.280 | | | 1 | 14.280 | 4 | 57.140 | 1 | 14.280 | 7 |
| Soweto News | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Citizen | | | | | | | 1 | 100.000 | | | | | 1 |
| The Star (Control Group) | | | | | 1 | 25.000 | | | 3 | 75.000 | | | 4 |

c) Eie koerant en denkklimaat.

Respondente meen vir 83.64% dat sprake van so 'n gees of denkklimaat ook by hul eie koerant aanwesig is, hoewel hulle tog nog positiewer (91.82%) gereageer het op die stelling dat elke koerant so 'n denkklimaat het.

Die verskil van 6.16% tussen die Afrikaanse ja en die Engelse ja-stem vergroot nou egter tot 10.07%.

Afrikaanse respondente meen vir 88.63% dat hulle met die stelling saamstem teenoor die Engelse instemming van 78.56%.

Weer eens korrespondeer die andertalige minderheidstem goed met bogenoemde syfers (80%).

'n Redelik groot persentasie (31.82%) van die ja-stem voel "beslis" dat hierdie klimaat by hulle koerant aanwesig is en dit kan met vrug vergelyk word met die volgende stelling, naamlik "Dit het my al beïnvloed in die wyse waarop ek my werk doen".

HIERDIE "GEES" OF DENKKLIMAAT IS OOK BY MY KOERANT.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 3 | 60.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | | | 2 | 4.540 | 2 | 4.540 | 23 | 52.270 | 16 | 36.360 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 1 | 1.780 | 4 | 7.140 | 6 | 10.710 | 29 | 51.780 | 15 | 26.780 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | | | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 3 | 2.727 | 2 | 1.818 | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | 23 | 20.909 | 16 | 14.545 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 4 | 3.636 | 6 | 5.454 | 29 | 26.363 | 15 | 13.636 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | | | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | |

d) Self beïnvloed deur denkklimaat.

'n Besliste meerderheid joernaliste doen die erkenning dat die heersende denkklimaat by 'n koerant hulle al beïnvloed het in die wyse waarop hulle hul werk doen (65.45%). Uit hierdie persentasie voel 19.09% sterk genoeg daaroor om hul ja-stem onder "beslis" te voeg.

Min respondente het hierdie vraag as "onseker" aangemerk, met die gevolg dat die nee-stem redelik hoog bly op 27.27%. Diegene wat sterk genoeg oor die saak voel (11.82%) verskil egter nie soveel van die gewone nee's (15.45%) nie.

Die groep wat die sterkste bevraagtekening agter die verantwoordelikheidsbeskouing van hul koerant plaas, staan weer eens in hierdie kategorie uit met die laagste erkenning dat die denkklimaat by 'n koerant hulle beïnvloed. Die groep in die ondervindingsgroep 8 tot 10 jaar sê 49.99% dat hulle wel beïnvloed word, met 'n sterk nee-persentasie van 35.7%. Die groep met 5-7 jaar ondervinding stem 58.81% saam, wat eers behoorlik implikasie verkry wanneer dit met die ander ondervindingvlakke vergelyk word : die groep met 1-4 jaar ondervinding stem vir 74.06% saam, soos ook dié met die meeste ondervinding (14 jaar en langer) -- 70.95%.

Die grootste groep onder die respondente wat meen die Engelse pers is meer verantwoordelik as die Afrikaanse pers (40% het positief op só ŉ stelling geantwoord) meen dat dit te wyte is aan die feit dat die Afrikaanse pers die Regering onvoorwaardelik steun. Die respondente meen daarom dat sodanige onvoorwaardelike steun en verantwoordelike optrede nie met mekaar te rym is nie. Van die 25.4% wat hierdie rede aangee, is 85.7% in die stem saam, of stem beslis saam -kamp. Een respondent meen dít is juis die rede waarom hy nie met die stelling kan saamstem nie: die feit dat die Engelse pers die Regering nie ondersteun nie.

As ŉ mens twee redes wat in gees ná aan mekaar is, bymekaar tel, vorm dit ŉ sterk groepsiening waarom die stelling nie ondersteun kan word nie. Dit is: albei kante glo hulle is ewe verantwoordelik. 83.2% van die mense wat hierdie rede aangee, stem nie met die stelling saam nie. In hierdie kategorie is daar niemand wat wél met die stelling saamstem nie.

Die ander stelling is: albei kante is soms verantwoordelik en soms nie; dit hang van die betrokke saak af. Hier is die stemming teen die stelling 72.6%, met ŉ hoë onseker-stem (27.2%) wat hierdie motivering aangee.

Tesame vorm hierdie uitgangspunte 20.9% van die respondente-mening, feitlik dieselfde as die hoë "weet-nie" persentasie (20%).

Die groepie wat meen die Engelse pers is meer verantwoordelik omdat hy objektiewer berigte plaas (12.7%) stem dan ook 92.7% saam met die stelling, ŉ voorspelbare konvergensie.

| TOTAAL | WAAROM IS ENG. PERS MEER VERANTWOORDELIK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | ENG. PERS IS MEER VERANTW. | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | Afr pers steun Regering onvoorwaardelik | 8.40 | 25.40 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | Beslis Nee | 0.00 |
| | | | | 1 | Stem Nee | 3.50 |
| | | | | 3 | Onseker | 10.70 |
| | | | | 17 | Stem Ja | 60.70 |
| | | | | 7 | Beslis Ja | 25.00 |
| 22 | Weet nie | 6.60 | 20.00 | 1 | Geen | 4.50 |
| | | | | 2 | Beslis Nee | 9.00 |
| | | | | 6 | Stem Nee | 27.20 |
| | | | | 9 | Onseker | 40.90 |
| | | | | 2 | Stem Ja | 9.00 |
| | | | | 2 | Beslis Ja | 9.00 |
| 14 | Eng pers meer objektief | 4.20 | 12.70 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 0 | Beslis Nee | 0.00 |
| | | | | 0 | Stem Nee | 0.00 |
| | | | | 1 | Onseker | 7.10 |
| | | | | 11 | Stem Ja | 78.50 |
| | | | | 2 | Beslis Ja | 14.20 |
| 11 | Albei kante is soms verantwoordelik en soms onverantwoordelik | 3.30 | 10.00 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 2 | Beslis Nee | 18.10 |
| | | | | 6 | Stem Nee | 54.50 |
| | | | | 3 | Onseker | 27.20 |
| | | | | 0 | Stem Ja | 0.00 |
| | | | | 0 | Beslis Ja | 0.00 |

c) Beskouings volgens taalgroep.

Engelse respondente maak die grootste groep uit (75%) van diegene wat as rede vir hul steun van die stelling aanvoer dat die Afrikaanse pers die Regering onvoorwaardelik steun en (hieruit afgelei) dat dit dus die Engelse pers "verantwoordeliker" maak.

Tog is daar ŉ groterige Afrikaanse stem in dié groep -- 21.4% meen dat hul eie koerante se verantwoordelikheid in die wiele gery word weens bg. rede.

Afrikaanse verteenwoordiging is die grootste by die stelling: albei kante glo hulle is ewe verantwoordelik (66.60%). As dit saam met die Afrikanersteun op die siening: albei is soms verantwoordelik en soms nie, gevoeg word, blyk dit dat Afrikaners ŉ meerderheid van

hierdie neutrale siening vorm (56.52%).

Drie Afrikaanse respondente is te vinde vir die siening dat die Engelse pers meer objektief is, met 14 Engelse respondente (63.6% van die groep wat hierdie benadering aangee) wat slegs bereid is om aan te teken dat hulle nie weet wat om as rede vir hul (eweneens) onseker- antwoord aan te gee nie.

| TOTAAL | WAAROM IS ENG. PERS MEER VERANTWOORDELIK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | TAALGROEP | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | Afr Pers steun | 8.40 | 25.40 | 0 | Geen taal | 0.00 |
| | Regering | | | 6 | Afrikaans | 21.40 |
| | onvoorwaardelik | | | 21 | Engels | 75.00 |
| | | | | 1 | Ander | 3.50 |
| 22 | Weet nie | 6.60 | 20.00 | 1 | Geen taal | 4.50 |
| | | | | 6 | Afrikaans | 27.20 |
| | | | | 14 | Engels | 63.30 |
| | | | | 1 | Ander | 4.50 |
| 14 | Eng pers meer | 4.20 | 12.70 | 0 | Geen taal | 0.00 |
| | objektief | | | 3 | Afrikaans | 21.40 |
| | | | | 10 | Engels | 71.40 |
| | | | | 1 | Ander | 7.10 |
| 12 | Albei kante glo | 3.60 | 10.90 | 0 | Geen taal | 0.00 |
| | hulle is ewe | | | 8 | Afrikaans | 66.60 |
| | verantwoordelik | | | 3 | Engels | 25.00 |
| | | | | 1 | Ander | 8.30 |
| 11 | Albei kante is soms | 3.30 | 10.00 | 2 | Geen taal | 18.10 |
| | verantwoordelik | | | 5 | Afrikaans | 45.40 |
| | en soms | | | 3 | Engels | 27.20 |
| | onverantwoordelik | | | 1 | Ander | 9.00 |

d) Beskouings volgens ervaringvlak.

Min konvergensie word gevind as die verskillende motiverings vir ŉ antwoord op Stelling 8 volgens jare ondervinding ontleed word. Al wat opmerklik is, is dat die ervaringsvlak 1-4 jaar dikwels ooreenstem met diegene met 14 jaar en langer koerantondervinding. Die afleiding word gemaak dat een rede moontlik kan wees omdat die jonger groep nie juis vaste menings oor sodanige aangeleenthede gevorm het nie -- hulle neem die menings van hul meerderes net so oor (konsonansie-gevaar wat deur Noelle-Neumann uitgewys is).

So stem die joernaliste met 1-4 jaar ondervinding in die groep wat meen die Engelse pers is meer verantwoordelik omdat die Afrikaanse pers sy steun onvoorwaardelik aan die Staat toesê, presies ooreen met die ervaringvlak 14 jaar en meer: albei word op 28.5% onder hierdie siening aangeteken. Die persentasies stem selfs ooreen, gemeet teen die getal respondente binne elke ervaringgroep (29.63% van alle joernaliste met 1-4 jaar ondervinding word hier gevind, terwyl 25.81% van alle joernaliste met 14 jaar en meer ondervinding ook hieronder aangeteken staan).

Gemeet teen kollegas met dieselfde jare ondervinding, teken die groepe die grootste persentasies aan by die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Weet nie | 8-10 jaar | 28.57% |
| | 11-13 jaar | 37.5 % |
| Engelse pers is meer objektief | 5- 7 jaar | 23.53% |
| Afrikaanse pers steun | -1 jaar | 25 % |
| Regering onvoorwaardelik | 1- 4 jaar | 29.63% |
| | 8-10 jaar | 28.57% |
| | 14+jaar | 25.81% |

Hoewel meerderheidsmeninge binne elke groep, is nie een soveel as ŉ derde van sy groep nie. Menings is dus wyduiteenlopend, en word nie in hoofsaak volgens ervaringvlak gevorm nie.

| TOTAAL | WAAROM IS ENG. PERS MEER VERANTWOORDELIK | % UIT ALLE MOONT (330) | % UIT 110 | TOTAAL | JARE ONDERVINDING | % VAN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | Afr Pers steun Regering onvoorwaardelik | 8.40 | 25.40 | 1 | Geen | 3.50 |
| | | | | 2 | - 1 jaar | 7.10 |
| | | | | 8 | 1- 4 jaar | 28.50 |
| | | | | 3 | 5- 7 jaar | 10.70 |
| | | | | 4 | 8-10 jaar | 14.20 |
| | | | | 2 | 11-13 jaar | 7.10 |
| | | | | 8 | 14+ jaar | 28.50 |
| 22 | Weet nie | 6.60 | 20.00 | 1 | Geen | 4.50 |
| | | | | 1 | - 1 jaar | 4.50 |
| | | | | 6 | 1- 4 jaar | 27.20 |
| | | | | 3 | 5- 7 jaar | 13.60 |
| | | | | 4 | 8-10 jaar | 18.10 |
| | | | | 3 | 11-13 jaar | 13.60 |
| | | | | 4 | 14+ jaar | 18.10 |
| 14 | Eng pers meer objektief | 4.20 | 12.70 | 1 | Geen | 7.10 |
| | | | | 1 | - 1 jaar | 7.10 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 28.50 |
| | | | | 4 | 5- 7 jaar | 28.50 |
| | | | | 1 | 8-10 jaar | 7.10 |
| | | | | 1 | 11-13 jaar | 7.10 |
| | | | | 2 | 14+ jaar | 14.20 |
| 12 | Albei kante glo hulle is ewe verantwoordelik | 3.60 | 10.90 | 0 | Geen | 0.00 |
| | | | | 1 | - 1 jaar | 8.30 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 33.30 |
| | | | | 0 | 5- 7 jaar | 0.00 |
| | | | | 2 | 8-10 jaar | 16.60 |
| | | | | 0 | 11-13 jaar | 0.00 |
| | | | | 5 | 14+ jaar | 41.60 |
| 11 | Albei kante is soms verantwoordelik en soms onverantwoordelik | 3.30 | 10.00 | 1 | Geen | 9.00 |
| | | | | 0 | - 1 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 1- 4 jaar | 36.30 |
| | | | | 2 | 5- 7 jaar | 18.10 |
| | | | | 0 | 8-10 jaar | 0.00 |
| | | | | 0 | 11-13 jaar | 0.00 |
| | | | | 4 | 14+ jaar | 36.30 |

e) Beskouings volgens koerant.

The Star (39.2%) en die Rand Daily Mail (21.4%) is die koerante met die sterkste verteenwoordiging in die groep wat onvoorwaardelike Afrikaanse steun aan die Regering as rede aanvoer waarom die Engelse pers meer verantwoordelik is. By die Rand Daily Mail glo 'n meerderheid van sy joernaliste wat aan die ondersoek deelgeneem het, hierdie siening: 54.55%. By The Star is dit 'n groot minderheid van 45.83%. Die Citizen teken hiernaas die hoogste persentasie van sy joernaliste aan - 27.27% van hulle stem met hierdie redenasie saam.

Afrikaanse stemme hieronder word by Rapport (7.1%) en die Transvaler (3.5%) gevind. By Beeld het niemand hierdie redenasie aangevoer nie.

Beeld, daarenteen, word ten beste verteenwoordig in die groep wat sê albei taalgroepe (d.i. Engels en Afrikaans) glo hulle is ewe verantwoordelik (41.6%). Gemeet teen eie kollegas, is dit steeds 'n groot minderheid (31.35%).

Lees 'n mens dit saam met die redenasie: albei kante is soms verantwoordelik en soms onverantwoordelik, blyk dit dat 43.75% van Beeld se joernaliste hierdie benadering inneem.

Sterk minderhede by koerante staan wel negatief teenoor kollegas van die ander taalgroep, maar met uitsondering van die Rand Daily Mail word geen meerderheid aangeteken nie.

10. Verantwoordelikheid en gemeenskapsbetrokkenheid.

a) Opvoeding en die pers.

Die media behoort meer in ag te neem dat die opvoedingspeil van hul lesers verskil. Die aanbieding van nuus moet hiervolgens aangepas word.

Dit is die stelling, en 60.91% van alle joernaliste wat op die vraelys gereageer het, meen dat hulle kan saamstem, of beslis kan saamstem. Trouens, in die saamstem-kategorie is die gevoelens eweredig verdeel. 30% meen "beslis" dat die nuus aangepas moet word, en 30.91% meen dat dit wel aangepas moet word. Hierteenoor stem 31.82% nie met die stelling saam nie. Ook hier is die verdeling tussen stem nie saam nie en "stem beslis nie saam nie" omtrent eweredig ("Beslis nie" kry 14.54% en "stem nie" kry 17.27%).

Soos verwag kan word uit hierdie resultate, is die positiewe én negatiewe stempersentasies onder die verskillende taalgroepe (die andertalige mening uitgesluit) baie na aan mekaar.

Afrikaanse joernaliste stem 31.81% nee op dié stelling.
Engelse joernaliste stem 32.14% nee op dié stelling.

Hulle stem 65.9% positief vír die stelling (Afrikaans) en 53.57% (Engels). Die Andertalige stempersentasie in die klein groepie is 80% (4 uit 5 het ja gestem).

Interessant hier is die feit dat joernaliste met hoër

opleidingskwalifikasies meer geneig was om saam te stem dat die aanbieding van nuus volgens die verskillende opvoedingspeile van die lesers aangepas moes word.

| OPVOEDKUNDIGE VLAK | |
|---|---|
| Gedeeltelike Hoërskoolopleiding | |
| Hoërskoolopleiding voltooi | 46.14% |
| Gedeeltelike Universiteitsopleiding | 55.55% |
| Universiteitsopleiding voltooi (alle grade) | 59.56% |
| Ander Hoër opleidingskwalifikasies | 76.46% |

DIE MEDIA BEHOORT MEER IN AG TE NEEM DAT DIE OPVOEDINGSPEIL VAN HUL LESERS VERSKIL. DIE AANBIEDING VAN NUUS MOET HIERVOLGENS AANGEPAS WORD.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 20.000 | | | 4 | 80.000 | | | 5 |
| Afrikaans | | | 8 | 18.180 | 6 | 13.630 | 1 | 2.270 | 14 | 31.810 | 15 | 34.090 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 7 | 12.500 | 11 | 19.640 | 7 | 12.500 | 14 | 25.000 | 16 | 28.570 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | | | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | | | 4 | 3.636 | | | |
| Afrikaans | | | 8 | 7.272 | 6 | 5.454 | 1 | 0.909 | 14 | 12.727 | 15 | 13.636 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 7 | 6.363 | 11 | 10.000 | 7 | 6.363 | 14 | 12.727 | 16 | 14.545 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | | | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | |
| Opvoedkundige Vlak | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 16.660 | | | 4 | 66.660 | 1 | 16.660 | 6 |
| Gedeeltelike hoërskool | | | | | | | | | | | | | |
| Hoërskool voltooi | | | 2 | 15.380 | 3 | 23.070 | 2 | 15.380 | 2 | 15.380 | 4 | 30.760 | 13 |
| Gedeeltelike) universiteit) | 1 | 3.700 | 2 | 7.400 | 4 | 14.810 | 5 | 18.510 | 6 | 22.220 | 9 | 33.330 | 27 |
| Universiteit voltooi (alle grade) | | | 11 | 23.400 | 8 | 17.020 | | | 14 | 29.780 | 14 | 29.780 | 47 |
| Ander hoër kwalifikasies | | | 1 | 5.880 | 2 | 11.760 | 1 | 5.880 | 8 | 47.050 | 5 | 29.410 | 17 |

b) Gehaltepublikasies.

ŉ Verfrissende getal joernaliste voel dat hulle nie kan saamstem nie met stelling "Daar is ongelukkig geen lewensvatbaarheid in SA vir ŉ publikasie wat net op gehalte gerig is nie". 47.27% het teen die stelling gestem, hoewel ŉ redelike groot minderheid van 28.18% hul instemming met die stelling betuig het.

Die persentasie onsekere stemme is groot -- 24.54% van alle respondente -- wat daarop dui dat baie joernaliste hulle nie bevoeg geag het om ŉ uitspraak hieroor te maak nie, of eenvoudig te kenne wou gee dat hulle nie weet of só ŉ gehalte-publikasie ŉ bestaan sou kon maak nie.

Ook wat taalverdeling betref, bly die onseker-persentasie ongeveer ewe groot, wat neig om bg. afleidings te staaf.

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 22.72% |
| Engels | 26.78% |
| Ander | 20.00% |

Engelssprekende joernaliste is effens meer positief oor die moontlikheid van ŉ gehalte-publikasie in Suid-Afrika (48.21%) as wat Afrikaanssprekendes is (45.44%). Die vraag is doelbewus vaag gestel sodat die emotiewe betekenis van "gehalte-publikasie" die respondente moes lei, nie ŉ spesifieke en konkrete voorbeeld van ŉ sg. publikasie van gehalte nie: om moontlike twyfel oor die strekking van die vraag te verminder. Die feit dat die onseker-persentasie egter so hoog was, dui daarop dat die vraag steeds vir respondente probleme opgelewer het.

DAAR IS ONGELUKKIG GEEN LEWENSVATBAARHEID IN S.A. VIR ŉ PUBLIKASIE WAT NET OP GEHALTE GERIG IS NIE.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep<br>% van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Afrikaans | | 7 | 15.900 | 13 | 29.540 | 10 | 22.720 | 8 | 18.180 | 6 | 13.630 | 44 |
| Engels | | 9 | 16.070 | 18 | 32.140 | 15 | 26.780 | 7 | 12.500 | 7 | 12.500 | 56 |
| Ander | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 5 |
| Taalgroep<br>% van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | |
| Afrikaans | | 7 | 6.363 | 13 | 11.818 | 10 | 9.090 | 8 | 7.272 | 6 | 5.454 | |
| Engels | | 9 | 8.181 | 18 | 16.363 | 15 | 13.636 | 7 | 6.363 | 7 | 6.363 | |
| Ander | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | |

c) Positiewe nuus.

Joernaliste in die respondentegroep het beslis geen verlange na ŉ publikasie in Suid-Afrika wat net op positiewe nuus ingestel is nie. Net 20% van die totale responsgroep stem saam met ŉ stelling in dié verband. Gelees saam met ŉ groot onseker-persentasie (19.09%), is dit duidelik dat Johannesburgse joernaliste nie die noodsaak van ŉ publikasie vir positiewe nuus insien nie. Die term positiewe nuus is gebruik sodat die emosionele respons op die woord gemeet kon word, nie soseer enige konkrete uiting daarvoor nie. Daarom is ook verwag dat die onseker-persentasie redelik hoog sou wees -- en dit is inderdaad so. Tog is dit veral uit die swak ja-respons en die redelik sterk nee-respons duidelik dat die vraag nie soveel begripsprobleme opgelewer het as wat aanvanklik verwag is nie.

Die totale nee-stem op dié stelling is 55.45% van die totale responsgroep. Die "beslis nie"-groep (27.27%) maak feitlik net so ŉ groot groep uit as die nee-groep (28.18%).

Hieruit kan ŉ mens ekstrapoleer dat joernaliste inderdaad ook redelik sterk emotiewe konnotasies aan die woord "positief" heg.

Hulle sien dit ook ewe duidelik in 'n negatiewe verband (vandaar die groot "beslis nie"-stem) en dit lei tot interessante bespiegeling of "positiewe nuus" miskien te veel "propagandisties" of te "politiek-genuanseerd" vir hierdie responsgroep voel. Dit val egter buite die ondersoekveld van hierdie opname om in diepte daarop in te gaan.

Afrikaanssprekende joernaliste gun só 'n sogenaamde "positiewe publikasie" nog minder bestaansreg as hul Engelse kollegas -- wat ook kan dui op 'n groter emosionele reaksie op die begrip "positiewe nuus".

| | Stem saam, of beslis saam | Stem nie saam nie, of beslis nie saam nie. |
|---|---|---|
| Afrikaans | 15.9% | 59.09% |
| Engels | 19.63% | 51.78% |

Joernaliste in die ondervindingsgroep met 5 tot 7 jaar joernalistieke ervaring tree weer eens na vore as die kritiekgroep met die sterkste teenpoolreaksie. 29.4% van hierdie groep voel dat daar tog wel plek in Suid-Afrika is vir 'n publikasie wat op positiewe nuus gegrond is. Dit is inderdaad die enigste groep wat vir minder as 50% van sy getal uitgebragte stemme nee gestem het (41.47%). Hierdie selfde groep (tesame met die 8-10 groep) het ook die meeste (relatief gesproke) ontevredenheid uitgespreek met die Suid-Afrikaanse perskorps se hantering van sy verantwoordelikheid.

Aan posvlak gemeet is redakteurs en hoofredaksielede van koerante 100% teen die begrip "positiewe nuus" gekant. Dit word tog effens

getemper deur die menings van assistent-redakteurs -- 55.55% stem nee.

Hoofde van afdelings sien daarenteen vir 50% kans vir só 'n positiewe nuusinstelling.

Gemeet aan jare ervaring, kan 'n mens sê dat ouer joernaliste 'n effens groter afkeer aan die begrip het as hul jonger kollegas. Dit vergelyk egter nie met die verdeling op senior vlak nie: hier blyk dit dat hoofde van afdelings, finansiële redakteurs, kulturele redakteurs ens., groter kans sien vir die stelling as ander hoofredaksielede -- en hulle weeg in terme van senioriteit tog teen mekaar op.

DAAR IS WEL PLEK IN S.A. VIR 'n PUBLIKASIE WAT NET OP POSITIEWE NUUS INGESTEL IS.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare Ondervinding | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 20.000 | 3 | 60.000 | 1 | 20.000 | | | | | | | 5 |
| Minder as 1 | 1 | 12.500 | 2 | 25.000 | 2 | 25.000 | 1 | 12.500 | 2 | 25.000 | | | 8 |
| 1 - 4 | | | 9 | 33.330 | 5 | 18.510 | 9 | 33.330 | 4 | 14.810 | | | 27 |
| 5 - 7 | | | 2 | 11.760 | 5 | 29.410 | 5 | 29.410 | 3 | 17.640 | 2 | 11.760 | 17 |
| 8 - 10 | | | 3 | 21.420 | 5 | 35.710 | 3 | 21.420 | 1 | 7.140 | 2 | 14.280 | 14 |
| 11 - 13 | 1 | 12.500 | 4 | 50.000 | 1 | 12.500 | | | 2 | 25.000 | | | 8 |
| 14+ | 3 | 9.670 | 7 | 22.580 | 12 | 38.700 | 3 | 9.670 | 5 | 16.120 | 1 | 3.220 | 31 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | | | 2 | 40.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 2 | 4.540 | 11 | 25.000 | 15 | 34.090 | 9 | 20.450 | 6 | 13.630 | 1 | 2.270 | 44 |
| Engels | 4 | 7.140 | 16 | 28.570 | 13 | 23.210 | 12 | 21.420 | 8 | 14.280 | 3 | 5.350 | 56 |
| Ander | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | | | 2 | 1.818 | | | |
| Afrikaans | 2 | 1.818 | 11 | 10.000 | 15 | 13.636 | 9 | 8.181 | 6 | 5.454 | 1 | 0.909 | |
| Engels | 4 | 3.636 | 16 | 14.545 | 13 | 11.818 | 12 | 10.909 | 8 | 7.272 | 3 | 2.727 | |
| Ander | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | |

Betrekking Tans
% van vraag beantwoord.

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ongeïdentifiseer | | | 2 | 28.570 | 2 | 28.570 | | | 3 | 42.850 | | | 7 |
| Verslaggewer | 3 | 9.370 | 4 | 12.500 | 8 | 25.000 | 8 | 25.000 | 6 | 18.750 | 3 | 9.370 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 4 | 80.000 | 1 | 20.000 | | | | | | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | 4 | 66.660 | | | 2 | 33.330 | | | | | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 2 | 18.180 | 6 | 54.540 | 2 | 18.180 | 1 | 9.090 | | | 11 |
| Fotograaf | | | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | | | 1 | 25.000 | | | 4 |
| Asst.-redakteur | 1 | 11.110 | 3 | 33.330 | 2 | 22.220 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | | | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | 4 | 44.440 | 1 | 11.110 | 9 |
| Redakteur | | | 3 | 75.000 | 1 | 25.000 | | | | | | | 4 |
| Hoofredaksielid | | | 2 | 66.660 | 1 | 33.330 | | | | | | | 3 |
| Subredakteur | 1 | 7.690 | 2 | 15.380 | 3 | 23.070 | 6 | 46.150 | | | 1 | 7.690 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| Finansiële ) | | | | | | | | | | | | | |
| Verslaggewer) | 1 | 50.000 | | | 1 | 50.000 | | | | | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | | | 1 | 25.000 | | | 4 |

d) Waghondfunksie.

'n Volle 81.82% van die joernaliste in die ondersoekgroep stem saam met die stelling dat die pers waghond is oor ander instellinge soos die Staat, Polisie ens. En presies 50% van die totale groep voel sterk daaroor -- hulle staan onder "stem beslis saam" aangeteken.

Engelssprekende joernaliste voel nie net sterk oor die kwessie nie, hulle maak ook 'n groter persentasie van die ja-stem uit as die Afrikaanse respondente wat op die vraag geantwoord het (Engels 85.7%; Afrikaans 74.99%). Al vyf andertaliges in die respondentegroep stem "beslis" saam met die stelling.

By die Rand Daily Mail, Sunday Times, Sowetan en Citizen stem 100% van die respondente saam dat die pers waghond oor ander instellinge is. By The Star het 2 stemme onseker aangeteken, om die persentasie daar 91.66% vir die waghond-benadering tot joernalistiek te gee.

Die syfers vir Afrikaanse koerante is almal laer as by die

Engelssprekendes (wat die spektrum van die Sowetan tot by die Citizen dek), en die slotsom waartoe 'n mens hier raak, is dat die hele gedagte van waghond speel oor ander instansies vir die Engelssprekende joernalis (maak min saak waar hy in die politieke spektrum pas) baie meer aanvaarbaar is as vir die Afrikaanse joernalis.

| Afrikaans | Stem saam, of stem beslis saam. |
|---|---|
| Rapport | 77.77% |
| Beeld | 68.75% |
| Transvaler | 71.42% |

Daar moet nogtans op gewys word dat die syfers vir Afrikaans eweneens hoë instemming met die stelling beteken. Daar is egter 'n opmerklike graadverskil.

DIE PERS IS DIE PUBLIEK SE WAGHOND OOR ANDER INSTELLINGE SOOS DIE STAAT, POLISIE, ENS.

| | Nie geantwoord % | Beslis nie % | Nee % | Onseker % | Ja % | Beslis Ja % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 20.000 | | 2 40.000 | 2 40.000 | 5 |
| Afrikaans | 1 2.270 | | 8 18.180 | 2 4.540 | 14 31.810 | 19 43.180 | 44 |
| Engels | 1 1.780 | 3 5.350 | 1 1.780 | 3 5.350 | 19 33.920 | 29 51.780 | 56 |
| Ander | | | | | | 5 100.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 0.909 | | 2 1.818 | 2 1.818 | |
| Afrikaans | 1 0.909 | | 8 7.272 | 2 1.818 | 14 12.727 | 19 17.272 | |
| Engels | 1 0.909 | 3 2.727 | 1 0.909 | 3 2.727 | 19 17.272 | 29 26.363 | |
| Ander | | | | | | 5 4.545 | |
| Koerant | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | 2 20.000 | 1 10.000 | | 2 20.000 | 5 50.000 | 10 |
| Rapport | | | 3 16.660 | 1 5.550 | 3 16.660 | 11 61.110 | 18 |
| Beeld | 1 6.250 | | 3 18.750 | 1 6.250 | 6 37.500 | 5 31.250 | 16 |
| Die Transvaler | | | 2 28.570 | | 3 42.850 | 2 28.570 | 7 |
| The Star | | | | 2 8.330 | 11 45.830 | 11 45.830 | 24 |
| Rand Daily Mail | | | | | 3 27.270 | 8 72.720 | 11 |
| Sunday Times | | | | | 3 75.000 | 1 25.000 | 4 |
| Sunday Express | 1 14.280 | 1 14.280 | | | 2 28.570 | 3 42.850 | 7 |
| Sowetan | | | | | | 7 100.000 | 7 |
| Soweto News | | | 1 100.000 | | | | 1 |
| Citizen | | | | | | 1 100.000 | 1 |
| The Star (Control Group) | | | | 1 25.000 | 2 50.000 | 1 25.000 | 4 |

e) Belangrikste bron van inligting.

"Koerante is die publiek se belangrikste bron van inligting."

Op hierdie stelling reageer die respondentegroep 76.36% positief. As 'n mens dit vergelyk met die ja-persentasie op die verantwoordelikheidstellings 1, 2 en 3, wat heelwat laer was, ontstaan die vraag: Meen joernaliste dus dat die publiek grotendeels vir sy inligting van 'n bron afhanklik is wat volgens eie erkenning van die mense wat daar werk maar twyfelagtig handel oor kwessies van verantwoordelikheid? Bloot uit 'n vergelyking van syfers wil dit lyk asof dié vraag met 'n ja gestaaf kan word.

Op die stelling voel Afrikaanssprekende en Engelssprekende joernaliste feitlik dieselfde (Afrikaans 72.72% en Engels 78.56%). Selfs die minderheids-andertalige groep stem ooreen (80%).

Op posvlak heg joernaliste in senior poste oor die algemeen groter waarde aan die stelling as die mense in die meer junior poste. Koerantredakteurs stem soos een man saam met die stelling, so ook hoofredaksielede. Daarteenoor stem die verslaggewersgroep slegs 81.24% saam.

KOERANTE IS DIE PUBLIEK SE BELANGRIKSTE BRON VAN INLIGTING.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 20.000 | | | 3 | 60.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Afrikaans | | | 1 | 2.270 | 6 | 13.630 | 5 | 11.360 | 21 | 47.720 | 11 | 25.000 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 2 | 3.570 | 6 | 10.710 | 3 | 5.350 | 19 | 33.920 | 25 | 44.640 | 56 |
| Ander | | | | | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 3 | 60.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | | | 2 | 2.727 | 1 | 0.909 | |
| Afrikaans | | | 1 | 0.909 | 6 | 5.454 | 5 | 4.545 | 21 | 19.090 | 11 | 10.000 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 6 | 5.454 | 3 | 2.727 | 19 | 17.272 | 25 | 22.727 | |
| Ander | | | | | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 2 | 28.570 | | | 4 | 57.140 | 1 | 14.280 | 7 |
| Verslaggewer | 1 | 3.120 | 1 | 3.120 | 2 | 6.250 | 2 | 6.250 | 13 | 40.620 | 13 | 40.620 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | | 3 | 50.000 | 1 | 16.660 | 1 | 16.660 | 1 | 16.660 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | | | 1 | 9.090 | 1 | 9.090 | 4 | 36.360 | 5 | 45.450 | 11 |
| Fotograaf | | | | | 1 | 25.000 | | | 1 | 25.000 | 2 | 50.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | | | | | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | 5 | 55.550 | 1 | 11.110 | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | | | 1 | 11.110 | | | 3 | 33.330 | 5 | 55.550 | 9 |
| Redakteur | | | | | | | | | 1 | 25.000 | 3 | 75.000 | 4 |
| Hoofredaksielid | | | | | | | | | 3 | 100.000 | | | 3 |
| Subredakteur | | | | | | | 2 | 15.380 | 4 | 30.760 | 7 | 53.840 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | 1 | 50.000 | | | 1 | 50.000 | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 1 | 25.000 | | | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 4 |

f) <u>Ook in tye van krisis en spanning</u>.

Op die stelling "Koerante bly die publiek se vernaamste bron van oorwoë en indringende inligting in tye van krisis en spanning", kom 'n interessante opflikkering van mening. Hier stem 'n volle 89.09% saam met die stelling, maar presies 12.73% meer as wat bereid was om in te stem op die stelling in 10.e., nl. Koerante is die publiek se vernaamste bron van inligting. Joernaliste is dus, hoewel in ieder geval positief oor die stelling, veel sekerder van hul saak as dit by stelling 10.f. kom.

Inderdaad stem die meerderheid dan ook onder "beslis" (52.73%).

Afrikaanse joernaliste voel nog sterker as hul Engelse kollegas oor die aangeleentheid: 93.17% stem saam teenoor 85.7% onder Engelssprekendes. Die andertalige minderheidsgroep stem hier 100% saam met die stelling.

Soos 'n mens dus te wagte kon wees, stem koerantredakteurs en hoofredaksielede 100% saam met die stelling dat die koerant die vernaamste bron van inligting in tye van krisis en spanning bly. Daarby gelees: die verslaggewerskorps teken 83.75% positief aan.

Op ervaringsvlak teken die juniors nee-stempersentasies aan van 12.5% (minder as 1 jaar); 7.4% (1-4 jaar), maar vanaf 5-jaarervaringsvlak tot 14 jaar en langer is niemand bereid om nee op dié stelling te sê nie.

Dit lyk dus veilig om te konstateer dat hoe langer die joernalis by die koerant werk, des te belangriker ag hy die werk wat die

koerant doen -- spesifiek wat betref oorwoë en indringende inligting in "tye van krisis en spanning."

KOERANTE BLY DIE PUBLIEK SE VERNAAMSTE BRON VAN OORWOË EN INDRINGENDE INLIGTING IN TYE VAN KRISIS EN SPANNING.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | Totaal |
| Jare Ondervinding | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Minder as 1 | 1 | 12.500 | | | 1 | 12.500 | | | 2 | 25.000 | 4 | 50.000 | 8 |
| 1 - 4 | | | 1 | 3.700 | 1 | 3.700 | 1 | 3.700 | 13 | 48.140 | 11 | 40.740 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | | | 1 | 5.880 | 6 | 35.290 | 10 | 58.820 | 17 |
| 8 - 10 | | | | | | | 1 | 7.140 | 4 | 28.570 | 9 | 64.280 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | | | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | 6 | 75.000 | 8 |
| 14+ | | | | | 2 | 6.450 | 1 | 3.220 | 12 | 38.700 | 16 | 51.610 | 31 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Afrikaans | | | | | 1 | 2.270 | 2 | 4.540 | 17 | 38.630 | 24 | 54.540 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 1 | 1.780 | 2 | 3.570 | 4 | 7.140 | 19 | 33.920 | 29 | 51.780 | 56 |
| Ander | | | | | | | | | 2 | 40.000 | 3 | 60.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | |
| Afrikaans | | | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 17 | 15.454 | 24 | 21.818 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | 4 | 3.636 | 19 | 17.272 | 29 | 26.363 | |
| Ander | | | | | | | | | 2 | 1.818 | 3 | 2.727 | |
| Betrekking Tans | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 2 | 28.570 | 3 | 42.850 | 7 |
| Verslaggewer | 1 | 3.120 | | | | | 1 | 3.120 | 14 | 43.750 | 16 | 50.000 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | | | | 1 | 16.660 | 1 | 16.660 | 4 | 66.660 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | | | | | | | 4 | 36.360 | 7 | 63.630 | 11 |
| Fotograaf | | | | | 1 | 25.000 | | | | | 3 | 75.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | | | | | | | | | 7 | 77.770 | 2 | 22.220 | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | | | | | | | 1 | 11.110 | 8 | 88.880 | 9 |
| Redakteur | | | | | | | | | | | 4 | 100.000 | 4 |
| Hoofredaksielid | | | | | | | | | 1 | 33.330 | 2 | 66.660 | 3 |
| Subredakteur | | | | | | | 2 | 15.380 | 5 | 38.460 | 6 | 46.150 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | 1 | 50.000 | | | 1 | 50.000 | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | | | 1 | 25.000 | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 4 |

g) Vermaaklikheidsfunksie.

Joernaliste meen beslis nie dat 'n koerant se vernaamste taak is om vermaaklik te wees nie: slegs 5.45% is vir hierdie stelling te vinde. Daarteenoor stem 86.36% van die totale groep nie saam, of beslis nie saam met die stelling nie. Op die stelling is nie besondere sterk emosionele reaksie opgemerk nie, want net minder as helfte, nl. 49.09%, het die "stem nie saam" blokkie gemerk. 37.27%, 'n groot minderheid, het nogtans die stem beslis nie saam-blokkie gemerk.

'n Mens wil hieruit aflei dat joernaliste beslis nie hulself in 'n ligsinnige, of vermaaklike lig takseer nie.

Engelssprekende joernaliste het net 2 uit 56 respondente opgelewer wat gesê het hulle stem met die stelling saam: dus 3.57% van die totaal wat die vraag beantwoord het en hulself as Engelssprekend aangemeld het. Afrikaans was hier 6.81%, maar stem nogtans effens heftiger nee op 88.62%, vergeleke met die Engelse 83.92%.

Uit die effens groter "beslis nie" persentasie by Engelssprekendes (42.85%) as by Afrikaanssprekendes (31.81%) wil 'n mens tog aflei dat joernaliste by Engelstalige koerante effens heftiger emosioneel teen die stelling reageer.

Op posvlak is daar 'n enkele stem wat sê "beslis ja" op die stelling -- en dit kom van een van die 4 fotograwe in die responsgroep. Dieselfde stem het 14 jaar of meer ervaring in die joernalistiek. Hy en sy kollegas stem seker oor min dinge saam.

KOERANT SE VERNAAMSTE TAAK IS OM VERMAAKLIK TE WEES.

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jare Ondervinding** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 3 | 60.000 | 2 | 40.000 | | | | | | | 5 |
| Minder as 1 | 1 | 12.500 | 2 | 25.000 | 5 | 62.500 | | | | | | | 8 |
| 1 - 4 | | | 14 | 51.850 | 9 | 33.330 | 2 | 7.400 | 2 | 7.400 | | | 27 |
| 5 - 7 | | | 4 | 23.520 | 10 | 58.820 | 3 | 17.640 | | | | | 17 |
| 8 - 10 | | | 5 | 35.710 | 8 | 57.140 | | | 1 | 7.140 | | | 14 |
| 11 - 13 | | | 2 | 25.000 | 4 | 50.000 | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | | | 8 |
| 14+ | | | 11 | 35.480 | 16 | 51.610 | 2 | 6.450 | 1 | 3.220 | 1 | 3.220 | 31 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 20.000 | 4 | 80.000 | | | | | | | 5 |
| Afrikaans | | | 14 | 31.810 | 25 | 56.810 | 2 | 4.540 | 2 | 4.540 | 1 | 2.270 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 24 | 42.850 | 23 | 41.070 | 6 | 10.710 | 2 | 3.570 | | | 56 |
| Ander | | | 2 | 40.000 | 2 | 40.000 | | | 1 | 20.000 | | | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van totale ondersoekveld.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 0.909 | 4 | 3.636 | | | | | | | |
| Afrikaans | | | 14 | 12.727 | 25 | 22.727 | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 24 | 21.818 | 23 | 20.909 | 6 | 5.454 | 2 | 1.818 | | | |
| Ander | | | 2 | 1.818 | 2 | 1.818 | | | 1 | 0.909 | | | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| **% van vraag beantwoord.** | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 14.280 | 5 | 71.420 | 1 | 14.280 | | | | | 7 |
| Verslaggewer | 1 | 3.120 | 10 | 31.250 | 16 | 50.000 | 3 | 9.370 | 2 | 6.250 | | | 32 |
| Politieke Verslaggewer) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofverslaggewer ) | | | 3 | 60.000 | 2 | 40.000 | | | | | | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) | | | | | | | | | | | | | |
| Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | 2 | 33.330 | 4 | 66.660 | | | | | | | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 7 | 63.630 | 3 | 27.270 | | | 1 | 9.090 | | | 11 |
| Fotograaf | | | 3 | 75.000 | | | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | | | 2 | 22.220 | 7 | 77.770 | | | | | | | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) | | | | | | | | | | | | | |
| Kunsred/Finansiële Red) | | | 2 | 22.220 | 4 | 44.440 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | | | 9 |
| Redakteur | | | 2 | 50.000 | 2 | 50.000 | | | | | | | 4 |
| Hoofredaksielid | | | 2 | 66.660 | 1 | 33.330 | | | | | | | 3 |
| Subredakteur | | | 5 | 38.460 | 5 | 38.460 | 2 | 15.380 | 1 | 7.690 | | | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | 2 | 100.000 | | | | | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 2 | 50.000 | 2 | 50.000 | | | | | | | 4 |

h) Abnormale gebeure.

Op die stelling "Abnormale en skokkende gebeure behoort met groot omsigtigheid deur die media aan die publiek oorgedra word en altyd deur die belanghebbende owerheid aan te haal" is vooraf verwag dat joernaliste verdeeld sou wees -- aan die een kant die aanhangers van die skool van joernalistiek wat meen die belanghebbende owerhede het bittermin sê met 'n "abnormale en skokkende" storie, en aan die ander kant die skool van joernalistiek wat dit as verantwoordelik ag om die owerheid in sodanige gebeure te ken.

Daardie verdeling is wel gevind, met heelwat kommentaar van respondente wat o.m. gesê het "Ek kon die vraag heelhartig gesteun het, as dit nie was vir die stertgedagte dat die belanghebbende owerheid altyd aangehaal moet word nie." (66).

Tog is die ja-steunpersentasie groter as wat verwag is (58.18%), met 'n stewige nee-stem (34.54%).

Vrese dat die vraag verwarring mag skep, is nie bewaarheid volgens die getal respondente wat op die vraag gereageer het nie. Slegs 6.36% het onseker aangeteken en slegs een respondent het die vraag nie beantwoord nie.

Taalgroepe stem min of meer ooreen oor die stelling:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 63.63% | ja |
| Engels | 57.14% | ja |
| Ander | 60% | ja |

ɳ Mens sou verwag dat die stelling toenemend onderskryf sou word met die jare ervaring wat joernaliste agter die rug het. Daar is egter geen vaste patroon te bespeur nie. In die ervaringvlakke 1-4, 5-7 en 8-10 word egter die laagste persentasies aangeteken (40.73%, 58.81% en 49.99%). Juniors en heel seniors stem in groter persentasies met die stelling saam.

| | | |
|---|---|---|
| Minder as 1 jaar ervaring | 75% | ja |
| 11 - 13 jaar ervaring | 75% | ja |
| Meer as 14 jaar ervaring | 67.73% | ja |

ABNORMALE EN SKOKKENDE GEBEURE BEHOORT MET GROOT OMSIGTIGHEID DEUR DIE MEDIA AAN DIE PUBLIEK OORGEDRA WORD, EN ALTYD DEUR DIE BELANGHEBBENDE OWERHEID AAN TE HAAL.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | Totaal |
| Jare Ondervinding | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Minder as 1 | | | | | 2 | 25.000 | | | 1 | 12.500 | 5 | 62.500 | 8 |
| 1 - 4 | | | 3 | 11.110 | 8 | 29.620 | 5 | 18.510 | 8 | 29.620 | 3 | 11.110 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | 6 | 35.290 | 1 | 5.880 | 7 | 41.170 | 3 | 17.640 | 17 |
| 8 - 10 | 1 | 7.140 | 2 | 14.280 | 4 | 28.570 | | | 5 | 35.710 | 2 | 14.280 | 14 |
| 11 - 13 | | | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | | | 3 | 37.500 | 3 | 37.500 | 8 |
| 14+ | | | 4 | 12.900 | 5 | 16.120 | 1 | 3.220 | 11 | 35.480 | 10 | 32.250 | 31 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 4 | 80.000 | | | 1 | 20.000 | | | 5 |
| Afrikaans | | | 2 | 4.540 | 10 | 22.720 | 4 | 9.090 | 16 | 36.360 | 12 | 27.270 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 7 | 12.500 | 13 | 23.210 | 3 | 5.350 | 18 | 32.140 | 14 | 25.000 | 56 |
| Ander | | | 2 | 40.000 | | | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | 4 | 3.636 | | | 1 | 0.909 | | | |
| Afrikaans | | | 2 | 1.818 | 10 | 9.090 | 4 | 3.636 | 16 | 14.545 | 12 | 10.909 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 7 | 6.363 | 13 | 11.818 | 3 | 2.727 | 18 | 16.363 | 14 | 12.727 | |
| Ander | | | 2 | 1.818 | | | | | 2 | 1.818 | 1 | 0.909 | |

i) Emosionele manipulasie.

"Die publiek se emosionele reaksie op nuus word deur koerante beheer omdat hulle die nuus manipuleer (bv. deur nuus terug te hou, in minder belangrike posisies in die koerant te plaas en deur die soort opskrifte wat voorsien word)."

Snyman noem dit vormgewing van 'n berig (67), daardie besluit oor hoe en waar 'n berig aangebied word. Neutraal gestel, is dit "inkleding" van die nuus om dit interessant, relevant ens., te maak. Propagandisties gestel, is dit ook lesermanipulasie.

Op hierdie punt dui die 67.27% steun op die stelling van die kant van joernaliste daarop dat hulle wel bewus is van so 'n proses waardeur lesers gemanipuleer word. Wat die nee-stem betref, stem 27.27% nie saam met die stelling nie -- 'n redelik groot teenstem.

Afrikaanssprekendes maak 'n effens groter deel van hierdie "stem nie saam nie" -persentasie uit. Hulle stem 31.81% teen die stelling, en 61.36% daarvoor. Aan Engelssprekende kant is die persentasies 24.99% nee en 69.64% ja.

Die Andertalige stempersentasie, klein soos die responsgetal is, stem weer eens nader ooreen met die Afrikaanse as die Engelssprekende respons (60%).

Dit wil tog voorkom asof Engelssprekendes tot groter hoogte meen dat hul lesers "gemanipuleer" word as wat die geval is by die Afrikaanssprekende respondente. Hoe rym dit dan met die marginaal hoër eie aanprysing van hul produk wat wel by die

Engelssprekende joernaliste gevind is (vgl. Stellings 2.a., 2.b., 2.c., 2.d., 2.e.)?

Redakteurs stem hier 100% saam (4 uit 4) dat lesers gemanipuleer word, terwyl hul hoofredaksielede vir 66.66% ja sê. Dit stem amper ooreen met wat hul verslaggewers meen (65.64% ja).

Dit is moeilik om 'n gevolgtrekking gegrond op jare ondervinding te maak. Die hoog kritiese groep (5-7 en 8-10) verskil hier ingrypend (94.11% en 42.84%). Dit wil dus voorkom asof ervaring geen rol speel in die respons op hierdie stelling nie. Die bepaalde werk wat die joernalis doen, het tog miskien 'n bepalende invloed op sy mening hier: hoofsubredakteurs stem 83.33% en subredakteurs 69.22% met die stelling saam.

DIE PUBLIEK SE EMOSIONELE REAKSIE OP NUUS WORD DEUR KOERANTE BEHEER OMDAT HULLE DIE NUUS MANIPULEER (BV. DEUR NUUS TERUG TE HOU, IN MINDER BELANGRIKE POSISIES IN DIE KOERANT TE PLAAS EN DEUR DIE SOORT OPSKRIFTE WAT VOORSIEN WORD).

| | Nie geantwoord % | | Beslis nie % | | Nee % | | Onseker % | | Ja % | | Beslis Ja % | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare Ondervinding | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Minder as 1 | | | | | 1 | 12.500 | 1 | 12.500 | 3 | 37.500 | 3 | 37.500 | 8 |
| 1 - 4 | | | 2 | 7.400 | 4 | 14.810 | 1 | 3.700 | 13 | 48.140 | 7 | 25.920 | 27 |
| 5 - 7 | | | | | 1 | 5.880 | | | 11 | 64.700 | 5 | 29.410 | 17 |
| 8 - 10 | | | 3 | 21.420 | 1 | 7.140 | 2 | 14.280 | 5 | 35.710 | 3 | 21.420 | 14 |
| 11 - 13 | | | | | | | | | 4 | 50.000 | 4 | 50.000 | 8 |
| 14+ | 1 | 3.220 | 5 | 16.120 | 11 | 35.480 | 1 | 3.220 | 8 | 25.800 | 5 | 16.120 | 31 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 4 | 80.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Afrikaans | | | 5 | 11.360 | 9 | 20.450 | 3 | 6.810 | 15 | 34.090 | 12 | 27.270 | 44 |
| Engels | 1 | 1.780 | 5 | 8.920 | 9 | 16.070 | 2 | 3.570 | 25 | 44.640 | 14 | 25.000 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | 2 | 40.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 4 | 3.636 | 1 | 0.909 | |
| Afrikaans | | | 5 | 4.545 | 9 | 8.181 | 3 | 2.727 | 15 | 13.636 | 12 | 10.909 | |
| Engels | 1 | 0.909 | 5 | 4.545 | 9 | 8.181 | 2 | 1.818 | 25 | 22.727 | 14 | 12.727 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | 2 | 1.818 | |

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | | | | | | | 4 | 57.140 | 3 | 42.850 | 7 |
| Verslaggewer | 1 | 3.120 | 1 | 3.120 | 6 | 18.750 | 3 | 9.370 | 15 | 46.870 | 6 | 18.750 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | 1 | 16.660 | | | | | 2 | 33.330 | 3 | 50.000 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 1 | 9.090 | 4 | 36.360 | | | 3 | 27.270 | 3 | 27.270 | 11 |
| Fotograaf | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 4 |
| Asst.-redakteur | | | 2 | 22.220 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 2 | 22.220 | 9 |
| Dept.-hoof/Afd.-hoof/ ) Kunsred/Finansiële Red) | | | | | 2 | 22.220 | | | 5 | 55.550 | 2 | 22.220 | 9 |
| Redakteur | | | | | | | | | 3 | 75.000 | 1 | 25.000 | 4 |
| Hoofredaksielid | | | 1 | 33.330 | | | | | | | 2 | 66.660 | 3 |
| Subredakteur | | | 2 | 15.380 | 1 | 7.690 | 1 | 7.690 | 5 | 38.460 | 4 | 30.760 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | 1 | 50.000 | | | 1 | 50.000 | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | | | 1 | 25.000 | 1 | 25.000 | 4 |

## 11. Verantwoordelike optrede en menseverhoudinge.

### a) Afhanklik van koerante

73.63% van joernaliste in die responsgroep stem saam met die stelling dat Suid-Afrikaners baie afhanklik is van koerante om nuus oor rassebetrekkinge te bekom. Slegs 16.37% stem nie saam met die stelling nie. Wat emosionele respons betref, antwoord 34.55% "beslis ja" teenoor 39.09% "ja". Baie gelykop verdeling dus.

Afrikaanse joernaliste wat die vraag beantwoord het, stem 68.17% saam met die stelling teenoor 'n hoër Engelse persentasie van 76.77%, met die andertaliges 80% ja.

Helfte van die redakteurs stem inderdaad nie met die vraag saam nie, en 33.33% van die hoofredaksielede ook nie. Daarteenoor stem slegs 3.12% uit die verslaggewerskorps nie met die stelling saam nie. Een van die redakteurs het verkies om op diè stelling buite stemming te bly.

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN KOERANTE IS NIKS MEER EN NIKS MINDER NIE AS DIE GEWONE ORDENTLIKHEID WAT EEN MENS BV. 'n ANDER SKULD.

| | Nie geantwoord | | Beslis nie | | Nee | | Onseker | | Ja | | Beslis Ja | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | | % | | % | | % | | % | | % | Totaal |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 20.000 | | | 1 | 20.000 | | | 3 | 60.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 1 | 2.270 | 7 | 15.900 | 5 | 11.360 | 17 | 38.630 | 13 | 29.540 | 44 |
| Engels | 4 | 7.140 | 3 | 5.350 | 4 | 7.140 | 2 | 3.570 | 24 | 42.850 | 19 | 33.920 | 56 |
| Ander | | | 1 | 20.000 | | | | | 1 | 20.000 | 3 | 60.000 | 5 |
| **Taalgroep** | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 0.909 | | | 1 | 0.909 | | | 3 | 2.727 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 1 | 0.909 | 7 | 6.363 | 5 | 4.545 | 17 | 15.454 | 13 | 11.818 | |
| Engels | 4 | 3.636 | 3 | 2.727 | 4 | 3.636 | 2 | 1.818 | 24 | 21.818 | 19 | 17.272 | |
| Ander | | | 1 | 0.909 | | | | | 1 | 0.909 | 3 | 2.727 | |
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 14.280 | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 4 | 57.140 | | | 7 |
| Verslaggewer | 2 | 6.250 | | | 1 | 3.120 | | | 17 | 53.120 | 12 | 37.500 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) Hoofverslaggewer ) | | | 1 | 20.000 | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | 1 | 20.000 | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | | | | | | | 2 | 33.330 | 4 | 66.660 | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 1 | 9.090 | 2 | 18.180 | 2 | 18.180 | 3 | 27.270 | 3 | 27.270 | 11 |
| Fotograaf | | | 1 | 25.000 | | | | | 3 | 75.000 | | | 4 |
| Asst.-redakteur | | | 1 | 11.110 | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 2 | 22.220 | 3 | 33.330 | 9 |
| Dept.-hoof/ ) Afd.-hoof/Kunsred/) Finansiële Red ) | 1 | 11.110 | | | | | 1 | 11.110 | 3 | 33.330 | 4 | 44.440 | 9 |
| Redakteur | 1 | 25.000 | | | 2 | 50.000 | | | 1 | 25.000 | | | 4 |
| Hoofredaksielid | | | | | 1 | 33.330 | | | 2 | 66.660 | | | 3 |
| Subredakteur | 1 | 7.690 | | | 3 | 23.070 | 1 | 7.690 | 2 | 15.380 | 6 | 46.150 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | | | | | | | 1 | 50.000 | 1 | 50.000 | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 1 | 25.000 | | | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | 4 |

d) Beheer strenger as individu.

Dit is nogal 'n groot persentasie wat die stelling aanvaar (30%): Koerante moet baie versigtig wees, want hulle praat gereeld met 'n openbare gehoor en koerante se invloed is dus baie groter as die gewone man s'n. Daarom is strenger beheer oor koerante as oor gewone mense geregverdig.

Daar is verwag dat Stelling 12.c. en Stelling 12.d. in groter mate teenoorgesteldes sou wees as wat werklik die geval is. Dit verteenwoordig basies twee uitgangspunte: koerante moet net so streng soos individue beheer word, en koerante moet strenger as gewone individue beheer word. Tog is net 58.18% in die geval van stelling 39 bereid om nee, of beslis nee te stem -- teenoor die groot ja-persentasie van 72.73% op stelling 38.

Onder diegene wat meen strenger beheer oor koerante as gewone mense kan nie ondersteun word nie, vorm die "besliste nee"-stem 'n meerderheid van 56.25%. Gevoelens hieroor, hoewel nie uitgedruk as 'n sterk meerderheid nee-stem nie, loop dus tog redelik hoog. Uitgedruk as 'n persentasie van die getal respondente is die besliste nee-stem steeds hoog: 32.73%.

Die Engelse teenkanting teen die stelling is 64.27%, vergeleke met die Afrikaanse nee van 49.99%. Die Engelse steun vir die stelling is 24.99%, met die Afrikaanse steun redelik hoog op 36.36%. Die andertalige minderheidstem is 80% aan die nee-kant geskaar.

Redakteurs is gelykop verdeel oor die stelling: 50% vir en 50% teen, met hoofredaksielede 66.66% aan die ja-kant. Die

verslaggewersgroep stem soos volg: 53.12% sê nee, maar 37.5% sê ja.

Koerante wat om strenger beheer vra, is Die Transvaler: 57.13% meen dat dit geregverdig is. Beeld het wel 'n meerderheid wat teen strenger beheer stem: 50%, maar teken ook 'n groot ja-stem aan: 43.75%.

Daarteenoor stem The Star 62.5% teen strenger beheer, die Rand Daily Mail 81.81%, Sunday Express 85.77%. In die lig van die feit dat swart koerante feller in die brandpunt staan wat die kwessie van beheer betref, is dit nogal opmerklik dat die Sowetan 57.7% teen groter beheer stem en 'n groot persentasie van 42.85% aanteken wat die stelling aanneemlik vind.

KOERANTE MOET BAIE VERSIGTIG WEES, WANT HULLE PRAAT GEREELD MET 'n OPENBARE GEHOOR EN KOERANTE SE INVLOED IS DUS BAIE GROTER AS DIE GEWONE MAN S'N. DAAROM IS STRENGER BEHEER OOR KOERANTE AS OOR GEWONE MENSE GEREGVERDIG.

| | Nie geantwoord % | | Beslis nie % | | Nee % | | Onseker % | | Ja % | | Beslis Ja % | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 20.000 | | | 2 | 40.000 | | | 2 | 40.000 | | | 5 |
| Afrikaans | 1 | 2.270 | 14 | 31.810 | 8 | 18.180 | 5 | 11.360 | 12 | 27.270 | 4 | 9.090 | 44 |
| Engels | 3 | 5.350 | 19 | 33.920 | 17 | 30.350 | 3 | 5.350 | 11 | 19.640 | 3 | 5.350 | 56 |
| Ander | | | 3 | 60.000 | 1 | 20.000 | | | | | 1 | 20.000 | 5 |
| Taalgroep | | | | | | | | | | | | | |
| % van totale ondersoekveld. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 0.909 | | | 2 | 1.818 | | | 2 | 1.818 | | | |
| Afrikaans | 1 | 0.909 | 14 | 12.727 | 8 | 7.272 | 5 | 4.545 | 12 | 10.909 | 4 | 3.636 | |
| Engels | 3 | 2.727 | 19 | 17.272 | 17 | 15.454 | 3 | 2.727 | 11 | 10.000 | 3 | 2.727 | |
| Ander | | | 3 | 2.727 | 1 | 0.909 | | | | | 1 | 0.909 | |

| | Nie geantwoord | % | Beslis nie | % | Nee | % | Onseker | % | Ja | % | Beslis Ja | % | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Betrekking Tans** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 3 | 42.850 | | | 2 | 28.570 | | | 7 |
| Verslaggewer | 2 | 6.250 | 8 | 25.000 | 9 | 28.120 | 1 | 3.120 | 10 | 31.250 | 2 | 6.250 | 32 |
| Politieke Verslaggewer) Hoofverslaggewer ) | | | 2 | 40.000 | | | 3 | 60.000 | | | | | 5 |
| Hoofsubred/Asst.- ) Hoofsub/Asst.-Hoof) | | | 3 | 50.000 | 2 | 33.330 | | | 1 | 16.660 | | | 6 |
| Senior Verslaggewer | | | 4 | 36.360 | 3 | 27.270 | 2 | 18.180 | 2 | 18.180 | | | 11 |
| Fotograaf | | | 2 | 50.000 | 2 | 50.000 | | | - | | | | 4 |
| Asst.-redakteur | | | 3 | 33.330 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 9 |
| Dept.-hoof/ ) Afd.-hoof/Kunsred/) Finansiële Red ) | 1 | 11.110 | 2 | 22.220 | 1 | 11.110 | | | 3 | 33.330 | 2 | 22.220 | 9 |
| Redakteur | | | 2 | 50.000 | | | | | 2 | 50.000 | | | 4 |
| Hoofredaksielid | | | 1 | 33.330 | | | | | 2 | 66.660 | | | 3 |
| Subredakteur | 1 | 7.690 | 5 | 38.460 | 3 | 23.070 | 1 | 7.690 | 2 | 15.380 | 1 | 7.690 | 13 |
| Artikelskrywer | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| Finansiële Verslaggewer | | | 1 | 50.000 | 1 | 50.000 | | | | | | | 2 |
| Sportverslaggewer | | | 2 | 50.000 | 1 | 25.000 | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| **Koerant** | | | | | | | | | | | | | |
| % van vraag beantwoord. | | | | | | | | | | | | | |
| Ongeïdentifiseer | | | 3 | 30.000 | 5 | 50.000 | | | 1 | 10.000 | 1 | 10.000 | 10 |
| Rapport | 1 | 5.550 | 5 | 27.770 | 3 | 16.660 | 3 | 16.660 | 4 | 22.220 | 2 | 11.110 | 18 |
| Beeld | | | 6 | 37.500 | 2 | 12.500 | 1 | 6.250 | 6 | 37.500 | 1 | 6.250 | 16 |
| Die Transvaler | 1 | 14.280 | | | 1 | 14.280 | 1 | 14.280 | 3 | 42.850 | 1 | 14.280 | 7 |
| The Star | 1 | 4.160 | 9 | 37.500 | 6 | 25.000 | 3 | 12.500 | 5 | 20.830 | | | 24 |
| Rand Daily Mail | | | 5 | 45.450 | 4 | 36.360 | | | 2 | 18.180 | | | 11 |
| Sunday Times | 1 | 25.000 | | | 2 | 50.000 | | | | | 1 | 25.000 | 4 |
| Sunday Express | | | 5 | 71.420 | 1 | 14.280 | | | | | 1 | 14.280 | 7 |
| Sowetan | | | 3 | 42.850 | 1 | 14.280 | | | 2 | 28.570 | 1 | 14.280 | 7 |
| Soweto News | | | | | 1 | 100.000 | | | | | | | 1 |
| Citizen | | | | | | | | | 1 | 100.000 | | | 1 |
| The Star (Control Group) | 1 | 25.000 | | | 2 | 50.000 | | | 1 | 25.000 | | | 4 |

## F. DEMOGRAFIESE ONTLEDING.

1. Woongebied

Joernaliste in die responsgroep woon verspreid in 52 voorstede rondom Johannesburg, met die grootste konsentrasie naby die middestad (Mayfair / Middestad / Yeoville / Hillbrow / Braamfontein - 32.73%).

Hierdie groep is ook oorwegend Engels -- in die gebiede Middestad / Yeoville / Bellevue / Hillbrow / Berea / Joubert Park / Bezuidenhoutvallei woon 26.36% van die respondente, en daarvan is 65.52% Engelssprekend.

Die volgende grootste konsentrasie is in Randburg en omgewing (10% van die respondentegroep, met Afrikaanssprekendes oorwegend: 72.73% van dié groepie).

Daar is geen bepaalde sfeer waarbinne joernaliste hoofsaaklik beweeg nie -- meeste voorstede rondom Johannesburg word verteenwoordig.

Volgens dorpe of stede word hierdie verspreiding bevestig: van Pretoria (3.64%) in die noorde en Heidelberg (.909%) in die suidooste. Joernaliste woon in 'n wye radius óm Johannesburg.

In Johannesburg self vorm Engelssprekendes egter die meerderheid: 55.88%.

| TOTAAL | WOONGEBIED | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 6 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Saulsville | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Melville | 1 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Atteridgeville | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 8 | Westdene/Crosby/Albertville/Brixton | 0 | Geen Taal |
| | | 6 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Auckland Park | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Pimville | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 1 | Blairgowrie | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Forest Hill | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 2 | Craighall Park | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Judith's Paarl | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 29 | Middestad/Yeoville/Bellevue/Hillbrow/Berea/Joubert Park/ Bezuidenhoutvallei | 2 | Geen Taal |
| | | 7 | Afrikaans |
| | | 19 | Engels |
| | | 1 | Ander |

| TOTAAL | WOONGEBIED | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Bryanston/Sandown/Parkmore/Morningside | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Braamfontein | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Highlands North | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Rosebank | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Birchacres | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 11 | Ferndale/Cresta/Randparkrif/Presidentrif/Windsor Park | 0 | Geen Taal |
| | | 8 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Parkview | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Weltevreden Park | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Heidelberg | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Elsburg | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 5 | Quellerina/Helderkruin/Florida | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Northcliff | 1 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |

| TOTAAL | WOONGEBIED | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 2 | Orange Grove | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Pardene/Germiston | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Brackenhurst | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Mayfair | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Arcadia | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Kensington | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Malvern | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Haddon | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Queenswood | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |

| TOTAAL | DORP | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 4 | Pretoria | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 1 | Ander |

| TOTAAL | DORP | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 68 | Johannesburg | 4 | Geen Taal |
| | | 23 | Afrikaans |
| | | 38 | Engels |
| | | 3 | Ander |
| 3 | Soweto | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 12 | Randburg | 0 | Geen Taal |
| | | 8 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 5 | Sandton | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Kempton Park | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 6 | Roodepoort | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Heidelberg | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Germiston | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Boksburg | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Alberton | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Edenvale | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |

## 2. Ouderdom

Die verskillende ouderdomsgroepe word goed verteenwoordig in die responsgroep, met 'n effense oorwig aan die groep onder 34 jaar: 52.73% van die responsgroep behoort aan die twee jonger ouderdomskategorieë.

Engelssprekendes vorm die meerderheid binne hierdie jonger groepe: 55.17% deelnemers is jonger as 34 jaar. Nogtans is dit duidelik dat die ouderdomsverspreiding baie eweredig in die verskillende ouderdomskategorieë is. In die ouderdomsgroep 11-13 jaar is 50% Afrikaanssprekend en 44.44% Engelssprekend. In die groep met 14 jaar en meer ervaring is 54.66% Afrikaans en 45.45% Engels.

| TOTAAL | OUDERDOM | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 21 | 18-24 | 2 | Geen Taal |
| | | 7 | Afrikaans |
| | | 11 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 37 | 25-34 | 2 | Geen Taal |
| | | 12 | Afrikaans |
| | | 21 | Engels |
| | | 2 | Ander |
| 36 | 35-49 | 0 | Geen Taal |
| | | 18 | Afrikaans |
| | | 16 | Engels |
| | | 2 | Ander |
| 11 | 50+ | 0 | Geen Taal |
| | | 6 | Afrikaans |
| | | 5 | Engels |
| | | 0 | Ander |

## 3. Geslag

62.73% van die responsgroep is manlik, met 6.36% wat nie in hierdie kategorie hulself wou identifiseer nie. Hoewel die oorwig aan manlike deelnemers dus groot is, is daar nogtans 'n stewige verteenwoordiging deur vroulike geslag. Vroue-respondente is oorwegend Engels: 50%, Afrikaans: 38.24% en die mans baie eweredig tussen taalgroepe verdeel: Afrikaans 43.48%, Engels 50.72%.

| TOTAAL | GESLAG | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 7 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 69 | Manlik | 1 | Geen Taal |
| | | 30 | Afrikaans |
| | | 35 | Engels |
| | | 3 | Ander |
| 34 | Vroulik | 3 | Geen Taal |
| | | 13 | Afrikaans |
| | | 17 | Engels |
| | | 1 | Ander |

## 4. Jare Ondervinding

Die grootste groep joernaliste het 14 en langer jare ondervinding (28.18%), gevolg deur die jonger groep (1-4 jaar: 24.55%). 15.45% het 5-7 jaar ondervinding, en 12.73% het 8-10 jaar ondervinding. Swak verteenwoordig is die groep met 11-13 jaar ondervinding: 7.27%.

Tog is die groep net mooi om die helfte verdeel tussen senior joernaliste (vir die doeleindes van bespreking diegene met minstens 8-10 jaar ondervinding en meer) en juniors (-1, 1-4 en 5-7 jaar).

| | |
|---|---|
| Seniors | 48.18% |
| Juniors | 47.27% |
| Ongeïdentifiseer | 4.55% |

Op senior vlak is die verdeling tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes feitlik om die helfte (49.06% Afrikaans, 45.28% Engels), maar Engelssprekendes is in die meerderheid in die junior groep (55.77%).

| TOTAAL | JARE ONDERVINDING IN DIE JOERNALISTIEK | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 8 | -1 | 1 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 5 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 27 | 1-4 | 2 | Geen Taal |
| | | 8 | Afrikaans |
| | | 16 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 17 | 5-7 | 1 | Geen Taal |
| | | 7 | Afrikaans |
| | | 8 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 14 | 8-10 | 0 | Geen Taal |
| | | 5 | Afrikaans |
| | | 8 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 8 | 11-13 | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 31 | 14+ | 0 | Geen Taal |
| | | 18 | Afrikaans |
| | | 12 | Engels |
| | | 1 | Ander |

5. Jare ondervinding in ander beroepe

33.64% het nooit enigiets anders as 'n joernalistieke beroep gevolg nie, met 'n beduidende groepie van 16.36% wat vir minder as 'n jaar lank iets anders gedoen het.

Weer eens is die verdeling volgens taal baie gelykop.

As 'n mens kyk na die ander beroepe wat gevolg is, is dit taamlik uiteenlopend (van 'n bestuurder van 'n kunsgalery tot 'n matroos), maar met die uitsondering van die beroep skakelbeampte (12.73%) tree geen beduidende soort werk na vore as een waaruit die joernalistiek sy talent trek nie. Dit kan dus nie bevestig word of daar 'n bepaalde belangstellingsveld is waaruit joernaliste te voorskyn kom nie.

| TOTAAL | JARE ONDERVINDING IN ANDER BEROEPE | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 35 | Nie geïdentifiseer | 2 | Geen Taal |
| | | 10 | Afrikaans |
| | | 21 | Engels |
| | | 2 | Ander |
| 18 | -1 | 1 | Geen Taal |
| | | 10 | Afrikaans |
| | | 6 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 37 | 1-4 | 1 | Geen Taal |
| | | 17 | Afrikaans |
| | | 18 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 8 | 5-7 | 1 | Geen Taal |
| | | 4 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 7 | 8-10 | 0 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 2 | 11-13 | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | 14+ | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |

| TOTAAL | ANDER BEROEPE | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 6 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Bibliotekaris | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 42 | Geen | 1 | Geen Taal |
| | | 15 | Afrikaans |
| | | 23 | Engels |
| | | 3 | Ander |
| 14 | Skakelbeampte | 0 | Geen Taal |
| | | 8 | Afrikaans |
| | | 6 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Gemeenskapswerker | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 5 | Klerk | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 3 | Akademikus | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Aandelebeursklerk | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Wetenskaplike | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 2 | Ekonoom | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Seeman | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Handelspublikasie | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |

| TOTAAL | ANDER BEROEPE | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 1 | Bestuurder kunsgalery | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 7 | Onderwys | 1 | Geen Taal |
| | | 4 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 4 | Rekenmeester | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 4 | Reklame | 0 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Balletonderwys | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Argitek | 1 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Vertaler | 0 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 5 | Staatsamptenaar | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Prokureur | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Tegnikus | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | SAUK | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |

## 6. Nasionaliteit

80% van die responsgroep gee hul nasionaliteit as Suid-Afrikaans aan, met 14.55% wat buitelandse paspoorte dra. 5.45% het verkies om nie op hierdie vraag te reageer nie.

| TOTAAL | NASIONALITEIT | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 6 | Nie geïdentifiseer | 1 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 88 | Suid-Afrikaans | 4 | Geen Taal |
| | | 39 | Afrikaans |
| | | 40 | Engels |
| | | 5 | Ander |
| 16 | Ander | 0 | Geen Taal |
| | | 4 | Afrikaans |
| | | 12 | Engels |
| | | 0 | Ander |

7. Ras

90% van die responsgroep is Blank, met 4.55% Swart, .909% Kleurlinge (m.a.w. 1 respondent) en 4.55% wat nie geïdentifiseer word nie.

| TOTAAL | RAS | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 99 | Blank | 0 | Geen Taal |
| | | 44 | Afrikaans |
| | | 54 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 1 | Kleurling | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 5 | Swart | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 4 | Ander |

## 8. Taalgroepe

40% van die responsgroep is Afrikaanssprekend, en 50.91% is Engelssprekend. 4.55% dui hul taalverband onder Ander aan, en 4.55% het nie geantwoord nie.

| TOTAAL | TAALGROEP | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 44 | Afrikaans | 0 | Geen Taal |
| | | 44 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 56 | Engels | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 56 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 5 | Ander | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 5 | Ander |

## 9. Huwelik

59.09% van die responsgroep is getroud, of was voorheen getroud. Ongetroudes vorm 36.36% van die groep, en 4.55% het geen huweliksverband aangedui nie.

| TOTAAL | HUWELIK | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 5 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 53 | Getroud | 0 | Geen Taal |
| | | 26 | Afrikaans |
| | | 24 | Engels |
| | | 3 | Ander |
| 40 | Ongetroud | 0 | Geen Taal |
| | | 13 | Afrikaans |
| | | 25 | Engels |
| | | 2 | Ander |
| 12 | Voorheen getroud | 0 | Geen Taal |
| | | 5 | Afrikaans |
| | | 7 | Engels |
| | | 0 | Ander |

10. Betrekking tans

Die grootste groep dui hul huidige pos as verslaggewer aan (29.09%). Senior poste (redakteurs, assistent-redakteurs en afdelingshoofde) word 22.73% verteenwoordig, met 'n Afrikaanssprekende meerderheid van 56% op senior vlak.

| TOTAAL | BETREKKING TANS | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 7 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 32 | Verslaggewer | 0 | Geen Taal |
| | | 10 | Afrikaans |
| | | 21 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 5 | Politieke verslaggewer/Hoofverslaggewer | 0 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 6 | Asst.-hoofsub/Hoofsub/Asst.-hoof | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 5 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 11 | Senior verslaggewer | 0 | Geen Taal |
| | | 6 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 4 | Fotograaf | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 9 | Asst.-redakteur | 0 | Geen Taal |
| | | 5 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 9 | Afd.-hoof/Redaksie-hoof/Kunsred./Fin. Red | 0 | Geen Taal |
| | | 4 | Afrikaans |
| | | 4 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 4 | Redakteur | 0 | Geen Taal |
| | | 2 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 0 | Ander |

| TOTAAL | BETREKKING TANS | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 3 | Hoofredaksielid | 0 | Geen Taal |
| | | 3 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 13 | Subredakteur | 0 | Geen Taal |
| | | 7 | Afrikaans |
| | | 6 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 1 | Artikelskrywer | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 2 | Finansiële verslaggewer | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 4 | Sportverslaggewer | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 2 | Engels |
| | | 1 | Ander |

11. <u>Inkomste</u>

Inkomstevlakke word mooi eweredig verteenwoordig. Die hoër inkomstegroep van R1 800 per maand en meer is 33.64%; die groep daarna 30%; 27.27%. Een respondent in die groep verdien minder as R400 per maand aan huishoudelike inkomste.

Dit is duidelik dat die Afrikaanssprekende joernaliste in die groep beter besoldig word, maar dit kan miskien gedeeltelik verklaar word uit die feit dat hulle 'n effense meerderheid op senior vlak uitmaak. Nogtans is die inkomsteverskil taamlik groot: 13.51% meer Afrikaanse respondente as hul Engelssprekende kollegas verdien R1 800 per maand en hoër.

In die inkomstegroep R400 - R1 099, is Engelssprekendes weer 26.67% meer as hul Afrikaanse kollegas.

Uit hierdie vergelyking is dit duidelik dat Afrikaanssprekende joernaliste oor die algemeen hoër salarisse as hul eweknieë in die ander taalgroep verdien.

| TOTAAL | INKOMSTE (Huisgesin se maandelikse inkomste) | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 9 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 3 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 37 | R1 800+ | 0 | Geen Taal |
| | | 21 | Afrikaans |
| | | 16 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 33 | R1 100 - R1 799 | 0 | Geen Taal |
| | | 14 | Afrikaans |
| | | 19 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 30 | R400 - R1 099 | 0 | Geen Taal |
| | | 9 | Afrikaans |
| | | 17 | Engels |
| | | 4 | Ander |
| 1 | -R400 | 0 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 1 | Engels |
| | | 0 | Ander |

12. Opvoedkundige vlak

'n Verdere verklaring vir die feit dat Afrikaanssprekendes beter besoldig word, kan gesoek word by die feit dat Afrikaanssprekendes hoër akademiese kwalifikasies as hul Engelse kollegas by koerante het.

61.7% van die groep wat hul universiteitsopleiding voltooi het, is Afrikaans. Die hele responsgroep het 42.73% voltooide universiteitsopleiding.

Heelwat Engelssprekendes het nie hul universiteitsopleiding voltooi nie: 66.67% van daardie groep. 'n Goeie klompie (64.71% van die kategorie) het weer ander hoër opleidingskwalifikasies, teenoor 29.41% Afrikaanssprekendes wat hierdie kategorie ingevul het.

| TOTAAL | OPVOEDKUNDIGE VLAK | GETAL | TAAL |
|---|---|---|---|
| 6 | Nie geïdentifiseer | 5 | Geen Taal |
| | | 0 | Afrikaans |
| | | 0 | Engels |
| | | 1 | Ander |
| 13 | Hoërskool voltooi | 0 | Geen Taal |
| | | 1 | Afrikaans |
| | | 12 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 27 | Gedeeltelike Hoërskool | 0 | Geen Taal |
| | | 9 | Afrikaans |
| | | 18 | Engels |
| | | 0 | Ander |
| 47 | Universiteitsopleiding voltooi (alle grade) | 0 | Geen Taal |
| | | 29 | Afrikaans |
| | | 15 | Engels |
| | | 3 | Ander |
| 17 | Ander hoër opleidingskwalifikasies | 0 | Geen Taal |
| | | 5 | Afrikaans |
| | | 11 | Engels |
| | | 1 | Ander |

## 13. Opsommend

Die responsgroep is nie bewustelik ewekansig gestruktureer nie (die vraelyste is aan alle Johannesburgse joernaliste wat bereik kon word - 369 - uitgedeel en die voltooides vir die responsgroep gebruik) maar volgens die voorafgaande ontleding is dit duidelik dat die groep besonder verteenwoordigend is wat meeste demografiese aspekte betref. Dit kan bydra om hierdie redelik klein basis waarvolgens gevolgtrekkings gemaak en voorspellings gedoen word, meer betroubaar te maak. Alle pogings is aangewend om kodifiseringsfoute en/of rekenaarfoute tot 'n absolute minimum te beperk (selfs minder as die aanvaarde 3-5% standaardfout-persentasie) sodat dié klein responsgroep so verteenwoordigend as moontlik gemaak kon word.

## G. <u>OPSOMMING</u>.

'n Kern-hipotese van hierdie houdingsopname oor die verantwoordelikheidsbeskouing van Johannesburgse joernaliste is dat daar nie bewus en/of genoeg gedink word oor die verantwoordelikhede wat met 'n joernalis se taak gepaard gaan nie.

Dit is verblydend dat daar tog 'n kerngroep by elke taalgroep te bespeur is wat wél standhoudend en soms weldeurdag op stellinge en vrae kon reageer. Tog is die hipotese in 'n sekere mate bevestig -- o.m. deur die swak konvergensie tussen joernaliste se eie definisie van verantwoordelike optrede en stellinge wat daarop gemik is om houdings t.o.v. hierdie verskillende definisies te toets. Te veel joernaliste in die responsgroep gee antwoorde en reaksies wat gangbaar is, eerder as wat uit innerlike oortuiging spruit.

Konsonansie onder joernaliste heers tot 'n groot mate. Inderwaarheid spreek 'n groot deel van die reaksies in hierdie ondersoek van dit wat Noelle-Neumann noem "onwerklike konsonansie" (69). Die resultate bevestig dat Suid-Afrikaanse joernaliste, net soos hul kollegas oorsee, meewerk om 'n pseudo-omgewing (70) te skep wat meer met die verwagtinge van joernaliste en lesers ooreenstem as die werklikheid self -- so ontstaan die "stereotipe".

Noelle-Neumann noem etlike faktore wat tot konsonansie onder joernaliste lei. Vir hierdie ondersoek noem sy twee bepaalde gebiede van belang:

1. Die neiging onder joernaliste om goedkeuring deur kollegas en hoofde belangriker as objektiewe maatstawe te ag.

2. Groter eenstemmigheid onder joernaliste weens demografiese faktore soos ouderdom. Sy haal 'n studie aan wat aantoon dat Britse koerante jonger mense trek as ander beroepe van gelyke status, met 30% van die lede van die National Association of Journalists tussen die ouderdomme 16 en 23 jaar oud. 'n Duitse studie toon dat slegs 15% ouer as 50 jaar is teenoor 25% vir die bevolking as geheel (71).

Hierdie ondersoek in Suid-Afrika is te klein om ramings van toepassing op die Suid-Afrikaanse joernalistiek te maak, maar hierdie responsgroep het beslis 'n ouer profiel as die voorbeelde wat Noelle-Neumann noem. Slegs 19.09% van die responsgroep is in die ouderdomsgroep onder 24 jaar ondanks 'n getalsoorwig by mense onder 34 jaar, maar aan die ander kant is diegene ouer as 50 jaar ook minder as in die Duitse ondersoek (10% van dié responsgroep is 50+).

Soos uit die demografiese ontleding blyk, is die ouderdomsverspreiding dus baie eweredig.

Hoewel konsonansie onder joernaliste bevestig is, kan geen stawing gevind word dat hulle <u>bewus</u> is van die invloed hiervan nie. Noelle-Neumann se uitgangspunt in "Return to the Concept of Powerful Mass Media"; nl. dat eenvormige nuuswaardes onder joernaliste die omgewing skep waarbinne nuus aangebied word en dat konsonansie onder joernaliste 'n magtige invloed op openbare mening meebring (72), is beslis nie aan joernaliste in die responsgroep bekend nie; nie eers wat 'n blote bewussyn van hul invloed op hul lesers betref nie. Op 'n stelling waarin gesê word "My lesers het respek vir die wyse waarop nuus by my koerant

gehanteer word", het ŉ hoë 25.45% "onseker" geantwoord, en 10.91% het gesê hulle stem nie met die stelling saam nie.

In ŉ artikel in Journal of Communication, sê prof. Noelle-Neumann: "Die openbare media is deel van die stelsel waarvolgens die individu inligting omtrent sy omgewing bekom. Vir alle vraagstukke buite sy onmiddellike persoonlike sfeer is hy feitlik geheel en al van die openbare media vir die feite en sy waardebepaling van die denkklimaat afhanklik" (73).

Noelle-Neumann sê verder dat onderskeid gemaak moet word tussen akkuraatheid in beriggewing, of pligsgetroue, presiese werk -- en nuuswaardes, of suksesvolle joernalistiek. Volgens haar bestaan daar konflik tussen hierdie twee opvattinge by joernaliste, met akkuraatheid tog minder belangrik (74).

In die responsgroep het slegs 23.6% akkuraatheid as ŉ voorvereiste vir verantwoordelike joernalistiek genoem in antwoord op ŉ oop vraag in dié verband.

Indien haar stelling korrek is, is dit egter duidelik dat joernaliste hier te lande besonder onseker is oor die invloed van hul werk op hul lesers. Daaruit volg die afleiding dat daar beslis geen bewuste propagandistiese benadering in die responsgroep heers t.o.v. die beïnvloeding van lesers nie. Dit wil egter ook sê dat Johannesburgse joernaliste nie besonder sterk in voeling met hul leserskring blyk nie. Vir die interaksie wat volgens Schramm nodig is om verantwoordelike joernalistiek te beoefen (koerant, regering èn leserspubliek) spreek dit bedroewend.

Verwysings na 'n sogenaamde denkklimaat, "climate of opinion" duik telkens in Noelle-Neumann se artikels op (75) (76). Volgens haar is die term vir die eerste keer deur Glanville in die middel van die sewentiende eeu in Brittanje gebruik.

Hieraan is die stellings oor 'n denkklimaat onder joernaliste en by koerante in besonder ook ontleen en by die vraelys ingesluit. Neumann se hipotese dat die mens as sosiale wese nie graag van sy omgewing geïsoleerd staan nie, word duidelik ook vir joernaliste gestaaf. Hoewel hulle tot groot hoogte (91.82%) saamstem dat só 'n denkklimaat aanwesig is by hul werkomgewing, daal die persentasie wat erken dat dit hulle beïnvloed, drasties tot 65.45%. 'n Sterk groep van 37.72% meen trouens dat die goeie joernalis hom teen hierdie "gees" of denkklimaat moet verset en sy eie kop volg.

Ball-Rokeach en DeFleur (77) bevestig Noelle-Neumann se bevindinge oor die publiek se afhanklikheid van massamedia vir feite en inligting oor die heersende denkklimaat. Hulle noem egter 'n verdere belangwekkende aspek: die feit dat hierdie afhanklikheid van die kant van die publiek toeneem namate gemeenskapskonflik styg, of in tye van dramatiese gemeenskaplike veranderinge.

In dié verband is stellings opgestel om joernaliste se houdings te meet:

1. Koerante is die publiek se belangrikste bron van inligting.
2. Koerante bly die publiek se vernaamste bron van oorwoë en indringende inligting in tye van krisis en spanning.
3. Koerante se vernaamste taak is om vermaaklik te wees.
4. Abnormale en skokkende gebeure behoort met groot

omsigtigheid deur die media aan die publiek oorgedra te word, en altyd deur die belangwekkende owerheid aan te haal.

Ja-persentasie op stelling 1: 76.36%
stelling 2: 89.09%
stelling 3: 5.45%
stelling 4: 58.18%

Groter ooreenstemming sou verkry kon word tussen stelling 2 en 4, maar baie joernaliste het teen die stelling gestem omdat hulle nie te vinde was vir die stertgedagte dat "die belangwekkende owerheid" altyd aangehaal moes word nie.

Die toestand in Suid-Afrika m.b.t. persvryheid kan as oorsaak vir dié oorsensitiwiteit gesien word. In Beeld word dit in 'n toespraak deur adv. D.P. De Villiers, besturende direkteur van die Nasionale Pers, só saamgevat:

"Oor persvryheid skryf adv. De Villiers hoewel beriggewing oor die Weermag, Polisie en Gevangenisdiens vryer geword het, is dit nog nie geheel vry nie en is die toestand nog nie bevredigend nie. Die owerheid het steeds die reg om te besluit wat gepubliseer mag word en wat nie; daar is geen onafhanklike arbiter om na te gaan of bepaalde besluite werklik daarop gemik is om nasionale en openbare veiligheid te beskerm nie en koerante kan steeds krimineel vervolg word as hulle 'n burokratiese reëling nie navolg nie. Só kan 'n gesonde klimaat vir die waghondfunksie van die pers nie bestaan nie." (78).

Oor hierdie waghondfunksie voel joernaliste in die responsgroep

baie sterk: 81.82% stem saam dat die pers wél so ŉ funksie het teenoor die Staat, Polisie, ens.

Hoewel joernaliste nie veel ooghare het vir die gedagte dat die pers se vernaamste rol is om vermaaklik te wees nie (86.36% stem nie saam met só ŉ stelling nie) wil dit voorkom asof hul lesers hierdie bepaalde funksie van die koerant nogal belangrik ag. In Katz, Haas en Gurevitch se artikel: "On the Use of the Mass Media for Important Things", word die bevinding gemaak dat die media se rol as agent vir vermaaklikheid en afleiding ewe belangrik is as sy inligtende en beïnvloedende taak (79). In 19 uit 35 kategorieë word koerante as die belangrikste medium aangeslaan in dié studie, word bevind. Koerante is die nuttigste om inligting oor die gemeenskap en onderkraging van gemeenskapsvertroue uit te bou. Aan die ander kant bevredig dit persoonlike behoeftes soos om alleenheid te help oorkom, of standvastigheid en vertroue in die Staat te bevestig, word gesê.

Ook Katz en Foulkes bevestig hierdie bevindings oor die vermaaklikheidsfunksie van die pers in ŉ artikel: "On the Use of the Mass Media as "Escape"; Clarification of a Concept" (80). Hulle meen verder dat dit nie korrek is om hierdie vermaaklikheidsfunksie ("escapist") altyd as wanfunksioneel t.o.v. die individu te sien nie (81). Dit kan ŉ positiewe en opheffende funksie dien.

Nog ŉ hipotese vir hierdie ondersoek was, ten einde konsonansie onder joernaliste te bewys, dit logieserwys volg dat Afrikaanssprekende en Engelssprekende joernaliste tot groter hoogte met mekaar moet saamstem as wat hulle verskil.

ŉ Groot gedeelte van hierdie ondersoek is dan ook daaraan gewy om verskille, of sogenaamde verskille t.o.v. verantwoordelikheid by Afrikaanssprekende en Engelssprekende joernaliste te probeer vasstel.

Veral in die lig van ŉ artikel deur C. Anthony Giffard in Journalism Quarterly, getiteld "South African Attitudes Toward News Media", is die ondersoek gerig om houdingsverskille t.o.v. verantwoordelikheid na te vors. Daar is gepoog om dit op rassepolitieke/politieke grondslag te ontleed en ook bloot op taalgrondslag.

Waar Giffard praat van "mutual antagonism and recrimination" as "commonplace" tussen Afrikaanse en Engelse koerante (82), word in die huidige ondersoek in skerp teenstelling ŉ stewige 64.27% ja-stem aangeteken deur Engelse joernaliste op die stelling: Sommige Afrikaanse dagblaaie is verantwoordelik in hul hantering van nuus.

Daarby stem 74.99% van Afrikaanse joernaliste saam met die stelling: Sommige Engelstalige dagblaaie is verantwoordelik in hul hantering van nuus.

As ŉ groep deel joernaliste dus duidelik nie Giffard se oordeel oor die ware toedrag van sake nie. ŉ Meerderheid meen eenvoudig dat taalgroepe verskil (31.8%), of dat die uitgangspunte van ŉ koerant die oorsaak is dat hy ŉ ander siening oor verantwoordelikheid het (13.6%).

Joernaliste wat Giffard se oordeel deel, vorm slegs 11.8% van die

ondersoekgroep (Afrikaanse pers het 'n obsessie oor die belange van die Staat).

Vir sy bewering dat die Afrikaanse pers en die SAUK die Engelse koerante aankla as sou hulle wees "tools of the powerful mining and financial houses that comprise their major shareholders", kom daar 'n verrassende teenvoeter van Engelssprekende kant: 62.5% van die groep wat meen sakebelange bepaal die denkklimaat van 'n koerant is Engels. Engelssprekende joernaliste meen dus in 'n beduidend hoër persentasie as Afrikaanse joernaliste dat "powerful mining and financial houses" 'n beheer oor hulle uitoefen. Afrikaanse joernaliste maak 31.2% uit van die groep wat hierdie mening toegedaan is. 'n Beduidende persentasie dus, maar nogtans 'n minderheidsmening.

Volgens Giffard se ander bevindinge slaan Engelse lesers die "waghondfunksie" van hul koerante baie hoër aan as by Afrikaanse koerante:

Media providing "Most reliable and Unbiased News on Politics" in Percentages.

| Most Reliable Medium | English only | English & Afrikaans |
|---|---|---|
| Radio | 41% | 63% |
| English newspapers | 31% | 14% |
| Afrikaans newspapers | 5% | 9% |

Dit word bevestig en onderskraag deur die hoë premie wat Engelse joernaliste in die respondentegroep op hierdie funksie plaas. 'n Volle 85.7% stem ja op die stelling dat die pers die publiek se waghond oor ander instellinge soos die Staat, Polisie, ens. is.

Dit is ŉ ernstige aanklag teen die joernalistiek deur eie kollegas dat slegs 24.55% bereid is om hul stem te laat aanteken by ŉ stelling wat sê "my kollegas is almal verantwoordelike joernaliste".

ŉ Meerderheidsgroep van 52.73% meen dat hulle nie kan sê kollegas doen hul werk verantwoordelik nie; Engelssprekendes is krititieser (67.84%) as Afrikaanssprekendes (34.08%).

Gelees saam met die feit dat joernaliste nie tevrede is met die sorg wat deur senior joernaliste by hul koerante aan die dag gelê word nie (86.36% stem saam met ŉ stelling wat vir groter sorg vra), is die afleiding onafwendbaar dat ŉ meerderheid joernaliste nie heeltemal tevrede is met die verantwoordelikheidsorg van hul koerante nie.

Hul eie respons op stellinge rondom verantwoordelikheid in hierdie vraelys dui egter daarop dat hulle geen duidelikheid het oor hul eie verpligtinge t.o.v. verantwoordelike optrede nie, en ook dat hulle nog nie besef waar ŉ fundamentele eis van hierdie verpligting begin nie: by ieder en elk self.

> "You cannot hold on to a free press if it behaves irresponsibly. The idea that our mission is so high that no one should question our performance is illogical. The higher the mission, the more responsibly we should carry it out."
>
> -- Barry Bingham, voormalige

voorsitter van die Internasionale Persinstituut, aangehaal in die tydskrif Time, 12 Desember 1983.

Soos in deel B, 'n Verantwoordelikheidsmodel, aangetoon is, impliseer verantwoordelikheid altyd 'n gesaghebber (God of mens). Volgens die mens (ook die joernalis) se keusemoontlikheid kan hy egter kies om die gesaghebber te gehoorsaam of nie, en ook sy gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid is deonties bepaald sodat daar sprake kan wees van regmatige verset. Sowat 37.72% van die respondente meen dat hulle wel in regmatige verset teen hul menslike gesaghebbers (redakteurs en senior redaksie) mag kom. Meeste joernaliste (91.82%) erken die bestaan van 'n denkklimaat by hul koerante, 'n meerderheid (65.45%) erken dat dit hulle beïnvloed, en 37.72% is van mening dat die goeie joernalis hom teen hierdie denkklimaat (volgens 'n meerderheidsmening (37.2%) is die denkklimaat afkomstig van die redakteur en senior personeel) moet verset en sy eie kop volg.

Alle joernaliste voel eweneens sterk daaroor dat die Regering van die dag nie met die pers moet inmeng nie (81.82%) en ook sterk, maar tot 'n mindere mate, dat 'n register vir joernaliste nie ondersteun kan word nie (65.46%).

Daar is ook aangetoon dat objektiwiteit as enigste maatstaf vir verantwoordelike joernalistiek die hele kwessie van verantwoordelikheid verskraal. Die besonder waardevolle onderskraging van objektiwiteit as een eienskap van verantwoordelikheid word nie ontken nie, want dit is 'n belangrike beantwoording aan die behorenseise deur die joernalis; en dit

spreek van noodsaaklike oopheid in benadering. Maar die subjektivisme wat byvoorbeeld steeds uit 'n sg. objektiewe verslag kan spreek, tas die geloofwaardigheid van die ganse pers aan.

Tog glo 'n ongenuanseerde meerderheid van 47.2% van alle respondente dat die belangrikste maatstaf vir verantwoordelike joernalistiek bloot "objektiwiteit" is. M.i. dui dit op verskraalde denke aan die kant van joernaliste m.b.t. wat verantwoordelike joernalistiek alles behels.

